

PSALMS

Inleiding

Die naam van die boek is in Hebreeus *Tehillim* wat met die woord “lofprysings” vertaal kan word. Die woord *psalm* kom van die Griekse woord *psalmos* wat op sy beurt 'n vertaling is van die Hebreeuse woord *mizmor*. Die woord *mizmor* dui 'n lied aan wat met begeleiding gesing word. Die naam *Psalms* word van die vroegste tye af in die Christelike kerk gebruik vir die versameling van 150 liedere in die Ou Testament.

Die verskillende liedere wat onder die naam *Psalms* oorgelewer is, het oor 'n baie lang tydperk ontstaan. Daar is baie ou psalms wat dateer uit die tyd van die Israelitiese koningskap, dit wil sê voor 722 vC (bv Ps 45). 'n Aantal psalms kom uit die tyd van die Babiloniese ballingskap (bv Ps 69; 137), terwyl ander weer in die tyd ná die ballingskap ontstaan het. Teen die einde van die derde eeu vC was die versameling liedere wat ons as die *Psalms* ken, reeds as 'n eenheid in die heilige Joodse geskrifte opgeneem en ná 100 vC is daar geen veranderinge aan hierdie bundel liedere gemaak nie.

Daar bestaan onsekerheid oor waar hierdie liedere ontstaan het. Enkele psalms kom waarskynlik uit Israel (bv 29; 77; 80; 81). Dit is egter duidelik dat die meerderheid van die psalms hulle oorsprong in en om die tempel in Jerusalem gehad het (vgl Ps 48). Ander getuig weer daarvan dat die outeur waarskynlik ver van die tempel (vgl Ps 42:7) en selfs in 'n vreemde land was (vgl Ps 120:5; 137:4).

Die persone wat die verskillende psalms in eenhede en later as 'n boek saamgebundel het, het ook die meeste psalms van opskrifte voorsien. Drie en sewentig van die psalms dra die opskrif “Van Dawid”. Dit beteken egter nie dat Dawid hierdie psalms gedig het nie, maar dat dit aan hom opgedra word, of dat dit dalk deel was van 'n ouer versameling onder die naam “Dawid”. Uit Psalm 72 is dit duidelik dat die opskrif nie noodwendig outeurskap aandui nie, want terwyl die opskrif lui “Van Salomo”, staan daar in die onderskrif “Die gebede van Dawid, die seun van Isai, eindig hier”. In sommige van die opskrifte wat die naam “Van Dawid” dra, word die psalm verbind met gebeurtenisse uit die lewe van Dawid soos dit opgeteken is in die Samuelboeke. Daar is egter ook verskille tussen die gegewens in die psalmopskrifte en die vertellings in die Samuelboeke (vgl Ps 34:1 en 1 Sam 21:10-15).

Dit is onbekend wie die oorspronklike skrywers van die verskillende psalms was; in baie gevalle was daar waarskynlik meer as een outeur. Die tempelpersoneel in Jerusalem het beslis die grootste bydrae gelewer tot die ontstaan van die psalmboek soos ons dit vandag ken.

Die eerste lesers of liever hoorders was waarskynlik die binnekring van mense waar elke psalm ontstaan het. Uit gedeeltes soos 1 Kronieke 16:7-36 kan die afleiding gemaak word dat Levitiese tempelangers van die psalms bekend gestel het aan die gelowiges wat die tempel besoek het. Dit is ook uit die inhoud van psalms duidelik dat die meerderheid van die liedere die eerste keer gesing en gehoor is in die tempel in Jerusalem.

Die boek *Psalms* is 'n versameling liedere uit die ervaringswêreld van Ou-Testamentiese gelowiges. Dit is poëtiese tekste waarin parallelisme of gedagteryim die basiese kenmerk is: Twee opeenvolgende sinne of sinsnedes vul mekaar telkens aan deurdat die tweede sin die gedagtes van die eerste herhaal of uitbrei, of 'n teenstelling daarmee vorm.

Verder word in hierdie liedere ruim gebruik gemaak van metafore en ander stylfigure. Deur beeldende taal word daar baie meer gesê as wat moontlik sou wees met blote omskrywings. Dit gee aan die psalms besondere teologiese diepte.

Die psalms kan in verskillende literêre tipes ingedeel word. Daar kan lofliedere (bv Ps 8; 33), klaagliedere van die enkeling (bv Ps 3; 13) en klaagliedere van die volk (bv Ps 40; 79), vertrouensliedere (bv Ps 23), dankliedere van die enkeling (bv Ps 40) en dankliedere van die volk (bv Ps 68), asook wysheidpsalms (bv Ps 32; 119) en leerdigte (bv Ps 78) onderskei word. Op grond van die inhoud identifiseer geleerdes ook nog koningspsalms, vloekpsalms, troonbestygingspsalms, historiese psalms en natuurpsalms. Sewe van die psalms (25; 34; 37; 111; 112; 119; 145) is akrostiese gedigte waarin elke vers of klein eenheid begin met 'n opeenvolgende letter van die Hebreeuse alfabet.

Volgens die opskrifte is groepe psalms saamgevoeg. So vorm die “Psalms van Dawid” kleiner eenhede (vgl die twee groepe 3 — 32 en 34 — 41). Psalms 113 tot 118 vorm ook 'n groep wat tydens die groot jaarlikse feeste gesing is. Vyftien psalms (120 — 134) dra die titel “Pelgrimslied”, terwyl die laaste groep (146 — 150) telkens begin en eindig met die oproep “Halleluja” wat ‘Loof die HERE’ beteken.

Alle menslike ervarings en emosies, soos vreugde, angs, dankbaarheid en selfs woede kom tot uitdrukking in die psalms. Die grond waarop elke psalm berus, is die digter se verbondenheid aan die lewende God. In tye van nood soos siekte, hongersnood en oorlog het gelowiges hulle voor God verootmoedig en Hom om genade gesmeek op grond van sy beloftes en optrede in die verlede. Die almag van God en sy vermoë om uit enige nood te red, is dan telkens op die voorgrond. Temas wat ook dikwels aan die orde kom, is skuldbelydenis en die pleit om vergifnis. Lof aan God is egter die oorkoepelende tema van die boek. Die vergifnis wat Hy skenk en sy verlossing uit nood lei altyd tot lof en die prys van sy Naam. Die boek eindig dan ook met 'n loflied waarin alles wat lewe opgeroep word om die HERE te loof. Die psalms dra tereg die Hebraëuse naam *Tehillim*, 'lofprysings', soos in die aanvangsin vermeld.

Na aanleiding van die vyf “Boeke van Moses” (*Genesis* tot *Deuteronomium*) is die versameling psalms deur die samestellers in vyf eenhede of “boeke” verdeel. Psalm 1 en 2 dien as inleiding by die versameling. Die eerste vier eenhede eindig met 'n lofprysing en die woord *Amen*. Die laaste eenheid se lofprysing omvat Psalm 146 tot 150. Die boek kan soos volg ingedeel word:

1 — 2 Inleiding

3 — 41 Boek 1

42 — 72 Boek 2

73 — 89 Boek 3

90 — 106 Boek 4

107 — 145 Boek 5 met lofprysing 146 — 150

INLEIDING

(Ps 1 — 2)

- ¹ Gelukkig is die mens
 wat nie die raad van goddelose mense volg,
 nie op die pad van sondaars staan
 en nie in die byeenkoms van spotters sit nie,
- ² maar wat vreugde in die wet van die HERE vind
 en sy wet dag en nag prewelend opsê.^a
- ³ So iemand sal wees soos 'n boom
 geplant langs watervore,
 wat sy vrugte op sy tyd gee
 en waarvan die blare nie verdor nie.
 Alles wat hy aanpak, gedy.
- ⁴ So is die goddelose mense nie; inteendeel,
 hulle is soos kaf wat die wind wegwaai.
- ⁵ Daarom sal goddelose mense nie staande bly
 waar reg gespreek word,
 of sondaars waar •regverdiges byeenkom nie.
- ⁶ Ja, die HERE sorg vir die pad van regverdiges,
 maar die pad van goddelose mense loop dood.

^a1:2 *prewelend opsê*: Die Hebreeuse woord verwys na die Joodse gebruik om die Tien Gebooe en ander wette van die Ou Testament gedurig saggies vir jouself op te sê.

2

- ^{1 b}*Waarom is die volke rusteloos
en maak die nasies nuttelose planne?
- ^{2 c}Die konings van die aarde neem stelling in
en die regeerders span saam
teen die HERE en sy gesalfde:
- ³“Kom ons breek hulle boeie stukkend,
kom ons gooi hulle bande van ons af.”
- ⁴Hy wat in die hemel sit, lag;
my Heer dryf die spot met hulle.
- ⁵Dan spreek Hy hulle in sy toorn aan,
met sy woede verskrik Hy hulle:
- ⁶“Ek het self my koning gesalf
op Sion, my •heilige berg.”
- ⁷Ek wil die vaste besluit bekend maak:
Die HERE het vir my gesê: “Jy is my seun,
vandag het Ek jou verwek.^d”
- ⁸*Vra dit van My en Ek sal volke gee as jou erfdeel,*

^b2:1-2 In Hand 4:25-26 word Ps 2:1-2 uit die LXX aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

*2:1 Op 11:18

^c2:2 Op 19:19 is 'n toespeling op Ps 2:2 as heenwysing na Jesus Christus.

^d2:7 *Jy is ... verwek*: In Hand 13:33 word Ps 2:7 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus; vgl Heb 1:5; 5:5; Matt 3:17; 17:5; Mark 1:11; 9:7; Luk 3:22; 9:35; Joh 1:49.

*2:8-9 Op 2:26-27

die uithoeke van die aarde as jou eiendom.

⁹* Jy sal hulle verpletter met 'n ystersepter,
soos erdewerk^e sal jy hulle stukkend slaan.”

¹⁰ Nou, konings, wees daarom verstandig;
wees gewaarsku, regters van die aarde!

¹¹* Dien die HERE met ontsag
en juig Hom toe met bewing.

¹² Soen sy seun,^f anders word Hy kwaad,
en gaan julle op pad ten gronde,
want sy woede vlam maklik op.

Gelukkig is almal wat by Hom skuil.

3

BOEK EEN

(Ps 3 — 41)

¹'n Psalm. Van Dawid. Toe hy vir sy seun Absalom gevlug het.*

*2:8 *Ek sal ... erfdeel*: Heb 1:2

*2:9 Op 12:5; 19:15

^e2:9 *erdewerk*: Die bronteks lui “die houer van 'n pottebakker”.

*2:11 Fil 2:12

^f2:12 *Soen sy seun*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid. Die woord wat met “sy seun” vertaal is, word geïnterpreteer as 'n Aramese woord wat ‘seun’ beteken. Dit verwys dan na die koning as God se seun soos in vs 7. Ander vertalings is ook moontlik.

*3:1 *Dawid ... gevlug het*: 2 Sam 15:7-37

² HERE, hoe het my teenstanders vermeerder!

So baie staan teen my op!

³ Baie sê van my:

“By God is daar vir hom geen redding nie.” •*Sela*

⁴ Maar U, HERE, is 'n skild rondom my,

my eer, en die een wat my kop hoog hou.

⁵ Wanneer ek hardop roep na die HERE,

antwoord Hy my van sy •heilige berg af. *Sela*

⁶ Ek kan gaan lê, aan die slaap raak en wakker word,

want die HERE ondersteun my.

⁷ Ek is nie bang vir tienduisende manskappe

wat reg rondom teen my stelling inneem nie.

⁸ Staan op, HERE, verlos my, my God,

want U het al my vyande op die kakebeen geslaan;

die tande van die goddelose mense het U gebreek.

⁹ By die HERE is daar redding;

op u volk rus u seën. *Sela*

4

¹ Vir die •musiekleier.⁹ Met snarespel. 'n Psalm. Van Dawid.

² God wat my reg handhaaf,

⁹4:1 *Vir ... musiekleier*: Dit kom dikwels in die opskrifte van psalms voor. Oor die betekenis van die term is daar onsekerheid. Dit dui waarskynlik daarop dat die betrokke psalm 'n rol gespeel het in die tempeldiens.

antwoord my wanneer ek roep.

In die noute het U vir my ruimte gemaak;
wees my genadig en hoor my gebed.

³ Mense, hoe lank gaan julle my eer nog skend?

Julle het nietigheid lief en wat julle najaag, is vals. •*Sela*

⁴ Julle moet weet dat die HERE wonders doen

vir sy getroue volgelinge;

die HERE hoor wanneer ek na Hom roep.

⁵ Sidder, moenie sondig nie;*

dink daaroor na op julle beddens en wees stil. *Sela*

⁶ Bring die gepaste offers

en stel julle vertrou in die HERE.

⁷ Baie mense sê: “Wie sal ons weer die goeie laat beleef?”

Laat tog die lig van u teenwoordigheid oor ons skyn, HERE!

⁸ U het vreugde in my hart gegee,

meer as in die tyd wanneer koring en mos volop is.

⁹ In vrede kan ek gaan lê en aan die slaap raak,

want net U, HERE, laat my veilig woon.

5

¹ Vir die •musiekleier. Met fluitspel. 'n Psalm. Van Dawid.

² Luister tog na my woorde, HERE;

verstaan my versugting!

³ Slaan ag op my noodkreet,

*4:5 Sidder ... sondig nie: Ef 4:26 LXX

my Koning en my God,
want tot U bid ek!

⁴ HERE, in die oggend hoor U my stem,
in die oggend lê ek my saak aan U voor, en wag.

⁵ U is immers nie 'n God wat goddeloosheid duld nie;
boosheid het by U geen plek nie.

⁶ Grootpratere kan voor U oë nie staande bly nie;
U het 'n weersin in almal wat onreg pleeg.

⁷ U laat leuenaars ten gronde gaan;
die HERE verafsku mense wat bloed vergiet en bedrog pleeg.

⁸ Maar *ék* mag op grond van u oorvloedige troue liefde na u huis
kom;
uit ontsag vir U buig ek in aanbidding na u heilige tempel.

⁹ Omdat ek teenstanders het, HERE,
lei my deur u regverdige optrede,
maak u pad voor my reguit.

¹⁰ Daar is regtig niks betroubaars in hulle mond nie,
hulle binneste huisves vernietiging,
hulle keel is 'n oop graf,
hulle tong praat vleitaal.*

¹¹ Laat hulle boet, o God,
laat hulle deur hulle eie planne tot 'n val kom.
Dryf hulle uitmekaar oor hulle baie oortredinge,
want hulle is teen U in opstand.

*5:10 *hulle keel ... vleitaal*: Rom 3:13 LXX

¹² Maar laat almal wat by U skuil, bly wees;
laat hulle vir altyd juig en mag U hulle beskerm.
Laat dié wat u Naam liefhet, hulle in U verheug.
¹³ Want U, HERE, U seën die •regverdige,
as 'n skild omring U hom met welwillendheid.

6

¹ Vir die •musiekleier. Met snarespel. Op die *Sjeminië*.^h 'n Psalm.
Van Dawid.

² HERE, moet my nie in u woede tereg wys
en my nie in u toorn bestraf nie.
³ Wees my genadig, HERE, want ek, ek kwyn weg;
genees my, HERE, want ek is tot in my gebeente beangs,
⁴ ja, ek is heeltemal vreesbevange.ⁱ
Ag, HERE, hoe lank nog?

⁵ Keer terug, HERE, red my;
verlos my op grond van u troue liefde!
⁶ Waarlik, in die dood kan u gevierde Naam nie aangeroop word nie.
Wie kan U in die •doderyk loof?

⁷ Ek is moeg van my gesug,
elke nag deurdrenk ek my bed,

^h6:1 *Sjeminië*: Die woord beteken 'agtste' en is waarskynlik 'n musiekterm.

ⁱ6:4 *ek is ... vreesbevange*: Joh 12:27 is 'n toespeling op Ps 6:4 as
heenwysing na Jesus Christus.

deurweek ek my slaapbank met trane.

⁸ My oë is dik geswel van verdriet,
vermoeid vanweë al my teenstanders.

⁹ Gee pad van my af, almal wat onreg pleeg,*
want die HERE het gehoor hoe hard ek huil.

¹⁰ Die HERE het my smeking gehoor;
die HERE aanvaar my gebed.

¹¹ Al my vyande staan beskaamd, hulle is heeltomal
vreesbevange.

In 'n oogwink draai hulle vernederd weg.

7

¹ *Sjighajoon.*^j Van Dawid. Wat hy vir die HERE gesing het na
aanleiding van die woorde van Kus, 'n Benjaminiet.*

² HERE, my God, by U skuil ek;
verlos my van almal wat my agtervolg, en red my,
³ anders verskeur hulle my soos 'n leeu
wat prooi wegsleep terwyl niemand kan red nie.

⁴ HERE, my God, as ek iets gedoen het,
as daar onreg aan my hande kleef,
⁵ as ek my vriend kwaad aangedoen het,

***6:9** *Gee ... pleeg:* Matt 7:23; Luk 13:27

^j**7:1** *Sjighajoon:* Oor die betekenis hiervan is daar onsekerheid; dit is
waarskynlik 'n musiekterm vir 'n bepaalde soort lied.

***7:1** 2 Sam 18:19-33; vgl 2 Sam 16:5-14; 19:15-23; 19:41 — 20:3

my teenstander sonder rede beroof het,
6 mag die vyand my dan agtervolg en inhaal,
my lewe in die grond vertrap
en my eer deur die modder sleep.^k •*Sela*

7 Staan op, HERE, in u woede,
tree op teen die uitbarstings van my teenstanders,
word wakker, my God,^l vel die oordeel!
8 Laat nasies rondom U vergader;
keer terug na u verhewe plek bo hulle.
9 Die HERE spreek reg oor volke.
Oordeel my op grond van my regverdige optrede, HERE,
op grond van my onbesprokenheid, Verhewene.^m

10 Beëindig tog die boosheid van goddelose mense,
maar hou die regverdiges staande,
ja, U wat hart en niere toets,^{n*} o regverdige God!
11 Die verhewe God is my skild,^o
Hy wat die opregtes van hart verlos.
12 God is 'n regverdige regter,
elke dag 'n bestraffende God.

^k7:6 *my eer ... sleep*: Letterlik 'my eer in die stof laat woon'.

^l7:7 *my God*: Die vertaling volg die LXX. Die bronteks lui "na my".

^m7:9 *Verhewene*: Die bronteks kan ook vertaal word "teen my" of "op my".

ⁿ7:10 *hart ... toets*: Dit is 'n Hebreeuse idioom wat dui op jou diepste gedagtes en begeertes; vgl Spr 24:12; Jer 11:20; 17:10; •Hart en niere.

^o7:10 *U ... toets*: Op 2:23

^o7:11 *Die ... skild*: Die bronteks kan ook vertaal word "my skild is op God".

¹³ As iemand hom nie bekeer nie,*
maak Hy sy swaard skerp,
span Hy sy boog en lê daarmee aan.

¹⁴ Hy maak vir Hom dodelike wapens gereed;
Hy maak van sy pyle brandpyle.*

¹⁵ Kyk, wie verwagtend is van onreg
en swanger is van boosheid,
gee geboorte aan bedrog.

¹⁶ Wie 'n put grawe en dit uithol,
val in die gat wat hy gemaak het.

¹⁷ Sy kwaad kom op sy kop af;
op sy skedel kom sy geweld neer.

¹⁸ Ek wil die HERE loof vir sy regverdige optrede;
ek wil die Naam van die HERE, die Allerhoogste, besing.

8

¹ Vir die •musiekleier. Op die *Ghitiet*.^p 'n Psalm. Van Dawid.

² HERE, ons Heer,
hoe magtig is u Naam oor die hele aarde,
U wat u luister aan die hemelruim vestig.^q

*7:13 *As ... bekeer nie*: Luk 13:3,5

*7:14 *brandpyle*: Ef 6:16

^p8:1 *Ghitiet*: Oor die betekenis van die term is daar onsekerheid; dit is waarskynlik 'n musiekterm.

^q8:2 *U wat ... vestig*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid. Dit kan ook vertaal word “U majesteit word tot aan die hemel besing.”

³ Met die stemme van kinders en suigeling^{*}
het U 'n vesting opgerig^r teen u teenstanders
om vyande en wraakgieriges te stuit.

⁴ Wanneer ek na u hemelruim kyk,
die werk van u vingers,
die maan en die sterre wat U gevestig het —

⁵ *wat is 'n mens dan dat U hom in gedagte hou,
'n mensekind dat U aan hom aandag skenk?

⁶ U het hom net minder as 'n god gemaak;
U het hom met majesteit en glansrykheid gekroon.

⁷ U laat hom heers oor die werk van u hande;
U het alles onder sy voete geplaas:^s

⁸ al die kleinvee en beeste,
ja, selfs die diere van die veld,

⁹ die voëls van die hemel en die visse van die see
wat verbytrek op hulle roetes deur die oseane.

¹⁰ HERE, ons Heer,
hoe magtig is u Naam oor die hele aarde!

9

¹ ^tVir die •musiekleier. *Almoet labeen.*^u 'n Psalm. Van Dawid.

*8:3 *Met ... suigeling*: Matt 21:16 LXX

^r8:3 *het U ... opgerig*: Die bronteks kan ook vertaal word “het U mag gevestig”.

*8:5-7 Heb 2:6-8 LXX

^s8:7 *U het ... geplaas*: In 1 Kor 15:27 word hierdie gedeelte aangehaal as
heenwysing na Jesus Christus; vgl Ef 1:22.

⌘ *ALEF*

² Ek wil die HERE loof met my hele hart;
ek wil van al u wonderdade vertel.

³ Ek wil bly wees en my in U verheug;
ek wil u Naam besing, Allerhoogste.

⌚ *BET*

⁴ Wanneer my vyande terugdeins,
struikel hulle en kom hulle om vanweë u teenwoordigheid,

⁵ want U het my reg in my regspraak gehandhaaf.
U het op die troon gesit as 'n regverdige regter.

⌛ *GIMEL*

⁶ U het die nasies tereggewys, die goddelose mense vernietig;
hulle naam het U vir altyd en ewig uitgewis.

⌜ *HE*

⁷ Die vyand — hulle is tot niet, puinhope vir goed.
Die stede het U ontwortel.

Die herinneringe aan hulle, dit het verdwyn.

⌝ *WAW*

⁸ Die HERE regeer vir ewig;
hy vestig sy troon vir die regspraak.

⁹*Hý oordeel die wêreld in •geregtigheid;
oor die nasies spreek Hy met billikheid reg.

^t9:1 — 10:18 Psalms 9 en 10 vorm saam 'n onvolledige akrostiese gedig.

^u9:1 *Almoet labeen*: Die Hebreeuse woorde kan vertaal word “op die dood van die seun” en verwys waarskynlik na die melodie waarop die psalm gesing is.

^{*}9:9 Hand 17:31

¹⁰ Die HERE sal 'n toevlugsoord wees vir die onderdrukte,
'n toevlugsoord in tye van nood.

¹¹ Wie u Naam ken, kan op U vertrou,
want U laat hulle wat U soek nie in die steek nie, HERE.

י ZAJIN

¹² Sing vir die HERE wat in Sion regeer;
maak sy daede onder die volke bekend.

¹³ Want Hy wat bloedvergieting vergeld,
dink aan die magteloses;

Hy vergeet nie hulle hulpgeroep nie.

π GET

¹⁴ Wees my genadig, HERE, kyk hoe my haters my verdruk —
U wat my kan wegruk uit die poorte van die dood —

¹⁵ sodat ek van al u lofwaardige daede kan vertel
in die poorte van die dogter van Sion.^v

Ek wil juig oor die verlossing wat U bring.

⋄ TET

¹⁶ Nasies het weggesak in die vangkuil wat hulle gemaak het;
in daardie vangnet wat hulle versteek het, is hulle voete
vasgevang.

¹⁷ Die HERE het Homself bekend gemaak: Hy laat reg geskied;
goddelose mense raak in hulle eie handewerk verstrik.

Higgajon^w •Sela

^v9:15 •*dogter ... Sion*: In die enkelvoud 'n personifikasie van Jerusalem.

^w9:17 *Higgajon*: Oor die betekenis hiervan is daar onsekerheid. Dit is waarskynlik 'n musiekterm.

› *JOD*

¹⁸ Goddelose mense keer terug na die •doderyk,
al die nasies wat God vergeet.

› *KAF*

¹⁹ Maar die behoefdiges sal nie vir altyd vergeet word nie;
die magteloses se hoop is nie vir altyd verlore nie.

²⁰ Staan op, HERE, laat mense nie die oorhand kry nie;
laat nasies voor U teregstaan.

²¹ Vervul hulle met ontsag, HERE;
laat die nasies erken hulle is net mense. *Sela*

10

› *LAMED*

¹ Waarom, HERE, bly U so ver staan,
waarom verberg U Uself in tye van nood?

² In hulle hoogmoed vervolg goddelose mense die magtelose.
Mag hulle vasgevang word in die planne wat hulle beraam.

³ Ja, 'n goddelose mens spog oor wat hy wil bereik,
en terwyl hy onregverdige wins maak, vervloek en verag hy
die HERE.

⁴ Met sy neus in die lug dink 'n goddelose mens altyd:
“God vra nie rekenskap nie; daar is geen God nie.”

⁵ Sy pad is altyd voorspoedig.
U oordele is ver buite sy gesigsveld.

Hy minag^x al sy teenstanders.

⁶ Hy maak homself wys:^y “Ek sal nie struikel nie;
van geslag tot geslag is ek die een
wat nie teenspoed sal ervaar nie.”

▷ *PE*

⁷ *Sy mond is vol vervloeking, bedrog en verdrukking;
onder sy tong is kwaad en onreg.

⁸ Naby dorpies lê hy in 'n hinderlaag;
in skuilplekke vermoor hy die onskuldige;
sy oë is op die loer vir^z die weerlose.

▷ *AJIN*

⁹ In 'n skuilplek lê hy soos 'n leeu in die ruigte;
hy lê die magtelose voor om hom te vang;
hy vang die magtelose deur sy vangnet toe te trek.

¹⁰ Verpletter krimp die weerlose ineen;
hy val in sy mag.

¹¹ Die goddelose mens maak homself wys: “God vergeet.
Hy hou sy oë toe;^a Hy sien nooit iets raak nie.”

▷ *KOF*

¹² Staan op, HERE; God, lig u hand;

^x10:5 *minag*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid. Dit kan ook vertaal word met “getuig teen”.

^y10:6 *Hy ... wys*: Letterlik ‘Hy sê in sy hart’.

^{*}10:7 Rom 3:14 LXX

^z10:8 *op die ... vir*: Die lesing van die LXX word hier gevolg. Die bronteks lui “sy oë lê en wag”.

^a10:11 *hou ... toe*: Letterlik ‘hou sy gesig toe’.

vergeet die magtelose tog nie!

¹³Waarom verag 'n goddelose mens God,
maak hy homself wys: “U vra geen rekenskap nie”?

7 *RESJ*

¹⁴U sien tog self die moeite en verdriet,

U sien dit raak.

Deur dit in u hand te gee, laat weerloses dit aan U oor;

vir weeskinders is U 'n helper.

8 *SJIN*

¹⁵Breek die mag van die goddelose mense,

ja, eis van 'n bose mens rekenskap oor sy goddeloosheid
totdat U niks meer vind nie.

¹⁶Die HERE is koning vir altyd en ewig;*

nasies verdwyn uit sy land.

9 *TAW*

¹⁷U het gehoor wat die verdruktes graag wil hê, HERE.

U versterk hulle hart, U luister aandagtig

¹⁸om aan die weeskind en die onderdrukte reg te laat geskied.

Niemand sal meer voortgaan om mense uit die land te verdryf nie.

11

¹Vir die •musiekleier. Van Dawid.

By die HERE skuil ek;

hoe kan julle dan vir my sê:

*10:16 *Die Here ... ewig*: Op 11:15

“Vlug soos 'n voël na die berge,^b
2 want kyk, die goddelose mense span die boog,
hulle sit die pyl op die boogsnaar
om in die donker op die opregtes van hart te skiet.
3 As die fundamente afgebreek word,
wat kan 'n regverdige^c dan doen?”

4 Die HERE is in sy •heilige tempel,
die HERE — in die hemel is sy troon.
Sy oë sien,
sy blik^d toets die mensekinders.

5 Die HERE — 'n regverdige toets Hy,
maar in 'n goddelose mens en iemand wat geweld liefhet,
het Hy 'n weersin.

6 *Hy laat gloeiende kole^e oor goddelose mense reën —
vuur en swael en 'n verskroeiende wind;
dit is wat hulle toekom, dit is hulle beker.

7 Want regverdig is die HERE, Hy het regverdige dade lief,
die opregtes sal sy teenwoordigheid ervaar.^f

^b11:1 *Vlug ... berge*: Die lesing van die LXX word hier gevolg. Die bronteks lui “Vlug na julle berg, voël”.

^c11:3 *regverdige*: Dit is iemand wie se saak reg is voor God.

^d11:4 *blik*: Letterlik ‘ooglede’.

*11:6 Op 14:10; 20:10; 21:8

^e11:6 *gloeiende kole*: Die lesing van 'n ou Griekse vertaling word hier gevolg. Die bronteks lui “vangnette”.

^f11:7 *sy ... ervaar*: Letterlik ‘sy gesig sien’.

12

¹ Vir die •musiekleier. Op die *Sjeminië*.^g 'n Psalm. Van Dawid.

² Verlos tog, HERE, want daar is nie meer getroue volgeling nie;
die betroubares onder die mense het verdwyn.

³ Die een mens belieg die ander;
met vleiende lippe praat hulle uit twee monde.

⁴ Mag die HERE al die vleiende lippe uitroei,
die tonge wat grootpraat,

⁵ hulle wat sê: “Danksy ons tong is ons sterk;
ons lippe is onder ons beheer,
niemand is ons heer en meester nie.”

⁶ “Vanweë die geweld teen die magteloses,
die gesug van die behoeftiges,
gaan Ek nou opstaan,” sê die HERE.
“Ek sal hulle wat daarna smag in veiligheid bring.”

⁷ Die HERE se woorde is suiwer woorde,
silwer wat gelouter is in 'n smeltoond in die grond,
sewe maal gesuiwer.

⁸ U, HERE, beskerm hulle;
U hou elkeen^h altyd veilig teen hierdie bose geslag.

^g12:1 *Sjeminië*: Die woord beteken ‘agtste’ en is waarskynlik 'n musiekterm.

^h12:8 *elkeen*: 'n Hele aantal Hebreeuse manuskripte, die LXX en sommige vertalings lui “ons”.

⁹ Oral loop goddelose mense rond,
terwyl mense se gemeenheid hoogty vier.

13

¹ Vir die •musiekleier. 'n Psalm. Van Dawid.

² Hoe lank nog, HERE? Gaan U my vir altyd vergeet?
Hoe lank nog gaan U vir my u gesig verberg?

³ Hoe lank nog moet ek kwellinge in my binneste dra,
elke dag met kommer in my hart deurbring?
Hoe lank nog gaan my vyand die oorhand oor my hê?

⁴ Sien dit tog raak, antwoord my, HERE, my God!

Verlig tog my oë,

anders sink ek in 'n doodslaap weg,

⁵ anders sê my vyand, “Ek het hom oorweldig,”

anders juig my teenstanders omdat ek tot 'n val gebring word.

⁶ Maar ék — op u troue liefde vertrou ek;

my hart wil juig oor u verlossing.

Ek wil vir die HERE sing,

omdat Hy aan my goed gedoen het.

14

¹ Vir die •musiekleier. Van Dawid.

*Dwase maak hulleself wys:

*14:1-3 Rom 3:10-12

“Daar is geen God nie.”

Hulle tree gruwelik en afstootlik op.

Daar is nie een wat goed doen nie.

² Die HERE kyk vanuit die hemel na die mense
om te sien of daar iemand is wat verstandig is,
iemand wat God soek.

³ Almal het afgedwaal, almal het ontaard;
daar is nie een wat goed doen nie,
nie eers een nie.

⁴ Is almal wat onreg pleeg dan sonder insig,
hulle wat my volk eet soos 'n mens brood eet?
Hulle roep die HERE nie aan nie.

⁵ Dan oorweldig skrik hulle,
want God is met die regverdige geslag.

⁶ Julle maak die raad wat die magtelose gee, bespotlik,
maar die HERE is sy skuilplek.

⁷ *Mag daar uit Sion redding kom vir Israel!
Wanneer die HERE die lot van sy volk omkeer,
moet Jakob juig, moet Israel bly wees.

15

¹ 'n Psalm. Van Dawid.

HERE, wie mag 'n gas wees in u tent?

*14:7 Rom 11:26-27

Wie mag tuisgaan op u •heilige berg?

² Hy wat onberispelik leef en regverdig optree,
en wat van harte die waarheid praat.

³ Hy laster nie,
doen sy medemens nie kwaad aan nie
en bespot nie sy naaste nie.

⁴ In sy oë is die een wat verwerp is, veragtelik,
maar hy eer dié wat vir die HERE ontsag het.
Al sweer hy tot sy nadeel, hy verander nie.

⁵ Hy leen nie sy geld teen rente uit nie
en aanvaar nie 'n omkoopgeskenk ten koste van die
onskuldiges nie.

Hy wat hierdie dinge doen, sal nooit struikel nie.

16

¹ 'n *Miktaam*.ⁱ Van Dawid.

Beskerm my, o God, want by U skuil ek.

² Ek^j het vir die HERE gesê:

“U is my Heer;
buiten U is daar vir my niks goeds nie.”

³ Wat die heiliges^k in die land betref,
ja, die magtiges,
by wie ek al my vreugde gevind het:

ⁱ16:1 *Miktaam*: Oor die betekenis van die term is daar onsekerheid.

^j16:2 *Ek*: Die vertaling volg die LXX. Die bronteks lui “jy” (vroulik).

^k16:3 *heiliges*: Dit verwys moontlik na afgode.

⁴ Wie hulle na ander gode haas,
vererger hulle smart.

Ek sal nie hulle drankoffers van bloed uitgiet nie,
en ek sal nie hulle name op my lippe neem nie.

⁵ HERE, my erfdeel, my beker,
U bepaal my lot.

⁶ Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval,
ja, my erfenis is vir my mooi.

⁷ Ek sal die HERE prys wat my raad gegee het,
ja, snags spoor my gewete^l my aan.

^{8 m} Ek hou die HERE altyd voor oë;
omdat Hy aan my regterkantⁿ is,
sal ek nie struikel nie.

⁹ Daarom is my hart bly en juig my binneste;
ja, my liggaam bly veilig,

^{10 o*} want U sal my lewe
nie aan die •doderyk oorlewer nie;

^l**16:7 *gewete***: Letterlik 'niere'. Die niere is beskou as die setel van die emosies en die gewete.

^m**16:8-11** In Hand 2:25-28 word Ps 16:8-11 uit die LXX aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

ⁿ**16:8 *regterkant***: Die •regterkant is die onbeskermdede kant; 'n soldaat het sy skild in sy linkerhand gedra.

^o**16:10** In Hand 2:31 word Ps 16:10 uit die LXX aangehaal as heenwysing na Jesus Christus; vgl Hand 13:35.

^{*}**16:10** Joh 20:9; 1 Kor 15:4

U sal nie toelaat dat u getroue volgeling
die graf sien nie.

¹¹ U wys my die pad van die lewe:
oorvloedige vreugde in u teenwoordigheid,
lieflikhede in u regterhand, vir altyd.

17

¹ 'n Gebed. Van Dawid.

Luister tog na 'n regverdige saak, HERE,
gee tog aandag aan my hulpgeroep,
hoor my gebed wat kom oor lippe sonder bedrog.

² Laat aan my reg geskied;
mag u oë regverdig onderskei.

³ U het my hart getoets, in die nag ondersoek ingestel,
U het my gelouter, maar U het niks gevind nie.
Ek het my voorgeneem: My mond sal nie oortree nie.

⁴ Wat die optrede van mense betref:
Volgens die woord van u lippe
het ek die paaie van geweldenaars vermy.

⁵ My treë het u paaie nougeset gevolg;
my voetstappe het nie gewankel nie.

⁶ Ek roep U aan, want U verhoor my, o God;
draai u oor na my, luister na my woorde.

⁷ Wys my die wonders van u troue liefde,
o Verlosser van hulle wat teen teenstanders

skuiling soek by u regterhand.^p
⁸ Beskerm my soos die appel van u oog;
 verberg my in die skadu van u vlerke
⁹ vir goddelose mense wat my geweld wil aandoen,
 vir my vyande wat my lewe van alle kante bedreig.
¹⁰ Hulle ongevoelige harte is geslote;
 met hulle monde praat hulle aanmatigend.
¹¹ Hulle het my spoor gehou, nou het hulle my omsingel;^q
 hulle is daarop ingestel om my ten gronde te laat gaan.
¹² Die goddelose mens is soos 'n leeu wat daarop uit is om te
 verskeur,
 soos 'n jong leeu wat in skuilplekke wag.
¹³ Staan op, HERE, loop op hom af,
 laat hom die knie buig.
 Bevry my tog van goddelose mense met u swaard,
¹⁴ met u hand, HERE, van hulle wat doodmaak.
 Hulle wat doodmaak, het geen lewensduur;
 dit is hulle lot in die lewe.
 Met u verborge straf vul U hulle buik;
 hulle kinders word versadig daarvan
 en wat oorbly, laat hulle agter vir hulle jong kinders.^r

^p17:7 *regterhand*: Omdat die •regterhand gewoonlik die sterkste hand is, is dit dikwels uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here.

^q17:11 *Hulle ... omsingel*: Die lesing is verkry deur 'n geringe teks- en vokaalwysiging. Die bronteks lui “Ons spore, nou het hulle my omsingel”.

^r17:14 *met u hand ... jong kinders*: Oor die betekenis hiervan is daar onsekerheid. Hierdie lesing volg die ongevokaliseerde Hebreeuse teks.

¹⁵ Omdat ek onskuldig is, sal ek u teenwoordigheid ervaar;^s
wanneer ek wakker word, sal ek van u verskyning versadig wees.

18

¹ Vir die •musiekleier. Van die dienskneg van die HERE. Van Dawid. Hy het die woorde van hierdie lied vir die HERE voorgedra in die tyd toe die HERE hom gered het uit die hand van al sy vyande en uit die hand van Saul. ² Hy het gesê:

Ek het U innig lief, HERE, my sterkte!

³ *Die HERE is my rotsvesting,
my bergskuiling, my bevryder.

My God is my rots by wie ek skuil,
my skild en die krag^u van my redding, my toevlugsoord.

⁴ Die een wat geloof moet word —
roep ek uit — is die HERE!
En van my vyande word ek verlos.

⁵ *Bande van die dood het my omspan,
strome van vernietiging het my verskrik,

⁶ bande van die •doderyk het my omstrengel,
vangstrikke van die dood het my ingewag.

⁷ In my benoudheid het ek na die HERE bly roep;

^s17:15 *u teenwoordigheid ervaar*: Letterlik ‘u gesig sien’; vgl Op 22:4.

^t18:1 Die psalm kom byna woordeliks ooreen met 2 Sam 22:1-51.

*18:3 Luk 1:69

^u18:3 *krag*: Die bronteks lui “horing”.

*18:5 Hand 2:24

na my God ek het om hulp geskree.
In sy paleis het Hy my stem gehoor;
my hulpgeroep voor Hom het sy ore bereik.*

⁸ Toe het die aarde geskud en geruk;
die fundamente van die berge het gebewe.

Dit het geskud want sy toorn het ontvlam:

⁹ Rook uit sy neus het opgestyg;
'n vuur uit sy mond het verteer,
gloeierende kole het daaruit gebrand.

¹⁰ Hy het die hemel afgebuig en neergedaal;
duisternis was onder sy voete.

¹¹ Hy het op 'n •gerub gery, Hy het gevlieg,
gesweef op die vlerke van die wind.

¹² Hy het donkerte sy beskutting gemaak;
rondom Hom was sy skuiling 'n donker watermassa, 'n dik
laag wolke.

¹³ Uit die glans voor Hom het sy wolke verby getrek,
met hael en gloeiende kole vuur.

¹⁴ Die HERE laat die donder weerklink in die hemelruim;
die Allerhoogste laat sy stem hoor
met hael en gloeiende kole vuur.

¹⁵ Hy stuur sy pyle en jaag hulle^v uiteen;
Hy werp sy weerligstrale en bring hulle in verwarring.

¹⁶ Die beddings van die strome het sigbaar geword;

*18:7 *In sy ... bereik:* Jak 5:4

^v18:15 *hulle:* Dit verwys na die psalmdigter se vyande; vgl vs 18.

die fundamente van die aarde is ontbloot
vanweë u dreiging, HERE,
vanweë die windvlaag uit u neus.

¹⁷ Uit die hoogte het Hy sy hand uitgestrek,
my vasgegryp, my uit die watermassa opgetrek.

¹⁸ Hy het my weggeruk van my kragtige vyand,
weg van my haters, want hulle was sterker as ek.

¹⁹ Op die dag van my teenspoed het hulle my ingewag,
maar die HERE was vir my 'n steunpilaar:

²⁰ Hy het my uitgelei na 'n oopte,
Hy het my bevry omdat Hy my goedgesind is.

²¹ Die HERE het aan my goed gedoen omdat ek doen wat reg is;
Hy het my vergoed omdat my hande skoon is.

²² Want ek het op die HERE se paaie gebly
en my nie skuldig gemaak voor my God nie.

²³ Ja, ek hou al sy wette voor oë
en sy vaste voorskrifte wys ek nie af nie.

²⁴ Ek was onberispelik voor Hom,
want ek het my weerhou van sonde.

²⁵ Die HERE het my vergoed omdat ek doen wat reg is,
omdat my hande skoon is in sy oë.

²⁶ Teenoor getroue volgelinge tree U getrou op;
teenoor iemand wat onberispelik is, tree U onberispelik op;

²⁷ teenoor dié wat hulle rein hou, bewys U Uself rein;
maar teenoor dié wat vals is, tree U berekenend op!

²⁸ Ja, dit is U wat 'n magtelose volk verlos
en trotse oë verneder;

²⁹ dit is U wat my lig laat skyn, HERE.

My God verlig my donkerte.

³⁰ Met U hardloop ek oor 'n verdedigingswal,^w
met my God spring ek oor 'n stadsmuur.

³¹ God, sy weg is volmaak;
die woord van die HERE is gelouter.

Hy is 'n skild vir almal wat by Hom skuil.

³² Ja, wie is God behalwe die HERE?

Wie is 'n rots buiten ons God?

³³ God is die Een wat my met krag omgord
en my pad gelyk maak.

³⁴ Hy maak my voete soos dié van wildsbokke;^x
Hy laat my op hoë plekke staan.

³⁵ Hy rig my hande af vir die geveg
sodat my arms 'n bronsboog kan span.

³⁶ U het vir my u skild van verlossing gegee,
u regterhand ondersteun my
en u antwoord maak my sterk.

³⁷ U skep ruimte vir my voetstappe;
my enkels swik nie.

^w18:30 *verdedigingswal*: Die Hebreeuse woord wat met “verdedigingswal” vertaal is, het 'n tweede betekenis ‘bende’.

^x18:34 *wildsbokke*: Die boksoort waarna die bronteks verwys, is waarskynlik die rooitakbok.

³⁸ Ek agtervolg my vyande en haal hulle in;
ek draai nie om voordat ek hulle uitgewis het nie.

³⁹ Ek verpletter hulle, hulle kan nie weer opstaan nie,
hulle val onder my voete.

⁴⁰ U omgord my met krag vir die geveg;
U laat my teenstanders voor my die knie buig.

⁴¹ My vyande — U het hulle vir my laat vlug^y
en my haters — ek kon hulle vernietig.

⁴² Hulle het om hulp geroep, maar daar was geen redder nie,
selfs na die HERE geroep, maar Hy het hulle nie geantwoord nie.

⁴³ Ek het hulle so fyn gestamp soos stof in die wind;
soos modder in die strate het ek hulle uitgegooi.

⁴⁴ U het my van strydlustige mense bevry,
my die hoof van nasies maak.

Mense wat ek nie geken het nie, dien my;

⁴⁵ sodra hulle van my hoor, gehoorsaam hulle my;
vreemdes veins onderdanigheid aan my.

⁴⁶ Vreemdes verloor moed,
bewend kom hulle uit hulle vestings.

⁴⁷ Die HERE leef! My rots moet geprys word!

Die God wat my red, is verhewe!

⁴⁸ God is die een wat my toelaat om wraak te neem;

Hy onderwerp volke aan my,

⁴⁹ Hy wat my van my vyande bevry.

Ja, U verhoog my bo my teenstanders;

^y18:41 *laat vlug*: Letterlik 'gee nek vir'.

U ontruk my aan manne van geweld.

⁵⁰ *Daarom sal ek U loof onder die volke, HERE,
u Naam wil ek besing.

⁵¹ Dit is Hy wat aan sy koning groot oorwinnings gee,
wat troue liefde bewys aan sy gesalfde,
aan Dawid en sy nageslag vir altyd.

19

¹ Vir die •musiekleier. 'n Psalm. Van Dawid.

² *Die hemelruim verkondig die eer van God
en die hemelkoepel maak die werk van sy hande bekend.

³ Dag ná dag bring dit 'n boodskap voort
en nag ná nag deel dit kennis mee.

⁴ Alhoewel daar geen spraak en geen woorde is nie
en hulle stem nie hoorbaar is nie,

⁵ gaan hulle boodskap uit^z oor die hele aarde
en hulle woorde tot aan die einde van die wêreld,*
tot waar Hy vir die son 'n tent opgeslaan het.

⁶ Die son is soos 'n bruidegom
wat by sy slaapkamer uitgaan,

*18:50 Rom 15:9

*19:2 Rom 1:20

^z19:5 *gaan ... uit*: Die lesing van die LXX word hier gevolg. Die bronteks lui
“hulle maatlyn gaan uit”.

*19:5 *hulle woorde ... wêreld*: Rom 10:18 LXX

vol vreugde soos 'n held
wat op die pad hardloop.

⁷ Aan die een kant van die hemel gaan hy op
en aan die ander kant gaan hy onder,
en niks kan aan sy hitte ontkom nie.

⁸ Die wet van die HERE is volmaak,
dit gee nuwe lewenskrag;
die bepalings van die HERE is betroubaar,
dit gee wysheid aan die eenvoudige.

⁹ Die opdragte van die HERE is reg,
dit maak die hart bly;
die gebod van die HERE is suiwer,
dit verhelder die oë.

¹⁰ Ontslag vir die HERE is reinigend,
dit hou vir altyd stand;
die beslissings van die HERE is waar,
heeltemal regverdig.*

¹¹ Dit is begeerliker as goud,
begeerliker as 'n oormaat fyngoud;
dit is soeter as heuning,
as 'n heuningkoek wat oorloop.

¹² Ook die een wat U dien, neem dit ter harte;
wanneer 'n mens daarby hou,
is die beloning groot.

*19:10 *die beslissings ... regverdig*: Op 16:7; 19:2

¹³ Wie het insig in sy onbewuste dwalings?

Spreek my vry van verborge sondes!

¹⁴ Weerhou ook u dienskneg van vermetelheid;

laat dit nie oor my heers nie.

Dan sal ek onskuldig wees

en vry van ernstige oortredinge.

¹⁵ Laat die woorde van my mond

en die bepeinsing van my hart

vir U aanvaarbaar wees,

HERE, my Rots en my Verlosser.

20

¹ Vir die •musiekleier. 'n Psalm. Van Dawid.

² Mag die HERE u antwoord op die dag van benoudheid;

mag die Naam van die God van Jakob u beskerm.

³ Mag Hy vir u hulp stuur uit die heiligdom,

en vanaf Sion u ondersteun.

⁴ Mag Hy al u offergawes in gedagte hou,

u brandoffers aanvaarbaar vind. •*Sela*

⁵ Mag Hy aan u gee wat u hart verlang,

en elkeen van u planne laat slaag.

⁶ Ons wil juig oor u verlossing,

in die Naam van ons God die vaandel hoog hou.

Mag die HERE aan al u versoeke voldoen!

⁷ Nou weet ek dat die HERE sy gesalfde verlos;
Hy sal hom antwoord uit sy •heilige hemel
met kragtige verlossingsdade van sy regterhand.

⁸ Party beroem hulle op strydwaens, ander weer op perde,
maar ons, ons beroem ons op die Naam van die HERE ons God.

⁹ Hulle sak inmekaar en val,
maar ons, ons staan op en hou mekaar staande.

¹⁰ HERE, verlos tog die koning,
antwoord ons op die dag wanneer ons om hulp roep!

21

¹ Vir die •musiekleier. 'n Psalm. Van Dawid.

² HERE, die koning is bly oor u beskerming;
hoe uitbundig juig hy oor u verlossing.

³ Wat sy hart begeer, het U vir hom gegee
en wat sy lippe verlang, het U nie geweier nie. •*Sela*

⁴ Ja, U tree hom tegemoet en seën hom met die goeie;
U sit 'n kroon van fyngoud op sy kop.

⁵ Lewe het hy van U gevra en U het dit aan hom gegee,
'n lang leeftyd, vir altyd en altyd.

⁶ Hy geniet hoë aansien deur die verlossing wat U bring;
luister en glansrykheid verleen U aan hom.

⁷ Ja, U oorlaai hom vir altyd met seëninge.
U maak hom baie bly met u teenwoordigheid.

⁸ Omdat die koning vertrou op die HERE,

op die troue liefde van die Allerhoogste,
sal hy nie wankel nie.

⁹ U hand, o koning,^a sal al u vyande vind;
u regterhand^b sal dié vind wat u haat.

¹⁰ *U maak van hulle 'n vurige oond wanneer u verskyn.

Die HERE sal hulle in sy woede verslind
en vuur sal hulle verteer.

¹¹ Hulle vrug^c sal u uit die land laat verdwyn
en hulle nageslag onder die mense.

¹² Wanneer hulle boosheid bedink teen u,
bedrog beplan, sal hulle nie slaag nie,

¹³ want u sal hulle dwing om te vlug
wanneer u met u pyle op hulle aanlê.

¹⁴ Verhef U, HERE, in u krag!
Ons wil sing, u mag wil ons besing.

22

¹ Vir die •musiekleier. Op *Ajelet hasjagar*.^d 'n Psalm. Van Dawid.

^a21:9 *o koning*: Die woord staan nie in die bronteks nie, maar word veronderstel.

^b21:9 *regterhand*: Omdat die •regterhand gewoonlik die sterkste hand is, is dit dikwels uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here.

^{*}21:10 Jak 5:3

^c21:11 *vrug*: Dit is hier 'n metafoor vir *kinders*

^d22:1 *Ajelet hasjagar*: Dit kan vertaal word “die rooitakbok van die dagbreek” en dui waarskynlik op die melodie waarop die lied gesing is.

² **My God, my God, waarom het U my verlaat?^e

Waarom is U ver daarvan om my te verlos,
ver van die woorde wat ek uitskreeu?

³ My God, ek roep bedags, maar U antwoord nie,
ook snags, maar daar is geen rus vir my nie.

⁴ U is tog die •Heilige,
U heers waar die lofliedere van Israel opklink.

⁵ Op U het ons voorouers vertrou,
hulle het vertrou en U het hulle bevry.

⁶ *Tot U het hulle geroep en hulle het ontvlug;
op U het hulle vertrou en staan nie beskaamd nie.

⁷ Maar ek is 'n wurm en nie 'n mens nie,
bespot deur die mense, verag deur die volk.

⁸ ^{fg}Almal wat my sien, dryf met my die spot;
hulle tuit die lippe,^h hulle skud die kop:

⁹ “Wend jou tot die HERE!” en
“Laat Hy hom bevry,

*22:2-32 1 Pet 1:11

*22:2-18 Mark 9:12; Luk 24:27

^e22:2 *My God ... verlaat:* In Matt 27:46; Mark 15:34 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

*22:6 Rom 5:5

^f22:8 Matt 27:39; Mark 15:29 is toespelings op Ps 22:8 as heenwysing na Jesus Christus.

^g22:8-9 Matt 26:24; Luk 23:35-36 is toespelings op hierdie verse as heenwysing na Jesus Christus.

^h22:8 *hulle ... lippe:* Dit dui op 'n neerhalende gebaar.

laat Hy hom red as Hy hom goedgesind is!"ⁱ

¹⁰ U is immers die Een wat my uit die baarmoeder gehaal het,
my aan die borste van my ma toevertrou het.

¹¹ In u hande is ek gegee vandat ek gebore is;
van die moederskoot af is U my God.

¹² Moenie ver van my bly nie, want die nood is naby;
daar is immers niemand wat help nie!

¹³ Baie bulle het my omsingel;
die sterkes van Basan het my vasgekeer.

¹⁴ Hulle het hulle monde oopgesper teen my
soos 'n leeu wat verskeur en brul.

¹⁵ Soos water is ek uitgestort,
my gebeente val uitmekaar;
my hart het geword soos was,
dit het in my liggaam gesmelt.

¹⁶ My krag het verdor soos 'n potskerf,
en my tong kleef aan my verhemelte;^j
in die stof van die dood het U my laat lê.

¹⁷ ^kInderdaad, honde het my omsingel;^{*}

ⁱ22:9 *Laat Hy hom bevry ... is:* Matt 27:43 is 'n toespeling op Ps 22:9 as
heenwysing na Jesus Christus.

^j22:16 *my tong ... verhemelte:* Joh 19:28 is 'n toespeling op Ps 22:16 as
heenwysing na Jesus Christus.

^k22:17-19 Matt 26:24 is 'n toespeling op Ps 22:17-19 as heenwysing na Jesus Christus.

^{*}22:17 *honde ... omsingel:* Fil 3:2

'n bende kwaaddoeners het my omring,
hulle het my hande en my voete vasgebind.^l

¹⁸ Ek kan al my bene tel.

Hulle staar my aan met leedvermaak.

^{19 m} Hulle verdeel my klere onder mekaar,
en hulle loot oor my kleed.

²⁰ U, HERE, moet tog nie ver van my bly nie;
my bron van krag, kom my gou te hulp.

²¹ Red tog my lewe van die swaard,
my enigste lewe uit die mag van die honde.*

²² Red my uit die bek van die leeu,*
en van die horings van buffels.

U het my geantwoord.

²³ *Ek wil u Naam verkondig aan my •broers;
in die byeenkoms wil ek U loof:

²⁴ “Loof Hom, julle wat vir die HERE ontsag het!”
Vereer Hom, hele nageslag van Jakob!
Dien Hom met eerbied, hele nageslag van Israel!

^l**22:17** *vasgebind*: Die bronteks lui “soos die leeu my hande en my voete”. 'n Ou Griekse vertaling word hier gevolg. Die LXX lui “deurboor”.

^m**22:19** Matt 27:35; Mark 15:24; Luk 23:34; Joh 19:24 is toespelings op Ps 22:19 as heenwysing na Jesus Christus.

^{*}**22:21** *my enigste ... honde*: Fil 3:2

^{*}**22:22** *Red ... leeu*: 2 Tim 4:17

^{*}**22:23** Heb 2:12

^{*}**22:24** *Loof ... ontsag het*: Op 19:5

²⁵ Want Hy het die lyding van die magtelose nie geminag of
misken nie;

Hy het sy gesig nie vir hom verberg nie,
maar toe hy Hom om hulp gesmeek het, het Hy gehoor.”

²⁶ U is die rede vir my lofprysing in 'n groot byeenkoms;
my geloftes sal ek nakom in die teenwoordigheid van dié wat
vir Hom ontsag het.

²⁷ Die verdruktes kan dan eet en versadig word;
wie Hom raadpleeg, kan die HERE loof.

Mag julle harte vir altyd leef!

²⁸ Almal op die uithoeke van die aarde moet daaraan dink
en hulle tot die HERE bekeer:

Al die familiegroepe van die nasies moet voor U in aanbidding buig,

²⁹ *want aan die HERE behoort die koningskap,
Hy is Heerser oor die nasies.

³⁰ Ja, voor Homⁿ sal almal wat oordadig leef in aanbidding neerbuig;
voor Hom sal alle sterflinge^o kniel.

En wie nie die lewe behou nie,

³¹ sy nageslag sal Hom dien.

Hulle sal van my Heer vertel aan die volgende geslag.

³² Hulle sal kom en sy regverdige optrede bekend maak
aan mense wat nog gebore moet word:

*22:29 Op 11:15; 19:6

ⁿ22:30 *Ja ... Hom*: Hierdie lesing is verkry deur 'n ander woordverdeling. Die bronteks lui “Hulle het geëet”.

^o22:30 *alle sterflinge*: Letterlik ‘almal wat neerdaal na die stof’.

Hy het dit gedoen.

23

¹'n Psalm. Van Dawid.

Die HERE is my herder;*
ek ly nie gebrek nie.

²*In groen weivelde laat Hy my rus;
na water waar daar rusplek is, lei Hy my.

³Hy gee my nuwe lewenskrag;
Hy lei my op die regte paaie
ter wille van sy Naam.

⁴Selfs as ek in die donkerste kloof ingaan,
is ek nie bang vir gevaar nie,
want U is by my.

Dit is u staf en u stok wat my gerusstel.

⁵U dek vir my 'n tafel
voor die oë van my teenstanders.

U verfris my kop met olyfolie;*
my beker loop oor.

⁶Net goedheid en troue liefde sal my volg
al die dae van my lewe,

*23:1 *Die Here ... herder:* Joh 10:11; Op 7:17

*23:2 Op 7:17

*23:5 *U verfris ... olyfolie:* Luk 7:46

en ek sal bly terugkeer
na^p die huis van die HERE,
tot in lengte van dae.

24

¹ Van Dawid. 'n Psalm.

*Aan die HERE behoort die aarde en alles daarop,
die wêreld en dié wat daar woon,
² want Hy het dit op oseane gegrond
en op strome gevestig.

³ *Wie mag teen die berg van die HERE opgaan
en wie mag in sy heiligdom staan?

⁴ Die mens met skoon hande en 'n rein hart
wat nie na nietigheid hunker
en nie sweer by wat vals is nie,

⁵ sal seën ontvang van die HERE
en •geregtigheid van die God wat red —

⁶ dit is die geslag wat na Hom soek,
hulle wat u teenwoordigheid opsoek,
dit is Jakob. •*Sela*

⁷ Lig op julle koppe,^q poorte,

^p23:6 *terugkeer na*: Die LXX lui “woon in”.

*24:1 1 Kor 10:26

*24:3-4 Matt 5:8

^q24:7 *koppe*: Dit is 'n metafoor vir die bokant van die poort.

ja, lig julleself op, ewige ingange,
sodat die roemryke Koning kan ingaan.

⁸Wie is hierdie roemryke Koning?

Die HERE, die magtige held,
die HERE, heldhaftig in die stryd.

⁹Lig op julle koppe, poorte,

ja, lig julleself op, ewige ingange,
sodat die roemryke Koning kan inkom.

¹⁰Wie is Hy, hierdie roemryke Koning?

Die HERE, Heerser oor alle magte,
Hý is die roemryke Koning. *Sela*

25

¹Van Dawid.

⌘ *ALEF*

Na U, HERE, hunker ek.

⌚ *BET*

²My God, op U vertrou ek;
laat my tog nie in die skande kom nie;
laat my vyande hulle nie oor my verheug nie.

⌛ *GIMEL*

³Ja, niemand wat op U wag, sal in die skande kom nie;
maar hulle wat sonder rede ontrou is, sal in die skande kom.

⌜ *DALET*

⁴HERE, maak u paaie aan my bekend;
leer my u weë.

⌈ *HE*

⁵Lei my deur u waarheid

⌋ *WAW*

en leer my,

want U is die God wat my red;

op U wag ek die hele dag.

⌈ *ZAJIN*

⁶Dink aan u barmhartigheid en troue liefde, HERE,

want dit is van altyd af daar.

⌈ *GET*

⁷Aan die sondes van my jeug en my oortredinge moet U nie dink nie;

dink aan my in u troue liefde,

omdat U goed is, HERE.

⌋ *TET*

⁸Die HERE is goed en reg,

daarom wys Hy sondaars die pad.

⌋ *JOD*

⁹Mag Hy verdruktes lei in wat reg is;

mag Hy hulle sy pad leer.

⌋ *KAF*

¹⁰Al die paaie van die HERE is paaie van troue liefde en waarheid

vir hulle wat by sy verbond en sy bepalings bly.

⌋ *LAMED*

¹¹*Ter wille van u Naam, HERE,

vergewe my skuld, want dit is groot.

נ MEM

¹²Wie is die mens wat vir die HERE ontsag het?

Die HERE leer hom die pad wat Hy verkies.

נ NUN

¹³Hulle lewens verloop voorspoedig
en hulle nageslag sal die land besit.

ו SAMEK

¹⁴Die HERE neem wie vir Hom ontsag het, in sy vertroue,
en sy verbond is daar om hulle te onderrig.

ז AJIN

¹⁵My oë bly altyd op die HERE,
want dit is Hy wat my voete uit die vangnet bevry.

ח PE

¹⁶Keer U na my en wees my genadig,
want ek is eensaam en magteloos.

ט TSADE

¹⁷Die benoudheid van my hart is oorweldigend;
lei my uit my kwellinge.

י RESJ

¹⁸Sien tog my ellende en my swaarkry raak
en vergewe al my sonde.

¹⁹Kyk na my vyande, hoe baie hulle geword het
en hoe fel hulle my haat.

יז SJIN

²⁰*Beskerm tog my lewe en red my;
laat my nie in die skande kom nie,

*25:20 Rom 5:5

want ek skuil by U.

n TAW

²¹ *Mag onskuld en opregtheid my veilig hou,
want ek wag op U.

²² O God, verlos Israel
uit al sy benoudheid.

26

¹ Van Dawid.

Handhaaf my reg, HERE, want ek gedra my onberispelik;
ek vertrou op die HERE, ek wankel nie.

² Toets my, HERE, en stel my op die proef.
Suiwer my niere en my hart!^r

³ Want ek hou u troue liefde voor oë
en ek leef volgens u waarheid.

⁴ Ek sit nie by bedrieërs nie,
en by slinkse mense kom ek nie.

⁵ Ek het 'n weersin in die byeenkoms van kwaaddoeners,
en by goddelose mense sit ek nie.

⁶ Ek was my hande om my onskuld te toon,*

*25:21 Luk 6:27

^r26:2 *niere ... hart*: Die niere is beskou as die setel van die emosies en die hart as die setel van die denke.

*26:6 *Ek was ... toon*: Matt 27:24

sodat ek rondom u altaar kan loop, HERE,
⁷ om 'n loflied te laat opklink
en te vertel van al u wonderdade.
⁸*HERE, ek het die huis waar U woon, lief,
die woonplek van u glorieryke teenwoordigheid.

⁹ Moet my lewe nie wegruk saam met dié van sondaars,
saam met mense wat bloed vergiet nie,
¹⁰ hulle aan wie se hande bedrog kleef,
en wie se regterhand vol omkoperij is.
¹¹ Maar ek gedra my onberispelik —
red my en wees my genadig!
¹² My voet staan op gelyk grond;
ek sal die HERE prys in die groot byeenkoms.

27

¹ Van Dawid.

Die HERE is my lig en my redding; vir wie sal ek bang wees?
Die HERE is die toevlug van my lewe; vir wie sal ek skrik?

² As kwaaddoeners op my toesak om my lewendig te verslind,
ja, my teenstanders en my vyande,
struikel hulle self en val.

³ Al sou 'n leër teen my laer opslaan,
sal my hart nie bang wees nie;

*26:8 Matt 23:21

al sou 'n oorlog teen my uitbreek,
sal ek bly vertrou.

⁴ Een ding het ek van die HERE gevra
en dit sal ek bly nastreef:
om my lewe lank in die huis van die HERE te woon,
om die lieflikhede van die HERE te aanskou
en daaroor na te dink in sy tempel.

⁵ Ja, Hy steek my weg in sy skuilplek op 'n dag van onheil;
Hy verberg my in die beskutting van sy tent;
Hy tel my hoog op 'n rots.

⁶ Daarom is my kop hoog bo my vyande rondom my.
Ek wil met uitroepe van vreugde offers bring in sy tent,
ek wil sing, met begeleiding sing, vir die HERE.

⁷ Luister tog, HERE, na my stem wanneer ek roep,
wees my genadig en antwoord my!

⁸ My hart eggo u woorde:
“Julle moet my teenwoordigheid^s opsoek!”
U teenwoordigheid, HERE, soek ek op.

⁹ Moet u gesig nie vir my verberg nie,
moet u dienskneg nie in woede wegwys nie.

U was my Helper,
moet my nie verstoot of verlaat nie, God wat my red.

¹⁰ Selfs al verlaat my pa en my ma my,

^s27:8 *teenwoordigheid*: Letterlik ‘gesig’.

die HERE sal my aanneem.

¹¹ HERE, leer my u pad,
lei my op 'n gelyk pad,
omdat ek vyande het.

¹² Moet my nie aan my teenstanders uitlewer nie,
want vals getuies het teen my opgestaan,
en hulle blaas geweld aan.^t

¹³ As ek darem nie geglo het dat ek die goedheid van die HERE
sal beleef
in die land van die lewendes nie.

¹⁴ Wag op die HERE!
Wees sterk en hou moed,
ja, wag op die HERE!

28

¹ Van Dawid.

Na U, HERE, roep ek!
My Rots, moet U nie vir my doof hou nie,
sodat ek nie, wanneer U sou swyg,
word soos dié wat in die put^u afdaal nie.

² Luister na my smeekgebed,
as ek na U roep om hulp,

^t27:12 *en hulle ... aan*: Hierdie lesing volg die LXX. Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid.

^u28:1 *put*: •Doderyk

as ek my hande uitstrek
na die heiligste deel van u heiligdom.

³ Moet my nie wegvoer saam met goddelose mense nie,
mense wat onreg pleeg,
wat oor vrede praat met hulle naaste
terwyl daar kwaad in hulle harte is.

⁴ *Vergeld hulle ooreenkomstig hulle daede, hulle bose optrede;
vergeld hulle vir hulle handewerk,
laat hulle kry wat hulle verdien.

⁵ Omdat hulle nie ag slaan op die HERE se daede
en op sy handewerk nie,
sal Hy hulle afbreek en nie opbou nie.

⁶ Die HERE moet geprys word,
want Hy het na my smeekgebed geluister.

⁷ Die HERE is my krag en my skild;
op Hom vertrou my hart.

Ja, ek het hulp ontvang en my hart jubel,
met my lied wil ek Hom prys:

⁸ “Die HERE is vir sy volk^v 'n krag en 'n toevlug;
Hy is die verlossende krag van sy gesalfde.

⁹ “Verlos tog u volk en seën u erfdeel;
wees vir hulle 'n herder en dra hulle vir altyd!”

*28:4 Matt 16:27; 2 Tim 4:14; 1 Pet 1:17; Op 20:12-13; 22:12

^v28:8 *vir ... volk*: Die LXX word hier gevolg. Die bronteks lui “vir hulle”.

29

¹'n Psalm. Van Dawid.

Erken die HERE, godeseuns;^w

erken die HERE — sy majesteit en krag;

²erken die HERE — die majesteit van sy Naam.

Buig in aanbidding voor die HERE in glansryke heiligheid.

³*Die stem van die HERE, oor die waters,

die God van majesteit laat dreun,

die HERE, bo die magtige waters,

⁴die stem van die HERE is kragtig,

die stem van die HERE is glansryk.

⁵Die stem van die HERE breek seders,

die HERE versplinter die seders van die Libanon.

⁶Hy laat hulle bokspring soos 'n kalf,

Libanon en Sirjon soos jong buffels.

⁷Die stem van die HERE kap klip met vlamme.

⁸Die stem van die HERE laat die woestyn^x bewe,

die HERE laat die Kadeswoestyn bewe.

^w29:1 *godeseuns*: Dit verwys na figure uit die hemelse hofhouding.

^{*}29:3 Hand 7:2

^x29:8 *woestyn*: Dit verwys na 'n onbewoonde, onherbergsame gebied waar skape en bokke soms gewei het.

⁹ Die stem van die HERE laat terebinte^y sidder,^z
dit stroop bosse kaal.

Sy hele paleis sê: “Majesteit!”

¹⁰ Die HERE troon oor die vloed,
ja, die HERE troon as koning vir ewig.

¹¹ Die HERE gee krag aan sy volk,
die HERE seën sy volk met vrede.

30

¹ 'n Psalm. 'n Lied vir die inwyding van die huis.^a Van Dawid.

² Ek verheerlik U, HERE,
want U het my opgetrek
en my vyande nie bly gemaak oor my nie.

³ HERE my God,
ek het na U om hulp geroep en U het my gesond gemaak.

⁴ HERE, U het my lewe uit die doderyk^b laat opkom;
tussen dié wat afgaan in die put het U my lewend gehou.

^y29:9 *terebinte*: Dit verwys na 'n Palestynse boom met geveerde blare wat bladwisselend is en rooi bessies dra. Dit word ongeveer vyf meter hoog.

^z29:9 *laat ... sidder*: Die lesing is verkry deur 'n geringe wysiging van vokale in die bronteks. Die Hebreeuse vokalisasie kan vertaal word “Die stem van die Here laat takbokooie voortbring.”

^a30:1 *huis*: Dit verwys na die tempel.

^b30:4 *doderyk*: In die tyd van die Bybel het mense gedink daar is 'n plek onder die aarde waarheen die mense wat sterf, afdaal.

⁵ Sing vir die HERE,

julle wat sy getroue volgelinge is,
en loof sy •heilige, gevierde Naam,

⁶ want sy woede duur 'n oomblik,

sy goedgesindheid 'n lewe lank.

In die aand word daar aanhoudend gehuil
maar teen die oggend is daar 'n gejuig.

⁷ Ek is die een wat onbesorg gesê het:

“Niks sal my ooit laat wankel nie!”

⁸ Deur u goedgesindheid het U, HERE, krag gevestig as my berg.

Verberg U u gesig, is ek verskrik.

⁹ “Na U, HERE, roep ek,

by my Heer smee ek om genade:

¹⁰ Watter nut het dit as my bloed gestort word,
as ek in die graf afgaan?

Sal stof U loof?

Sal dit u trou verkondig?

¹¹ Luister, HERE, en wees my genadig!

HERE, wees vir my 'n helper!

¹² “U het my gerou in 'n koordans verander,

my rouklere uitgetrek

en my met vreugde omgord,

¹³ sodat my hele wese U kan besing en nie stilbly nie.

HERE, my God, ek sal U vir altyd loof!”

31

¹ Vir die •musiekleier. 'n Psalm. Van Dawid.

² By U, HERE, skuil ek.

Ek wil nie vir altyd beskaamd staan nie,
bevry my deur u regverdige optrede.

³ Draai u oor na my, red my gou;
wees 'n rotsvesting vir my,
'n bergskuiling tot my redding.

⁴ Omdat U my rotsvesting, my bergskuiling is,
moet U my ter wille van u Naam lei en begelei.

⁵ Laat my loskom uit die vangnet
wat hulle in die geheim vir my gespan het,
U is immers my toevlug.

⁶ In u hand lê ek my lewe,^c
U het my gered, HERE, troue God.

⁷ Ek het 'n weersin in mense wat nietige afgode aanhang,
maar ek, ek vertrou net op die HERE.

⁸ Ek wil juig en vreugde vind in u troue liefde;
U wat my ellende raakgesien het,
wat besorg was oor my bekommernisse,

⁹ my nie oorgelewer het in die hand van my vyand nie,
maar my voete op 'n ruim plek laat staan het.

¹⁰ Wees my genadig, HERE, want ek is benoud;

^c31:6 *In u ... lewe*: In Luk 23:46 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus;
vgl Hand 7:59; 1 Pet 4:19.

my oë is dik van verdriet,
my •siel en liggaam, ¹¹ ja, my lewe,
 kwyn weg onder kwelling
 en my lewensjare met 'n gesug.

My kragte gee mee onder my sondelas,
 en my ledemate swel op.

¹² Ek het 'n bespotting geword oor al my teenstanders,
veral vir my bure —
ja, 'n verskrikking vir my kennisse.

Wie my op straat sien,
 vlug van my weg.

¹³ Ek is vergete, uit die gedagtes soos 'n dooie;
 ek is soos 'n gebreekte kleipot.

¹⁴ Want ek het die kwaadpraterij van baie gehoor:
“'n Skrikbewind van alle kante!”

Wanneer hulle teen my saamspan,
 beplan hulle om my lewe te neem.

¹⁵ Maar ek, ek vertrou net op U, HERE!

 Ek sê: “U is my God,

¹⁶ my tye is in u hand.”

Red my van my vyande, van hulle wat my agtervolg.

¹⁷ Laat die lig van u teenwoordigheid oor u dienskneg skyn;*
 verlos my in u troue liefde.

¹⁸ HERE, moenie dat ek beskaamd staan nie,
 want ek roep na U;

*31:17 *Laat ... skyn*: Num 6:25

laat die goddelose mense beskaamd staan,
laat hulle die •doderyk treurend binnegaan.

¹⁹ Laat die bedrieglike lippe swyg,
hulle wat uit die hoogte en met minagting
onbeskaamd oor die regverdiges praat.

²⁰ Hoe groot is u goedheid
wat U bewaar vir dié wat vir U ontsag het,
wat U voorberei vir dié wat by U skuil,
terwyl die mense toekyk.

²¹ U verberg hulle in die beskutting van u teenwoordigheid
teen die sameswering van mense;
teen twisgierige tonge steek U hulle weg in 'n skuiling.

²² Die HERE moet geprys word,
want in 'n beleërde stad het Hy sy troue liefde wonderbaarlik
aan my bewys.

²³ Maar ek, ek het in my angstigheid gedink ek is afgesny,
weg uit u gesigsveld.

Nogtans het U my smeekgebed gehoor,
toe ek na U om hulp geroep het.

²⁴ Julle moet die HERE liefhê,
almal wat aan Hom getrou is.

Die HERE hou betroubares veilig,
maar vergeld, tot die uiterste,
dié wat hoogmoedig optree.

²⁵ Wees sterk en hou moed,*

*31:25 *Wees ... moed*: 1 Kor 16:13

julle almal wat julle hoop op die HERE vestig.

32

¹ Van Dawid. 'n *Maskiel*.^d

*Gelukkig is die een wie se oortreding vergewe,
wie se sonde bedek is.

² *Gelukkig is die mens vir wie die HERE skuld nie toereken nie,
en in wie se gees geen bedrog is nie.

³ Toe ek stilgebly het, het my liggaam uitgeteer
onder my gekreun die hele dag;

⁴ ja, dag en nag was u hand swaar op my:
my lewenskrag^e het weggekwyn
soos in die hitte van die somer. •*Sela*

⁵ *My sonde het ek teenoor U erken;
my skuld het ek nie bedek nie.

Ek het gedink, “Ek wil my oortredinge teenoor die HERE bely,”
en U het my sondeskuld vergewe. *Sela*

⁶ Dit is waarom elke getroue volgeling
tot U moet bid in 'n tyd van angs.

^d32:1 *Maskiel*: 'n Tegniese term wat moontlik aandui dat die psalm vir onderrig gebruik is.

*32:1 Rom 5:7-8

*32:2 Op 14:5

^e32:4 *my lewenskrag*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid.

*32:5 1 Joh 1:9

Die geluid van 'n groot vloed water
sal hom nie bereik nie.^f

⁷ U bied vir my beskutting;
U vrywaar my van nood;
met jubelkrete van bevryding omring U my. *Sela*

⁸ Ek wil jou insig gee,
ek wil jou die pad leer wat jy moet loop.
Ek wil jou raad gee, my oog oor jou hou.

⁹ Moet julle nie soos 'n perd, soos 'n muil sonder verstand, gedra nie:
Met toom en stang moet sy krag⁹ beteuel word,
anders bly hy nie by jou nie.

¹⁰ Goddelose mense het baie smarte,
maar wie op die HERE vertrou —
troue liefde omring hulle.

¹¹ Verbly julle in die HERE, en juig, regverdiges;
ja, jubel dit uit, almal met opregte harte.

33

¹ Regverdiges, jubel oor die HERE!
'n Loflied pas opregtes.

²*Loof die HERE met 'n lier;
speel vir Hom op die tiensnarige harp.

^f32:6 *tyd van ... bereik nie*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid, die LXX word hier gedeeltelik gevolg.

⁹32:9 *sy krag*: Oor die betekenis van die Hebreeuse woord is daar onsekerheid.

*33:2-3 Ef 5:19

- ³ Sing vir Hom 'n nuwe lied;*
speel mooi op snaarinstrumente
met uitroepe van vreugde.
- ⁴ Want die woord van die HERE is reg,
en al sy werk is betroubaar.
- ⁵ Hy is lief vir reg en •geregtigheid;
die troue liefde van die HERE vul die aarde.
- ⁶ Deur die woord van die HERE
is die hemele^h gemaak*
en deur die asem van sy mond
die hemel se hele leër.*
- ⁷ Hy hou die water van die see soos in 'n dam bymekaar;
Hy gaar die oerwaters op in voorraadkamers.
- ⁸ Die hele aarde moet die HERE vrees;
vir Hom moet al die bewoners van die wêreld ontsag hê,
- ⁹*want Hy het gepraat en dit was daar,
Hy het beveel en toe staan dit daar.
- ¹⁰ Die HERE verydel die raadsplanne van nasies,
Hy dwarsboom die planne van volke.
- ¹¹ Die raadsplan van die HERE bestaan vir ewig,

*33:3 *nuwe lied*: Ps 40:4; 96:1; 98:1; 144:9; 149:1; Jes 42:10; Op 5:9; 14:3

^h33:6 *hemele*: Volgens die destydse wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterrehemel en die derde hemel waar God woon.

*33:6 *Deur ... gemaak*: Heb 11:3

*33:6 *leër*: Gen 2:1

*33:9 Heb 11:3

die planne wat Hy bedink, hou stand van geslag tot geslag.

¹² Gelukkig is die nasie wie se God die HERE is,
die volk wat Hy as sy eiendom gekies het.*

¹³ Uit die hemel kyk die HERE,
Hy sien alle mense.

¹⁴ Uit die plek waar Hy woon
beskou Hy al die bewoners van die aarde,*

¹⁵ Hy wat elkeen van hulle se denke vorm,
insig het in alles wat hulle doen.

¹⁶ Geen koning word deur 'n groot leër gered nie;
'n krygsman red homself nie deur groot krag nie.*

¹⁷ 'n Perd bied vals hoop vir oorwinning,
deur sy groot krag kan hy nie red nie.

¹⁸ Kyk, die HERE hou sy oog
op dié wat vir Hom ontsag het,
op dié wat hulle hoop vestig op sy troue liefde,
¹⁹ om hulle lewens van die dood te red
en hulle aan die lewe te hou tydens hongersnood.

²⁰ Met ons hele wese wag ons op die HERE;
Hy is ons hulp en ons skild.

²¹ Want oor Hom is ons harte verheug,
ja, op sy •heilige Naam vertrou ons.

²² Mag u troue liefde oor ons wees, HERE,

*33:12 *die volk ... gekies het:* Deut 4:7-8; 33:29

*33:13-14 *Uit die hemel ... aarde:* Ps 11:4; 14:2; 53:3.

*33:16 *'n krygsman ... krag nie:* Ps 20:8; 76:7; 147:10

terwyl ons op U wag!

34

¹ Van Dawid. Toe hy hom kranksinnig gehou het voor Abimeleg,ⁱ dié hom weggejaag en hy toe weggegaan het.

⌘ *ALEF*

² Ek wil die HERE die hele tyd prys,
my mond is voortdurend vol van sy lof.

⌚ *BET*

³ In die HERE sal ek roem;
verdruktes sal dit hoor en hulle verheug.

⌛ *GIMEL*

⁴ Roem saam met my in die grootheid van die HERE,
ja, laat ons saam sy Naam verheerlik.

⌜ *DALET*

⁵ Ek het die HERE smekend genader en Hy het my geantwoord;
uit al my verskrikkinge het Hy my gered.

⌝ *HE*

⁶ Verdruktes^j kyk op na Hom en hulle gesigte straal;
hulle hoof nie verleë te wees nie.

⌞ *ZAJIN*

⁷ Hierdie magtelose het geroep en die HERE het gehoor,
en uit al sy benoudhede het Hy hom verlos.

ⁱ34:1 *Abimeleg*: 1 Sam 21:10 noem hierdie koning Agis.

^j34:6 *Verdruktes*: Die bronteks lui “Hulle”. Dit verwys na die “verdruktes” in vs 3.

י *GET*

⁸ Die engel van die HERE vorm 'n laer
rondom mense wat vir die HERE ontsag het,
en Hy red hulle.

ד *TET*

⁹*Beproef dit en ervaar: Die HERE is goed,
gelukkig is die mens wat by Hom skuil.

י *JOD*

¹⁰ Julle moet ontsag hê vir die HERE,
julle wat aan Hom toegewy is;
want wie vir Hom ontsag het,
ly geen gebrek nie.

כ *KAF*

¹¹ Jong leeus kry swaar en ly honger,
maar wie smekend tot die HERE nader,
ly geen gebrek aan alles wat goed is nie.

ל *LAMED*

¹² Kom, kinders, luister na my,
ontsag vir die HERE sal ek julle leer.

מ *MEM*

¹³*Wie is die mens wat lewe begeer,
graag jare wil hê om die goeie te ervaar?

*34:9 Heb 1:14; 1 Pet 2:3

*34:13-17 1 Pet 3:10-12

י *NUN*

¹⁴ *Weerhou jou tong van die kwaad
en jou lippe van leuens praat.

ו *SAMEK*

¹⁵ Vermy die kwaad, doen die goeie;
soek vrede, en jaag dit na.

ז *AJIN*

¹⁶ *Die oë van die HERE is gerig op die regverdiges,
sy ore op hulle hulpgeroep.

ח *PE*

¹⁷ Die gesig van die HERE is gedraai na die kwaaddoeners
om hulle gedagtenis uit te roei van die aarde af.

ט *TSADE*

¹⁸ Regverdiges^k roep om hulp en die HERE luister,
uit al hulle benoudhede red Hy hulle.

ך *KOF*

¹⁹ Die HERE is na aan hulle wat gebroke harte het;
wie se gees verpletter is, verlos Hy.

ל *RESJ*

²⁰ *'n Regverdige ervaar baie teenspoed,
maar uit dit alles red die HERE hom.

*34:14 Jak 1:26

*34:16 Joh 9:31

^k34:18 *Regverdiges*: Die lesing van die LXX word hier gevolg. Die woord kom nie in die bronteks voor nie.

*34:20 2 Kor 1:5; 2 Tim 3:11

ⲱ *SJIN*

²¹ Hy beskerm al sy bene;
nie een van hulle word gebreek nie.¹

ⲏ *TAW*

²² Boosheid veroorsaak 'n goddelose mens se dood
en wie 'n regverdige haat, sal daarvoor boet;
²³ die HERE red die lewe van sy diensknegte
en almal wat by Hom skuil, sal nie boet nie.

35

¹ Van Dawid.

Voer 'n regstryd, HERE, teen dié wat my aankla,
veg teen dié wat met my veg.

² Vat 'n klein en 'n groot skild,
staan op om my te help.

³ Trek die spies en lans^m uit,
om my vervolgers tegemoet te gaan.

Sê vir my: “Ek verlos jou!”

⁴ Laat hulle wat my lewe soek, beskaamd en verneder staan,
laat hulle wat kwaad teen my beplan, terugdeins en verleë staan.

⁵ Laat hulle soos kaf voor die wind wees,

¹34:21 *nie een ... gebreek nie*: In Joh 19:36 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

^m35:3 *lans*: Oor die betekenis van die woord wat met “lans” vertaal is, is daar onsekerheid. Dit kan ook na 'n strydbyl verwys.

ja, laat die engel van die HERE hulle platvee.

⁶ Laat hulle pad donker en glibberig wees,
terwyl die engel van die HERE hulle agtervolg.

⁷ Hulle het immers sonder rede
in die geheim vir my hulle vangnet gespan,
sonder rede vir my 'n vanggat gegrawe.

⁸ *Laat teenspoed oor hulle kom sonder dat hulle dit weet,
en die net wat hulle weggesteek het — laat dit hulle vang.
Deur teenspoed moet hulle daarin val.

⁹ Ek sal dan juig in die HERE,
ek sal jubel oor sy verlossing.

¹⁰ My hele wese sal sê: “HERE, wie is soos U,
wat die magtelose red van dié wat sterker as hy is,
ja, die magtelose en behoeftige van dié wat hom beroof?”

¹¹ Gewelddadige getuies staan op,
oor iets waarvan ek niks weet nie, ondervra hulle my.

¹² Hulle vergeld my kwaad vir goed,
ek is stoksielalleen.

¹³ *Maar ek, toe hulle siek was, het ek rouklere aangetrek,
ek het myself gefolter deur te vas.

Toe my gebed nie verhoor is nie,ⁿ

¹⁴ was ek rusteloos asof dit 'n vriend, my •broer, was.

*35:8 Rom 11:9-10

*35:13 Rom 12:15

ⁿ35:13 *Toe my ... is nie*: Die bronteks lui “Toe my gebed na my skoot terugkeer het”.

Soos iemand wat oor 'n ma treur,
het ek geboë in rouklere geloop.

¹⁵ Maar toe ek struikel, was hulle verheug en het saamgedrom;
aanvallers^o het teen my saamgedrom sonder dat ek dit besef,
hulle het my sonder ophou uitmekaargeskeur.

¹⁶ *Hulle toets my, hulle spot my met minagting,^p
hulle kners hulle tande^q vir my.

¹⁷ My Heer, hoe lank gaan U toekyk?

Red my lewe uit hulle vernietiging,
my enigste lewe van die jong leeus.

¹⁸ Dan sal ek U prys in 'n groot vergadering,
tussen 'n menigte mense sal ek U loof.

¹⁹ Laat my vyande, die bedrieërs, nie oor my bly wees nie,
laat hulle wat my sonder rede haat,^r nie 'n oog knip^s nie;
²⁰ dit is immers nie vrede waaroor hulle praat nie.

Teen die vredeliewendes smee hulle bedrieglike planne.

²¹ Ja, hulle rek hulle monde wyd oor my;

^o35:15 *aanvallers*: Hierdie lesing is verkry deur die wysiging van een vokaal. Die bronteks lui “gebrokenes”.

^{*}35:16 Hand 7:54

^p35:16 *Hulle toets ... minagting*: Die lesing van die LXX word hier gevolg. Die bronteks lui “Met die goddeloses van die spotters van eetgoed”.

^q35:16 *kniers ... tande*: Dit is 'n teken van woede en haat.

^r35:19 *hulle wat ... haat*: In Joh 15:25 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

^s35:19 *oog knip*: Om 'n oog te knip, het beteken om iets onderduims te doen; vgl Spr 6:13; 10:10; 16:30.

hulle sê: “Aha! Aha! Ons het dit self gesien!”

²² U het dit tog gesien, HERE,

moet tog nie stilbly nie,

my Heer, moenie ver van my af bly nie!

²³ Word wakker, staan op vir my regte,

vir my verdediging, my God en my Heer.

²⁴ Handhaaf my reg volgens u reg, HERE, my God,

laat hulle nie oor my bly wees nie.

²⁵ Laat hulle nie hulleself wysmaak: “Aha, net wat ons wou hê!” nie.

Laat hulle nie sê: “Ons het hom verslind!” nie.

²⁶ Laat dié wat hulle oor my teenspoed verbly,

almal beskaamd en verleë staan;

laat skaamte en vernedering hulle soos klere bedek,

dié wat hulle teen my groot hou.

²⁷ Mag dié wat wil hê dat reg aan my geskied,

juig en bly wees

en mag hulle aanhoudend sê:

“Groot is die HERE,

wat vrede vir sy dienskneg begeer!”

²⁸ My tong sal dan bly praat oor die reg wat U handhaaf,

die hele dag lank oor die lof wat U toekom.

36

¹ Vir die •musiekleier. Van die dienskneg van die HERE. Van Dawid.

² 'n Uitspraak oor die oortreding van die goddelose mens leef in
my gedagtes:

“Hy hou geen vrees vir God voor oë nie.*

³ Immers, in sy eie oë is hy te seker van homself
om sy skuld te ontdek, om dit te haat.

⁴ Die woorde uit sy mond is suiwer onreg en bedrog,
hy laat na om wys op te tree, om goed te doen.

⁵ Onreg bedink hy op sy bed;
hy gaan staan op 'n pad wat nie goed is nie;
kwaad verwerp hy nie.”

⁶ HERE, tot in die hemel strek u troue liefde,
u getrouheid tot by die wolke.

⁷ U reg is soos massiewe berge,
u regspraak 'n groot watermassa.
U verlos mens en dier, HERE.

⁸ Hoe kosbaar is u troue liefde, o God!
Mense skuil in die skadu van u vlerke.

⁹ Hulle drink hulle versadig aan die oorvloed van u huis,
uit die stroom van u vreugde laat U hulle drink.

¹⁰ Ja, by U is die fontein van lewe,*
in u lig sien ons lig.

¹¹ Reik met u troue liefde uit na hulle wat U ken,
met u •geregtigheid na die opregtes van hart.

¹² Laat 'n hoogmoedige voet my nie inhaal nie,
en die hand van goddelose mense my nie verdryf nie.

*36:2 *Hy hou ... oë nie:* Rom 3:18

*36:10 *by U ... lewe:* Op 21:6

¹³ Daar val die mense wat onreg pleeg;
hulle word neergevel en kan nie weer opstaan nie.

37

¹ Van Dawid.

⌘ *ALEF*

Moet jou nie ontstel oor die kwaaddoeners nie;
moenie afgunstig wees op hulle wat kwaadwillig optree nie,
² want soos gras verdor hulle vinnig,
en soos groen plante verwelk hulle.

⌘ *BET*

³ Vertrou op die HERE en doen die goeie,
bewoon die land en waak oor eerlikheid.
⁴ *Vind jou vreugde in die HERE,
dan sal Hy jou gee wat jou hart begeer.

⌘ *GIMEL*

⁵ Vertrou jou lewenspad aan die HERE toe,
vertrou op Hom, en Hy sal optree.
⁶ Hy sal jou •geregtigheid soos die oggendlig laat verskyn
en jou reg soos die middagson.

⌘ *DALET*

⁷ Wees stil voor die HERE,
en krimp ineen van vrees voor Hom.^t

*37:4 Matt 6:33

^t37:7 *krimp ... Hom*: Sommige vertalings wysig die bronteks tot die ekwivalent van “en wag op Hom”.

Moet jou nie ontstel oor iemand wat sukses behaal op sy
lewenspad nie,
oor 'n mens wat komplotte smee nie.

⌈ *HE*

⁸ Moenie kwaad word nie en laat vaar die woede;
moet jou nie ontstel nie, dit bring net kwaad.
⁹ Want kwaaddoeners sal vernietig word,
maar wie op die HERE wag — hulle sal die land besit.

⌈ *WAW*

¹⁰ Nog net 'n rukkie,
dan sal daar geen goddelose mens meer wees nie.
Jy sal sy plek dophou, maar hy sal nie daar wees nie.
¹¹ *Die verdruktes sal die land besit
en hulle verlustig in die oorvloed vrede.

⌈ *ZAJIN*

¹² *Goddelose mense beplan onheil teen die regverdige
en kners hulle tande^u vir hom.
¹³ My Heer lag vir hulle,
want Hy sien dat hulle dag kom.

⌈ *GET*

¹⁴ Goddelose mense trek die swaard en span hulle boog
om die magtelose en behoeftige neer te vel,
om dié wat opreg leef, af te slag.
¹⁵ Hulle swaard sal hulle eie hart binnedring,

*37:11 Matt 5:5

*37:12 Hand 7:54

^u37:12 *kniers ... tande*: Dit is 'n teken van woede en haat.

en hulle boë sal gebreek word.

‣ *TET*

¹⁶ Die bietjie wat 'n regverdige het, is beter as die oorfloed van baie goddelose mense.

¹⁷ Want die arms van goddelose mense sal gebreek word, maar die HERE ondersteun regverdiges.

‣ *JOD*

¹⁸ Die HERE dra sorg vir die lewensdae van hulle wat onberispelik leef:

Hulle erfdeel bly vir altyd behoue.

¹⁹ Hulle sal nie beskaamd staan in 'n tyd van teenspoed nie, en in tye van hongersnood is hulle versadig.

‣ *KAF*

²⁰ Maar goddelose mense gaan tot niet, die vyande van die HERE — soos kosbare weiveld verdwyn hulle, in 'n rookwolk verdwyn hulle.

‣ *LAMED*

²¹ 'n Goddelose mens leen en betaal nie terug nie, maar 'n regverdige is goehartig en gee graag.

²² Waarlik, wie deur Hom geseën is, sal die land besit, maar wie deur Hom vervloek is, sal uitgeroei word.

‣ *MEM*

²³ Danksy die HERE stap 'n jongman met ferm treeë; en die HERE is tevrede met sy lewenspad.

²⁴ As hy val, sal hy nie neerslaan nie want die HERE hou hom aan sy hand.

י *NUN*

²⁵ Toe ek jonk was en selfs nou dat ek oud geword het,
het ek nie gesien dat 'n regverdige versaaak word,
of dat sy nageslag kos bedel nie.

²⁶ Hy is altyd goehartig en leen graag uit,
sy nageslag is 'n seën vir ander.

ו *SAMEK*

²⁷ As jy die kwaad vermy en die goeie doen,
sal jy vir altyd die land bewoon.

²⁸ Want die HERE het •geregtigheid lief

ז *AJIN*

en wie aan Hom getrou is, verlaat Hy nie;
hulle word vir altyd beskerm,
maar die nageslag van goddelose mense word uitgeroei.

²⁹ Regverdiges sal die land besit en vir altyd daarin woon.

ח *PE*

³⁰ Die mond van 'n regverdige prewel^v wysheid
en sy tong praat wat reg is,

³¹ die wet van sy God leef in sy hart,
sy voete sal nie struikel nie.

ט *TSADE*

³² Goddelose mense hou die regverdige dop,
en is daarop uit om hom dood te maak.

³³ Die HERE gee hom nie oor in hulle hand nie,

^{v37:30} *prewel*: Die Hebraeuse woord verwys na die Joodse gebruik om die Tien Gebooe en ander wette van die Ou Testament gedurig saggies vir jouself op te sê.

en veroordeel hom nie wanneer hy teregstaan nie.

⌈ *KOF*

³⁴ Wag op die HERE,

en hou by sy pad,

dan sal Hy jou aansien gee om grond te besit.

Jy sal toekyk wanneer goddelose mense uitgeroei word.

⌈ *RESJ*

³⁵ Ek het 'n goddelose mens gesien, 'n gewelddadige,

wat gedy^w het soos 'n lowerryke, inheemse boom,

³⁶ maar toe iemand weer daar verbygaan, was hy weg.

Ja, toe ek hom soek, was hy nêrens te vinde nie.

⌈ *SJIN*

³⁷ Let maar op 'n onbesproke mens,

kyk maar na 'n opregte —

'n vredeliewende mens het afstammeling;

³⁸ maar oortreders word almal saam uitgedelg,

die afstammeling van goddelose mense word uitgeroei.

⌈ *TAW*

³⁹ Regverdiges se verlossing kom van die HERE —

hulle toevlug in 'n tyd van verdrukking.

⁴⁰ Die HERE help hulle en bevry hulle.

Hy bevry hulle van goddelose mense en verlos hulle,

want hulle skuil by Hom.

^w**37:35 gedy:** Die lesing van die LXX word hier gevolg. Die bronteks lui “homself ontbloot”.

38

¹'n Psalm. Van Dawid. Ter herinnering.

² Bestraf my nie in u toorn nie, HERE,
kasty my nie in u woede nie,

³ want u pyle het my binnegedring
en u hand het op my afgekom.

⁴ Daar is geen gesonde plek aan my liggaam nie,
omdat U my vervloek het.

Daar is geen vrede in my gebeente nie,
omdat ek sonde gedoen het.

⁵ Ja, my sondeskuld oorweldig my,^x
soos 'n swaar las is dit ondraaglik vir my.

⁶ My wonde stink, dit sweer
vanweë my dwaasheid.

⁷ Ek is kromgetrek, heeltemal geboë,
die hele dag loop ek in rouklere rond.

⁸ Ja, my lende is ontsteek,
daar is geen gesonde plek aan my liggaam nie.

⁹ Ek is kragteloos, heeltemal verpletter,
ek kreun omdat my hart onstuimig klop.

¹⁰ My Heer, al my versugtinge lê ontbloot voor U,

^x38:5 *oorweldig my*: Letterlik 'het bo-oor my kop gegaan'.

en my gesug is nie vir U verborge nie.

¹¹ My hart klop wild, my krag het my verlaat,
en die lig van my oë — selfs dit is nie meer daar nie.

¹² ^yMy teistering veroorsaak dat my geliefdes en vriende op 'n
afstand bly staan,
wie na aan my is, staan ver van my af.

¹³ Hulle wat my lewe soek, stel strikke.
Hulle wat my leed wil aandoen, dreig my met vernietiging.
Die hele dag konkel hulle onder mekaar.

¹⁴ Maar ek, ek is soos 'n dowe, ek hoor nie,
ek is soos 'n stomme wat nie sy mond oopmaak nie.

¹⁵ Ek is soos iemand wat nie hoor nie,
uit wie se mond daar geen verweer kom nie,

¹⁶ want op U, HERE, wag ek.
U moet my antwoord, my Heer, my God.

¹⁷ Ek het immers gesê:
“Anders is hulle bly oor my,
is hulle selfvoldaan teenoor my wanneer my voet swik,”

¹⁸ want ek is op die punt om te val.
Van my lyding is ek altyd bewus —

¹⁹ al bely ek my skuld,
al is ek beangs oor my sonde.

²⁰ Maar my vyande leef,
hulle is magtig en hulle is baie,

^y38:12 Luk 23:49 is 'n toespeling op Ps 38:12 as heenwysing na Jesus Christus.

dié wat my sonder rede haat,

²¹ wat goed met kwaad vergeld.

Hulle kla my aan, al streef ek die goeie na.

²² Moet my nie verlaat nie, HERE!

My God, moet nie ver van my af bly nie!

²³ Kom my tog gou te hulp,

my Heer wat my verlos.

39

¹ Vir die •musiekleier. Vir *Jedoetoen*.^z 'n Psalm. Van Dawid.

²* Ek het my voorgeneem

ek moet let op my optrede

en my tong van sonde weerhou,

ek moet 'n wag voor my mond plaas

wanneer goddelose mense in my teenwoordigheid is.

³ Ek het stilgebly, doodstil;

ek was stil sonder om 'n woord te sê,

maar my pyn het vererger.

⁴ My hart het gegloei in my binneste;

toe ek gesug het, het die vuur opgevlam,

my tong het los geraak:

^z39:1 •*Jedoetoen*: Oor die betekenis hiervan is daar onsekerheid. Dit is 'n musiekterm, of 'n verwysing na die musiekleier Jedoetoen; vgl Neh 11:17; 1 Kron 9:16; 16:38.

*39:2 Jak 1:26

⁵ “HERE, maak my einde aan my bekend
en die getal van my dae, hoeveel dit is.
Ek wil weet hoe verganklik ek is.

⁶ Kyk, U het my lewensdae net 'n paar handbreedtes gemaak,
en my lewensduur is soos niks voor U,
selfs 'n mens wat stewig staan, is net 'n asemteug. •*Sela*

⁷ As 'n blote skaduwee gaan mense deur die lewe,
waarlik, tevergeefs is hulle rusteloos —
mense maak bymekaar,
maar weet nie wie dit gaan kry nie.

⁸ “En nou, wat verwag ek, my Heer?
My hoop, op Ú is dit gevestig.

⁹ Verlos my van al my oortredinge;
maak my nie die bespotting van 'n dwaas nie.

¹⁰ “Ek bly stil, ek maak my mond nie oop nie,
want dit is U wat optree.

¹¹ Neem u slae van my af weg;
ek, onder die geweld^a van u hand vergaan ek.

¹² Met tereg wysings oor sondeskuld bestraf U 'n mens,
soos 'n mot verteer U dit wat vir hom waardevol is;
waarlik, elke mens is net 'n asemteug. *Sela*

¹³ “Hoor tog my gebed, HERE,
en luister na my hulpgeroep;

^a39:11 *geweld*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid. Die lesing van die LXX word hier gevolg.

moenie swyg by my trane nie,
want 'n vreemdeling^b is ek by U,
'n bywoner, soos al my voorgeslagte.*
¹⁴ Kyk weg van my af sodat ek vrolik kan wees,
voordat ek heengaan en nie meer daar is nie.”

40

¹ Vir die •musiekleier. Van Dawid. 'n Psalm.

² Ek het op die HERE bly wag,
Hy het na my afgebuig
en my hulpgeroep gehoor.

³ Hy het my opgetrek uit die dreunende put,
uit die modderige slik.
Hy het my voete op 'n rotsbank laat staan,
my voetstappe vastigheid gegee.

⁴ Hy het 'n nuwe lied* in my mond gelê,
'n lofsang vir ons God.*
Baie sal dit sien, en ontsag hê,
ja, hulle sal op die HERE vertrou.

⁵ Gelukkig is die mens wat sy vertrou in die HERE stel,

^b39:13 *vreemdeling*: Dit is 'n persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. •Vreemdelinge wat tydelike verblyfreg by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet (Lev 19:34).

*39:13 *'n vreemdeling ... voorgeslagte*: Heb 11:13; 1 Pet 2:11

*40:4 *nuwe lied*: Ps 33:3; 96:1; 98:1; 144:9; 149:1; Jes 42:10; Op 5:9; 14:3

*40:4 *Hy het ... God*: Op 5:9; 14:3

en hom nie wend tot vyande
en dié wat hulle toevlug tot leuens neem nie.

⁶ U, HERE my God, U het so baie wonders gedoen,
U het soveel planne vir ons.
Niemand kan teenoor U opgestel word nie.
Ek wil dit bekend maak, dit oorvertel,
maar dit is te veel om op te noem.

⁷ ^cAan •slagoffers en •graanoffers het U geen erg nie —
U het my ore oop gemaak^d —
•brandoffers en •reinigingsoffers het U nie gevra nie.*

⁸ Daarop het ek gesê: “Kyk, ek het gekom” * —
in die •boekrol is oor my geskryf.

⁹ Wat U behaag, my God, wil ek graag doen,
u wet is in my binneste.”

¹⁰ Ek het 'n boodskap van heil gebring
in 'n groot byeenkoms,
kyk, my lippe hou ek nie dig nie.
U weet dit self, HERE.

¹¹ U regverdige optrede

^c40:7-9 In Heb 10:5-7 word Ps 40:7-9 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

^d40:7 *U ... gemaak*: Die bronteks lui “ore het U vir my gegrawe”. Die LXX lui “'n liggaam het U vir my voorberei”; vgl Heb 10:5.

*40:7 *Aan ... gevra nie*: Ef 5:2; Heb 10:8

*40:8-9 Luk 7:19; Heb 10:9

het ek nie in my hart weggesteek nie,
oor u trou en verlossing het ek gepraat.
Ek het nie u troue liefde en betroubaarheid
vir 'n groot byeenkoms verhul nie.

¹² U, HERE, moet tog nie u ontferming van my weerhou nie.

Laat u liefde en trou my altyd veilig hou,

¹³ want tallose gevare omring my.

My sondeskuld het my ingehaal

sodat ek nie kan sien nie;

dit is meer as die hare op my kop.

My moed het my begewe.

¹⁴ Mag dit U behaag om my te red, HERE,

HERE, kom my gou te hulp!

¹⁵ Laat hulle almal beskaamd en verleë staan,

hulle wat my die lewe wil ontnem.

Laat hulle terugdeins en verneder word,

hulle wat behae het in my teenspoed.

¹⁶ Mag hulle ontredderd wees deur hulle skande,

hulle wat vir my sê: "Aha! Aha!"

¹⁷ Mag almal wat U soek

hulle verheug en in U bly wees;

mag hulle wat u verlossing liefhet, voortdurend sê:

"Groot is die HERE!"

¹⁸ Ek is magteloos en behoeftig,

maar my Heer sal aan my dink.
U is my hulp, my bevryder.
My God, moenie talm nie.

41

¹ Vir die •musiekleier. 'n Psalm. Van Dawid.

² Gelukkig is die mens wat die hulpelose in ag neem;
op die dag van onheil sal die HERE hom laat ontkom.

³ Die HERE sal hom beskerm en in die lewe hou;
hy sal gelukkig genoem word in die land
en U sal hom nie uitlewer aan die begeerte van sy vyande nie.

⁴ Die HERE sal hom ondersteun op sy siekbed;
wanneer hy siek lê, verander U sy toestand.

⁵ Ek het gesê:
“HERE, wees my genadig,
genees my tog, want ek het teen U gesondig.

⁶ My vyande wens my kwaad toe,
‘Wanneer sterf hy en verdwyn sy naam?’

⁷ As iemand my besoek, huigel hy,
maar in sy hart koester hy onheilsgedagtes
en as hy buite kom, dan praat hy.

⁸ Almal wat my haat,
fluister onder mekaar oor my, ja, oor my.

Hulle beplan teenspoed vir my,

⁹ ‘Iets boos het hom oorval
en nou dat hy lê, sal hy nie weer opstaan nie.’

¹⁰ Selfs my vriend, wat ek vertrou het
en wat saam met my eet,
het die hakskeen teen my gelig.”^e

¹¹ Maar U, HERE,
wees my genadig en laat my opstaan,
dat ek hulle kan vergeld.

¹² Hieraan weet ek dat U my goedgesind is:
dat my vyand nie oor my juig nie.

¹³ Wat my betref,
omdat ek onberispelik is, ondersteun U my.
U gun my altyd plek in u teenwoordigheid.

¹⁴ *Die HERE, die God van Israel, moet geprys word,
van ewigheid af en vir ewig.
Amen, amen.^f

42

BOEK TWEE

(Ps 42 — 72)

¹ Vir die •musiekleier. 'n *Maskiel*.^g Van die Koragiete.

^e41:10 *wat saam met ... gelig*: In Joh 13:18 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 26:23; Mark 14:18; Luk 22:21; Joh 17:12; Hand 1:16.

^{*}41:14 Luk 1:68; Rom 9:5

^f41:14 *Die Here ... •amen*: Ps 41:14 is die afsluiting van die eerste versameling in die Psalmboek.

^g42:1 *Maskiel*: 'n Tegniesse term wat moontlik aandui dat die psalm vir onderrig gebruik is.

² Soos 'n wildsbok^h wat smag na waterstrome,
so smag my sielⁱ na U, o God.

³ *My •siel dors na God, na die lewende God.

Wanneer kan ek in die tempel^j ingaan
en voor God verskyn?

⁴ Trane is dag en nag my brood,
omdat daar die hele dag lank vir my gevra word:
“Waar is jou God?”

⁵ Hieraan moet ek dink terwyl ek my hart uitstort:

Hoe ek optrek in 'n magtige skare,^k
hoe ek stap na die huis van God
met die geluid van juigkrete en lofsange —
'n feesvierende menigte.

⁶ Waarom kwyn jy weg, my siel,
en is jy so onrustig in my?*

Hoop op God,
want ek sal Hom weer loof
vir die verlossing wat sy teenwoordigheid bring.

⁷ My God! My siel kwyn weg in my,

^h42:2 *wildsbok*: Die boksoort waarna die bronteks verwys, is waarskynlik die rooitakbok.

ⁱ42:2 *siel*: Die Hebreeuse woord verwys hier na die innerlike dimensie van 'n mens se lewe wat geassosieer word met gevoelens en emosies.

*42:3 Op 22:4

^j42:3 *in ... tempel*: Dit ontbreek in die bronteks maar word veronderstel.

^k42:5 *magtige skare*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid.

*42:6 *Waarom ... in my*: Matt 26:38; Mark 14:34; Joh 12:27

daarom dink ek aan U hier uit die Jordaanstreek
en by die Hermonberge, hier van Misarberg af.

⁸ Die diep waters weergalm,
ja, die geluid van u watervalle —
al u deininge en golwe het oor my gespoel.

⁹ Bedags sal die HERE sy troue liefde laat geld,
en snags sal 'n lied vir Hom by my opkom,
'n gebed tot die God van my lewe.

¹⁰ Ek wil vir God sê:
“My rotsvesting, waarom het U my vergeet,
waarom moet ek rouklere dra
omdat die vyand my verdruk?”

¹¹ Dit sny tot op die been,
as my teenstanders my tart
deur die hele dag lank vir my te vra:
“Waar is jou God?”

¹² Waarom kwyn jy weg, my siel,
en is jy so onrustig in my?*

Hoop op God
want ek sal Hom, my God, weer loof
vir die verlossing wat sy teenwoordigheid bring.[†]

43

¹ Handhaaf my reg, o God,

*42:12 *Waarom ... in my*: Matt 26:38; Mark 14:34; Joh 12:27

†42:12 *my God ... bring*: Hierdie lesing berus op sommige Hebreeuse manuskripte. Die bronteks lui “die verlossing van my gesig en my God”.

en verdedig my saak teen 'n ontroue nasie;
bevry my van mense wat bedrog en onreg pleeg.
² U is immers die God by wie ek toevlug soek.
Waarom verwerp U my dan;
waarom moet ek rouklere dra
omdat die vyand my verdruk?

³ Stuur u lig en u waarheid; laat dit my lei,
my bring na u •heilige berg
en na u woonplek,
⁴ sodat ek kan ingaan na die altaar van God,
na die God wat my van blydschap laat jubel,
en sodat ek U, o God, my God, kan loof met 'n lier.
⁵ Waarom kwyn jy weg my •siel,
en is jy so onrustig in my?*

Hoop op God,
want ek sal Hom, my God, weer loof
vir die verlossing wat sy teenwoordigheid bring.^m

44

¹ Vir die •musiekleier. Van die Koragiete. 'n *Maskiel*.ⁿ

² O God, met ons eie ore het ons dit gehoor,

*43:5 *Waarom ... in my*: Matt 26:38; Mark 14:34; Joh 12:27

^m43:5 *my God ... bring*: Hierdie lesing berus op enkele Hebreeuse manuskripte. Die bronteks lui “die verlossing van my gesig en my God”.

ⁿ44:1 *Maskiel*: 'n Tegniese term wat moontlik aandui dat die psalm vir onderrig gebruik is.

ons voorouers het ons vertel
watter dade U in hulle tyd verrig het,
in die ou tyd:

³ U het met u eie hand nasies verdryf,
maar hulle het U geplant,
U het volke geteister,
maar hulle het U laat uitbrei.

⁴ Ja, ons voorouers^o het nie met hulle swaard
'n land in besit geneem nie;
hulle arm het nie aan hulle die oorwinning gegee nie,
maar u regterhand^p en u arm en die lig van u teenwoordigheid,
omdat U hulle goedgesind was.

⁵ *Ú* is my koning, my God
wat die verlossing van Jakob beveel het.

⁶ Met U stoot ons ons teenstanders om,
in u Naam trap ons wie teen ons opstaan, plat.

⁷ Want dit is nie op my boog dat ek vertrou nie,
en dit is nie my swaard wat my sal verlos nie.

⁸ Ja, U verlos ons van ons teenstanders
en U laat hulle wat ons haat, beskaamd staan.

⁹ In God roem ons die hele dag lank,
en u Naam loof ons vir altyd.

^o44:4 *ons voorouers*: Die bronteks lui “hulle”.

^p44:4 *regterhand*: Omdat die •regterhand gewoonlik die sterkste hand is, is dit dikwels uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here.

¹⁰ En tog^q het U ons verstoot, ons verneder;

U trek nie meer saam met ons leërs uit nie.

¹¹ U laat ons terugdeins vir ons teenstanders,
ons haters plunder soos hulle wil.

¹² U lewer ons uit soos slagvee,
verstrooi ons onder die nasies.

¹³ U verkoop u volk goedkoop,
U maak geen wins uit die verkoopprijs nie.

¹⁴ U maak ons 'n bespotting vir ons bure,
die hoon en spot van hulle rondom ons.

¹⁵ U maak van ons 'n spotnaam onder die nasies,
U laat die volke hulle koppe skud^r oor ons.

¹⁶ Die hele dag lank verduur ek vernedering
en is my gesig rooi van skaamte

¹⁷ oor die luide uittarting en verguising,
oor die teenwoordigheid van vyande en wraakgieriges.

¹⁸ Dit alles het met ons gebeur,
maar ons het U nie vergeet nie;
ons het nie troubreuk gepleeg teen u verbond nie.

¹⁹ Ons harte het nie teruggedeins nie,
en ons treë het nie van u pad afgewyk nie.

²⁰ Maar U het ons vergruis
deur van ons 'n plek te maak waar jakkalse hou,^s

^q44:10 *tog*: Hierdie lesing volg 'n Hebreeuse manuskrip. Die bronteks lui “ook”.

^r44:15 *koppe skud*: Dit was 'n teken van minagting.

^s44:20 *deur ... hou*: Die bronteks lui “met die plek van jakkalse”.

U het ons met digte duisternis omhul.

²¹ As ons die Naam van ons God vergeet het,
en ons hande na 'n vreemde god uitgesteek het,

²² sou God dit nie ontdek nie?

Hy is immers die Een wat hartsgeheime ken.

²³ *Tog is U die rede waarom ons die hele tyd vermoor word,
waarom ons as slagvee beskou word.

²⁴ Word wakker! Waarom slaap U, my Heer?

Staan op! Moet ons nie vir altyd verstoot nie.

²⁵ Waarom verberg U u gesig,
vergeet U ons ellende en ons onderdrukking?

²⁶ Want ons asem raak weg in die stof,
ons maag kleef aan die grond.

²⁷ Staan op! Kom ons tot hulp
en bevry ons op grond van u troue liefde.

45

¹ Vir die •musiekleier. Op *Sjosjaniem*.[†] Van die Koragiete. 'n *Maskiel*.^u 'n Liefdeslied.

² My hart loop oor van mooi woorde,
ek dra my lied aan 'n koning voor,

*44:23 Rom 8:36

[†]45:1 *Sjosjaniem*: Die Hebreeuse woord beteken 'lelies'. Dit verwys moontlik na die melodie waarop die psalm gesing is.

^u45:1 *Maskiel*: 'n Tegniese term wat moontlik aandui dat die psalm vir onderrig gebruik is.

my tong is die pen van 'n vaardige skrywer.

³ U is mooier^v as ander mense,
guns vloei oor u lippe,
daarom seën God u vir altyd.

⁴ Gord u swaard aan die heup, o held,
u luister en u glans.

⁵ Seëvier in u glansrykheid,
trek op vir die saak van waarheid,
nederigheid^w en •geregtigheid,
en laat u regterhand^x u lei tot ontsagwekkende dade.

⁶ U pyle is skerp
in die hart van die koning se vyande;
volke val onder u.

⁷ ^yU troon, o goddelike wese, is vir altyd en ewig,
die septer van u heerskappy is 'n billike septer.

⁸ U het •geregtigheid lief en u haat goddeloosheid.
Daarom, o goddelike wese,

^v45:3 *U ... mooier*: Die lesing van die vroegste vertalings word hier gevolg. In die bronteks is daar waarskynlik 'n skryffout.

^w45:5 *nederigheid*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid. Die LXX word hier gevolg.

^x45:5 *regterhand*: Omdat die •regterhand gewoonlik die sterkste hand is, is dit dikwels uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here.

^y45:7-8 Die koning word hier aangespreek. In Heb 1:8-9 word Ps 45:7-8 aangehaal as 'n heenwysing na Jesus Christus.

het u God u met olie van vreugde gesalf —
meer as u vriende.

⁹ Na mirre, adelhout en wildekaneel ruik al u klere;
uit paleise van ivoor^z maak snaarinstrumente u bly.

¹⁰ Die dogters van konings is versier met u juwele;^a
aan u regterkant staan die koningin, getooi in goud uit Ofir.

¹¹ Luister, dogter, kyk en gee aandag!

Vergeet jou volk en die huis van jou vader.

¹² Dan sal die koning jou skoonheid onweerstaanbaar vind;
want hy is jou heer en jy moet laag voor hom buig.

¹³ Dogter van Tirus, met geskenke sal die rykes van die volk jou
guns soek.

¹⁴ In volle glorie wag die dogter van 'n koning binne,
in haar uitrusting van goudbrokaat.

¹⁵ In geborduurde klere word sy na die koning gebring;
jongmeisies, haar vriendinne, is haar gevolg,
hulle word vir u ingebring.

¹⁶ Onder vreugde en gejuig
gaan hulle die koninklike troonsaal binne.

¹⁷ U seuns sal die plekke van u vaders inneem,
u sal hulle as vorste aanstel in die hele land.

¹⁸ Ek sal sorg dat u naam onthou word van geslag tot geslag,
daarom sal mense u loof vir altyd en ewig.

^z45:9 *paleise ... ivoor*: 'n Paleiskompleks met ivoorinlegwerk.

^a45:10 *versier ... juwele*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid.

46

¹ Vir die •musiekleier. Van die Koragiete. Op *Alamoot*.^b 'n Lied.

² God is vir ons 'n skuilplek en 'n bron van krag;
as hulp in benoudheid is Hy maklik bereikbaar.

³*Daarom sal ons nie bang wees

wanneer die aarde skud,

en berge in die hart van die see wankel nie;

⁴ sy golwe kan maar onstuimig wees en skuim,

berge kan maar bewe in die bruisende watermassa. •*Sela*

⁵ Daar is 'n rivier —

sy kanale verskaf vreugde aan die stad van God,

die heiligste woonplek van die Allerhoogste.

⁶ God is in haar midde, die stad sal nie wankel nie,

God sal haar help wanneer die oggend aanbreek.

⁷*Nasies was onstuimig, koninkryke het gewankel,

Hy het sy stem laat hoor; die aarde sidder.

⁸ Die HERE, Heerser oor alle magte, is met ons,

'n toevlugsoord is die God van Jakob vir ons. *Sela*

⁹ Kom kyk na die ongelooflike daade van die HERE,

Hy wat verstommende dinge op aarde doen,

^b46:1 *Alamoot*: Die woord kan vertaal word met “meisies”. Dit dui waarskynlik op die melodie waarop die lied gesing is, of op 'n musikale styl; vgl 1 Kron 15:20.

*46:3-4 Luk 21:25

*46:7 Op 11:18

¹⁰ wat oorloë laat ophou tot aan die einde van die aarde.

Boë breek Hy stukkend en Hy verpletter spiese;

waens verbrand Hy in die vuur.

¹¹ “Bedaar en erken dat Ek God is,

Ek is verhewe bo die nasies,

Ek is verhewe bo die aarde.”

¹² Die HERE, Heerser oor alle magte, is met ons,

'n toevlugsoord is die God van Jakob vir ons. *Sela*

47

¹ Vir die •musiekleier. Van die Koragiete. 'n Psalm.

² Al julle volke, klap hande!

Juig God toe met uitroepe van vreugde,

³ want die HERE, die Allerhoogste, is ontsagwekkend,

'n groot koning oor die hele aarde.

⁴ Hy onderwerp volke aan ons,

nasies werp Hy onder ons voete.

⁵ Hy kies vir ons ons erfgrond,

die trots van Jakob, wat Hy liefhet. •*Sela*

⁶ Onder gejuig bestyg God die troon,^c

die HERE, onder die geluid van 'n ramshoring.

⁷ Besing God met begeleiding, besing Hom,

besing ons koning met begeleiding, besing Hom!

^c47:6 *troon*: Die woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word wel veronderstel; vgl vs 9.

⁸ Want God is die koning van die hele aarde;
besing Hom met 'n lied wat onderrig.^d

⁹* God regeer oor nasies,
God sit op sy •heilige troon.

¹⁰ Die vooraanstaande mense van volke kom bymekaar
by^e die God van Abraham,
want aan God behoort die skilde van die aarde.^f
Hy is uitermate verhewe.

48

¹ 'n Lied. 'n Psalm. Van die Koragiete.

² Groot is die HERE en besonder lofwaardig,
in die stad van ons God, op sy •heilige berg.

³* Indrukwekkend hoog, 'n vreugde vir die hele land
is die Sionsberg, gesetel in die noorde,
in die stad van die groot Koning.

⁴ God in sy vesting is bekend as 'n toevlugsoord!

⁵ Want kyk, die konings het byeengekom,
hulle het saam opgetrek.

⁶ Wat hulle gesien het, het hulle stomgeslaan;

^d47:8 *lied ... onderrig*: Die bronteks lui “sing 'n *maskiel*”. Dit is 'n tegniese term wat moontlik aandui dat die psalm vir onderrig gebruik is; •*Maskiel*.

*47:9 Op 4:2,9,10; 5:1,7,13; 6:16; 7:10,15; 19:4; 21:8

^e47:10 *by*: Die lesing van die LXX word hier gevolg. Die bronteks lui “die volk”.

^f47:10 *skilde ... aarde*: Dit verwys na beskermers.

*48:3 Matt 5:35

verskrik het hulle op die vlug geslaan.

⁷ Vrees en bewing het hulle daar beetgepak,
angs, soos 'n vrou wat geboorte gee,

⁸ soos wanneer U met 'n oostewind
skepe uit Tarsis verpletter.

⁹ Wat ons gehoor het, het ons ook ervaar
in die stad van die HERE, Heerser oor alle magte,
in die stad van ons God:
God het haar gevestig vir altyd. •*Sela*

¹⁰ In u tempel, o God, dink ons na oor u troue liefde.

¹¹ Soos u Naam, o God, so strek u lof
tot aan die einders van die aarde,
u regterhand^g is vol •geregtigheid.

¹² Sionsberg is verheug,
die dogters van Juda^h juig
oor u beslissings.

¹³ Loop rondom Sion, gaan reg rondom haar;
tel haar torings,

¹⁴ let op haar verdedigingswal,
bekykⁱ haar vesting,

^g48:11 *regterhand*: Omdat die •regterhand gewoonlik die sterkste hand is, is dit dikwels uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here.

^h48:12 *dogters ... Juda*: Dit verwys na die dorpe van Juda.

ⁱ48:14 *bekyk*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid.

sodat julle dit vir die toekomstige geslag kan vertel:

¹⁵ Hierdie God is ons God vir altyd en ewig;

Hý sal ons lei vir altyd.]

49

¹ Vir die •musiekleier. Van die Koragiete. 'n Psalm.

² Luister hierna, al julle volke,

gee aandag, almal wat op aarde woon,

³ geringes sowel as dié wat aansien het,

ryk en arm saam.

⁴ My mond sal wyse woorde uitspreek,

waaroor my hart nadink, spreek van insig.

⁵ Ek het 'n oop oor vir spreuke;

onder lierspel sal ek my raaisel oplos.

⁶ Waarom sou ek bang wees in dae van onheil

wanneer die wandade van bedrieërs^k my omring,

⁷ van hulle wat op hulle besittings vertrou

en met hulle groot rykdom spog?

⁸ Een familielid kan nooit 'n ander vrykoop nie,

hy kan nie aan God die losprys vir homself betaal nie,

^j48:15 *vir altyd*: Hierdie lesing sluit aan by die LXX. Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid.

^k49:6 *wandade ... bedrieërs*: Die lesing is verkry deur 'n wysiging van die vokale. Die bronteks lui “die wandade van my hakskene”.

- ⁹ want die vrykoopprys vir hulle lewens is te hoog
en dit sal nooit genoeg wees
- ¹⁰ dat hy vir ewig kan leef
en die graf nie sien nie.
- ¹¹ 'n Mens sien immers dat wyse mense sterf;
saam met die dwaas en die onverstandige vergaan hulle
en laat hulle besittings aan ander na.
- ¹² Die graf^l is hulle tuiste vir altyd,
hulle woning van geslag tot geslag.
Hulle noem stukke grond na hulleself,
- ¹³ maar 'n mens, met sy skatte, is nie blywend nie;
hy is net soos diere — hulle word stil.
- ¹⁴ Dit is hoe die pad loop van wie vol selfvertroue is;
die uiteinde^m van mense wat hou van hulle eie stemme.
- ¹⁵ Soos kleinvee is hulle vir die •doderyk bestem,
die dood is hulle herder.
Opregtes sal in die oggend op hulle trap,
hulle liggeme is bestem vir vertering deur die doderyk,
ver van hulle indrukwekkende wonings.ⁿ
- ¹⁶ Maar God sal my lewe vrykoop
uit die mag van die doderyk,
want Hy sal my wegneem. •*Sela*

^l49:12 *Die graf*: Die LXX en Siriese vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “hulle binneste”.

^m49:14 *uiteinde*: Die bronteks kan ook vertaal word “hulle volgelinge”.

ⁿ49:15 *Opregtes ... wonings*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid.

- ¹⁷ Moenie bang wees as iemand ryk word,
as hy die rykdom van sy huis vermeerder nie;
¹⁸ want hy sal niks daarvan in sy dood saamneem nie,
sy rykdom sal hom nie volg nie.
- ¹⁹ Al wens hy in sy lewe homself geluk met,
“Hulle moet jou prys omdat jy suksesvol is,”
²⁰ sal hy by sy voorgeslagte aansluit.
Vir ewig sal hulle die lig nie sien nie.
- ²¹ Mense met skatte maar sonder insig
is dieselfde as diere — hulle word stil.

50

¹ 'n Psalm. Van Asaf.

- Die God van die gode, die HERE, het gepraat.
Hy het die aarde opgeroep
van waar die son opkom tot waar dit ondergaan.
- ² Vanuit Sion, plek van volmaakte skoonheid,
laat God sy lig straal.
- ³ Ons God kom en Hy gaan nie stilbly nie;
voor Hom uit brand 'n verterende vuur,
rondom Hom woed 'n geweldige storm.
- ⁴ Hy roep na die hemel daarbo,
en na die aarde, om sy volk te oordeel:
- ⁵ “Maak my getroue volgelingen vir my bymekaar,
hulle wat met offers my verbond hernu.”

⁶*Die hemel maak sy regverdigheid bekend,
want Hy is God wat reg laat geskied. •Sela

⁷“Luister tog, my volk, Ek wil my saak stel,
Israel, Ek wil teen jou getuig:
God, jou God, is Ek.

⁸Dit is nie oor jou offers wat Ek jou wil tereg wys nie;
jou brandoffers is altyd voor My.

⁹Ek gaan nie uit jou stal jong bulle vat,
ramme uit jou krale nie,

¹⁰want aan My behoort al die wild in die bos,
die diere op duisende heuwels.

¹¹Ek ken al die voëls op die berge
en die insekte van die veld is aan My bekend.

¹²*As Ek honger sou word, sou Ek jou nie sê nie,
want die wêreld in sy volle omvang, is myne.

¹³Eet Ek die vleis van bulle,
en die bloed van ramme, drink Ek dit?

¹⁴*Offer jou dank aan God,
betaal jou geloftes aan die Allerhoogste,

¹⁵roep My aan in 'n tyd van nood;
Ek sal jou red en jy sal My eer.”

¹⁶*Maar vir die goddelose mens sê God:

*50:6 Heb 12:23b

*50:12 Hand 17:25; 1 Kor 10:26

*50:14 Heb 13:15

*50:16-21 Rom 2:21

“Watter reg het jy om my voorskrifte op te sê
en my verbond op jou lippe te neem?

¹⁷ Jy is die een wat vermaning haat,
en my woorde verwerp jy.

¹⁸ As jy 'n dief sien, raak jy met hom bevriend
en met egbrekers hou jy jou op.

¹⁹ Jy gee jou mond vrye teuels om kwaad te praat,
en jy span jou tong in vir bedrog.

²⁰ Jy sit en konkel teen jou broer,
jy maak jou eie ma se seun sleg.

²¹ Hierdie dinge het jy gedoen, maar Ek het stilgebly.
Jy het gedink Ek is werklik soos jy!

Ek gaan jou tereg wys en vir jou die saak duidelik uiteensit.

²² Verstaan dit tog, julle wat God vergeet,
anders verskeur Ek terwyl niemand kan red nie.

²³ Wie dank aan My offer, eer My;*
en wie let op sy pad^o —

Ek sal hom God se verlossing laat ervaar.”

51

¹ Vir die •musiekleier. 'n Psalm. Van Dawid. ²*Toe die profeet Natan na hom gegaan het nadat hy met Batseba omgang gehad het.

³*Wees my genadig, o God, in u troue liefde;

*50:23 *Wie dank ... eer My*: Heb 13:15

^o50:23 *wie let ... pad*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid.

*51:2 2 Sam 11

*51:3 Luk 18:13

wis my oortredinge uit in u groot ontferming.

⁴ Was my heeltemal skoon van my skuld
en reinig my van my sonde,

⁵ want ek is deeglik bewus van my oortredinge
en my sonde is voortdurend voor my.

⁶ Teen U, teen U alleen, het ek gesondig
en gedoen wat verkeerd is in u oë,*
sodat U gelyk sal hê as U uitspraak lewer,
volkome reg wanneer U oordeel.*

⁷ *Kyk, skuldig was ek by geboorte,
sondig toe my ma swanger geraak het.

⁸ Kyk, getrouheid is wat U in die geheime moederskoot verwag,
wysheid is wat U my in die verborgenheid leer.

⁹ Neem my sonde weg met marjolein^p
sodat ek rein kan wees,
was my, dan sal ek witter as sneeu wees.

¹⁰ Laat my weer uitroepe van vreugde en blydschap hoor;
laat die gebeente wat U verbrysel het, juig.

¹¹ Sluit u oë^q vir my sonde,
en al my skuld, wis dit uit.

¹² Skep 'n rein hart vir my, o God,

*51:6 *Teen ... u oë*: Luk 15:18

*51:6 *sodat ... oordeel*: Rom 3:4

*51:7 Joh 9:34; Rom 7:14

^p51:9 *marjolein*: 'n Bossie wat teen mure groei en waarmee reinigingswater gesprinkel is. Die volksnaam *hisop* is 'n transliterasie van die Hebreeuse woord.

^q51:11 *Sluit u oë*: Letterlik 'hou u gesig toe'.

- vernuwe 'n bestendige gees in my binneste.
- ¹³ Moet my tog nie wegdryf uit u teenwoordigheid nie;
en moet u •heilige Gees nie van my wegneem nie.
- ¹⁴ Laat my weer jubel oor u verlossing,
laat 'n gewillige gees my ondersteun.
- ¹⁵ Ek wil oortreders u paaie leer,
dat sondaars na U kan terugkeer.
- ¹⁶ Red my van bloedskuld,^{r*} o God,
God wat my verlos,
laat my tong juig oor u regverdige optrede.
- ¹⁷ My Heer, maak my lippe oop
en laat my mond u lof verkondig.
- ¹⁸ U vind immers geen vreugde in offers nie,
en wil ek brandoffers bring, aanvaar U dit nie;
- ¹⁹ my offer, o God,^s is 'n gebroke gees,
'n gebroke en verpletterde hart sal U, o God, nie minag nie.
- ²⁰ Doen volgens u wil goed aan Sion,
herbou die mure van Jerusalem.
- ²¹ Dan sal U genoeg neem met die regte offers,
brandoffers en voloffers^t —
dan sal daar op u altaar jong bulle geoffer word.

^r51:16 *bloedskuld*: •Bloedskuld het ontstaan wanneer 'n persoon iets gedoen het wat die dood verdien, byvoorbeeld 'n moord gepleeg het.

^{*}51:16 *Red ... bloedskuld*: Lev 17:4; 20:9

^s51:19 *my offer, o God*: Hierdie lesing is verkry deur die wysiging van een vokaal. Die bronteks lui “offers van God”.

^t51:21 *voloffers*: 'n Offer wat volledig verbrand is.

52

¹ Vir die •musiekleier. 'n *Maskiel*.^u Van Dawid. ² *Toe Doëg, die Edomiet, gegaan en vir Saul berig gebring het. Hy het vir hom gesê: “Dawid het by die huis van Agimelek aangekom.”

³ Waarom spog jy oor boosheid, dapper man?

God se troue liefde is die hele dag daar.

⁴ Jy beplan vernietiging,

jou tong is soos 'n skerp skeermes, jou bedrieër.

⁵ Jy hou meer van die slegte as van die goeie,

meer van leuens as om die waarheid te praat. •*Sela*

⁶ Jy hou van allerhande verwarrende woorde,

van 'n tong wat bedrieg.

⁷ God is daarom die Een wat jou vir goed gaan afbreek.

Hy sal jou wegruk, jou wegskeur uit die tent,

Hy sal jou uitpluk uit die land van die lewendes. *Sela*

⁸ Regverdiges sal dit sien en ontsag hê,

oor hom sal hulle die spot dryf:

⁹ “Kyk die sterk man!

Hy het nie God sy toevlug gemaak nie,

maar op sy groot rykdom vertrou.

^u52:1 *Maskiel*: 'n Tegniese term wat moontlik aandui dat die psalm vir onderrig gebruik is.

*52:2 1 Sam 21:2-10; 1 Sam 22:6-23

Hy soek toevlug^v in wat hom vernietig.”

¹⁰ Maar ek is soos 'n welige olyfboom in God se huis;
ek stel my vertrouwe in God se troue liefde, vir altyd en altyd.

¹¹ Ek sal U vir altyd loof omdat U opgetree het.
In die teenwoordigheid van u getroue volgelinge
vestig ek my hoop op u Naam, want dit is goed.

53

¹ Vir die •musiekleier. Op *Magalat*.^w 'n *Maskiel*.^x Van Dawid.

² *Dwase maak hulleself wys:

“Daar is geen God nie.”

Hulle tree gruwelik en afstootlik op.

Daar is nie een wat goed doen nie.

³ God kyk vanuit die hemel na die mense
om te sien of daar iemand is wat verstandig is,
iemand wat God soek.

⁴ Almal het afgedwaal, almal het ontaard;
daar is nie een wat goed doen nie,
nie eers een nie.

^v52:9 *Hy ... toevlug*: Die bronteks kan ook vertaal word “Hy vind krag”.

^w53:1 *Magalat*: Oor die betekenis hiervan is daar onsekerheid. Dit kan die naam van 'n melodie of 'n musiekinstrument wees, of dit dui op 'n musikale styl.

^x53:1 *Maskiel*: 'n Tegniese term wat moontlik aandui dat die psalm vir onderrig gebruik is.

^{*}53:2-4 Rom 3:10-12

⁵ Is almal wat onreg pleeg dan sonder insig,
hulle wat my volk eet soos 'n mens brood eet?
Hulle roep God nie aan nie.

⁶ Dan oorweldig skrik hulle,
hulle skrik soos nog nooit tevore nie:
God het die beendere van hulle wat jou^y beleër het, verstrooi;
Jy laat hulle beskaamd staan, want God het hulle verwerp.

⁷ Mag daar uit Sion redding kom vir Israel!
Wanneer God die lot van sy volk omkeer,
moet Jakob juig, moet Israel bly wees.

54

¹ Vir die •musiekleier. Met snarespel. 'n *Maskiel*.^z Van Dawid. ²*Toe die Sifiete gegaan en vir Saul gesê het: “Het Dawid dan nie by ons kom wegkruip nie?”

³ O God, verlos my deur u Naam
en verdedig my saak deur u groot krag.

⁴ O God, hoor my gebed;
luister na die woorde van my mond,

⁵ want vreemdes het teen my opgestaan
en gewelddadige mense soek my lewe.

Hulle hou God nie voor oë nie. •*Sela*

^y53:6 *jou*: Dit verwys na God se volk; vgl vs 5.

^z54:1 *Maskiel*: 'n Tegniese term wat moontlik aandui dat die psalm vir onderrig gebruik is.

*54:2 1 Sam 23:19; 26:1

⁶ Kyk, God is vir my 'n helper,
my Heer is die Een wat my lewe ondersteun.
⁷ Hy sal my teenstanders vir hulle kwaad vergeld.

Omdat U getrou is, vernietig hulle!

⁸ Vrywillig bring ek offers aan U.
Ek wil u Naam loof, HERE, want dit is goed;
⁹ ja, u Naam^a het my uit alle nood gered
en ek kon op my vyande neerkyk.

55

¹ Vir die •musiekleier. Met snarespel. 'n *Maskiel*.^b Van Dawid.

² O God, luister na my gebed,
verberg U nie wanneer ek smeek nie.
³ Luister tog aandagtig na my en antwoord my.
Klaend dwaal ek rond; ek is ontsteld^c
⁴ oor die geraas van vyande,
oor die geskree van goddelose mense.
Hulle roep onheil oor my uit,^d
en in woede is hulle vyandig teenoor my.

^a54:9 *u Naam*: Die bronteks lui “dit”.

^b55:1 *Maskiel*: 'n Tegniese term wat moontlik aandui dat die psalm vir onderrig gebruik is.

^c55:3 *Klaend ... ontsteld*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid.

^d55:4 *Hulle ... uit*: Hierdie lesing is verkry deur die wysiging van een konsonant. Die bronteks lui “hulle laat wankel onreg oor my”.

⁵ My hart krimp ineen in my binneste,
doodsangs het my oorval.

⁶ Vrees en bewing oorweldig my,
'n rilling trek deur my liggaam.

⁷ Ek het gedink:

“Het ek maar vlerke gehad soos 'n duif!
Ek sou vlieg en êrens woonplek gaan soek;

⁸ ja, ek sou ver weggaan om te ontvlug;
ek sou in die oop veld oornag. •*Sela*

⁹ Ek sou haastig vir my 'n skuilplek soek,
weg van die rukwind, van die hewige storm.”

¹⁰ My Heer, verwar, verdeel hulle tonge,
want in die stad sien ek net geweld en stryd.

¹¹ Dag en nag doen dit die rondte op die mure.
Binne die stad heers onreg en leed,

¹² in die hart van die stad is vernietiging;
geweldpleging en bedrog wyk nie van die stadsplein nie.

¹³ Dit is immers nie 'n vyand wat my uittart nie —
ek sou dit nog kon verduur;

dit is nie my hater wat my verneder nie —
ek sou hom kon vermy;

¹⁴ maar jy, 'n mens soos ek,
my boesemvriend en vertroueling,

¹⁵ ons wat vertroulike gesprekke saam geniet het
terwyl ons in die huis van God loop in die gedrang van mense!

¹⁶ Mag die dood hulle onverhoeds betrap,^e
mag hulle lewendig afdaal na die doderyk;^{f*}
want boosheid is by hulle tuis, dit is in hulle midde.

¹⁷ Ek, ek roep tot God,
en die HERE sal my verlos.

¹⁸ In die aand en in die oggend,
selfs in die middag,^g het ek gekla en gesteun;
toe het Hy my stem gehoor.

¹⁹ Met vrede koop Hy my lewe vry
van 'n geveg wat teen my gerig is,
al is hulle in hulle hordes teen my.

²⁰ God hoor en sal hulle verneder.
Hy regeer van die voortyd af, *Sela*
Hy by wie daar geen verandering is nie.
Maar hulle het vir God geen ontsag nie.

²¹ So iemand^h val sy vriende aan,
hy verbreek ooreenkomste wat hy maak.

^e55:16 *Mag ... betrap*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid.

^f55:16 *doderyk*: In die tyd van die Bybel het mense gedink daar is 'n plek onder die aarde waarheen die mense wat sterf, afdaal.

^{*}55:16 *mag hulle ... doderyk*: Num 16:30-33

^g55:18 *aand ... middag*: In die tyd van die Ou Testament was die dagindeling van sononder tot sononder; •Nag en dag.

^h55:21 *So iemand*: Die woorde “so iemand” is bygevoeg ter wille van duidelikheid. Die bronteks lui “hy”; vgl vs 13-15.

²² Botter smelt nie in sy mond nie,
maar sy hart is die ene oorlog.
Sy woorde is strelender as olyfolie,
maar is eintlik ontblote swaarde.

²³ *Lê jou las op die HERE;
Hy sal jou ondersteun,
Hy sal nooit toelaat dat die regverdige wankel nie.

²⁴ U, o God, laat hulle afdaal na die put van die dood —
die manne van bloed en bedrog.
Hulle haal nie eers die helfte van hulle jare nie.
Maar ek, ek vertrou op U.

56

¹ Vir die •musiekleier. Op *Jonat elem regokiem*.ⁱ Van Dawid. 'n *Miktaam*.^j *Toe die Filistyne hom in Gat gevang het.

² Wees my genadig, o God, want mense treiter my;
die hele dag teister veglustige mense my.

³ My teenstanders treiter my die hele dag,

*55:23 1 Pet 5:7

ⁱ56:1 *Jonat ... regokiem*: Oor die betekenis hiervan is daar onsekerheid. Dit verwys waarskynlik na die melodie waarop die psalm gesing is. Sommige vertalings bring 'n klein wysiging in die teks aan en vertaal “die duif van die veraf •terebinte”.

^j56:1 *Miktaam*: Oor die betekenis hiervan is daar onsekerheid.

*56:1 *Toe ... gevang het*: 1 Sam 21:1-15; 27:1-7

ja, baie veg teen my, o Verhewene.

⁴ Die dag wanneer ek bang is,
stel ek my vertrou op U.

⁵ Op God, wie se woord ek prys,
ja, op God vertrou ek.

Ek sal nie bang wees nie;
wat kan vlees en bloed aan my doen?

⁶ Die hele dag verdraai hulle my woorde;
teen my is al hulle kwaadwillige planne gerig.

⁷ Hulle bekruip my,
hulle lê en wag;
hulle let op my spore,

want hulle soek my lewe.

⁸ Werp hulle uit^k oor die onreg;
werp mense neer in u woede, o God!

⁹ U het self my lotgevalle opgeteken.

Staan dit nie in u •boekrol nie?

Hou tog my trane in u leersak;^l

¹⁰ dan sal my vyande terugdeins
op die dag wanneer ek roep.

Dit weet ek: God is met my.

¹¹ Op God, wie se woord ek prys,
op die HERE, wie se woord ek prys,

^k56:8 *Werp ... uit*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid.

^l56:9 *leersak*: 'n Sak waarin wyn of water gehou is.

¹²ja, op God vertrou ek.

Ek is nie bang nie, wat kan 'n mens aan my doen?

¹³Op my, o God, rus die geloftes aan U.

Ek sal dankoffers aan U betaal,

¹⁴want U het my lewe uit die dood gered.

Het U dan nie my voete van struikeling bewaar,^m

sodat ek voor God kan leef

in die lig van die lewe nie?

57

¹Vir die •musiekleier. Op *Al tasjgeet*.ⁿ Van Dawid. 'n *Miktaam*.^o Toe hy voor Saul die grot in gevlug het.*

²Wees my genadig, o God, wees my genadig,
want by U skuil ek;

in die skadu van u vlerke sal ek skuil
totdat die vernietiging verby is.

³Ek roep na God, die Allerhoogste,
na God, wat om my ontwil vergeld.

⁴Mag Hy uit die hemel hulp stuur en my verlos,
'n bespotting maak van hulle wat my treiter. •*Sela*

^m**56:14 bewaar:** Die woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

ⁿ**57:1 Al tasjgeet:** Die Hebreeus vir 'moenie verwoes nie'. Dit verwys waarskynlik na die melodie waarop die psalm gesing is.

^o**57:1 Miktaam:** Oor die betekenis hiervan is daar onsekerheid.

^{*}**57:1 Toe ... gevlug het:** 1 Sam 22:1; 1 Sam 24

Mag God sy troue liefde en sy waarheid stuur.

⁵ Ek is tussen leeus;

ek lê tussen hulle wat mense verslind —

hulle tande is spiese en pyle,

hulle tonge is skerp swaarde.

⁶ Verhef U bo die hemele,^p o God,

laat u •heerlikheid oor die hele aarde skyn.

⁷ Hulle het 'n net vir my voete gespan

terwyl my lewe op 'n laagtepunt was.

Hulle het 'n vangkuil voor my gegrawe —

hulle het self daarin geval.

⁸ My hart is standvastig, o God,

my hart is standvastig.

Ek wil sing en U met begeleiding prys.

⁹ Word wakker, my gemoed!

Word wakker met harp en lier!

Ek wil die dagbreek wakker maak.

¹⁰ Ek wil U loof onder die volke, my Heer,

ek wil U met begeleiding prys onder die nasies;

¹¹ want groot, tot by die hemel, is u troue liefde,

ja, u waarheid tot by die wolke.

^p**57:6 hemele:** Volgens die destydse wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterreheem en die derde hemel waar God woon.

¹² Verhef U bo die hemele, o God,
u heerlijkheid oor die hele aarde.

58

¹ Vir die •musiekleier. Op *Al tasjgeet*.^q Van Dawid. 'n *Miktaam*.^r

² Julle magtiges, is julle werklik besig met regspraak,^s
oordeel julle mense billik?

³ Selfs in julle harte beoefen julle onreg;
in die land maak die geweld van julle hande
vir julle die pad skoon.

⁴ Vanaf die moederskoot dwaal goddelose mense af,
vanaf hulle geboorte raak leuenaars die pad byster.

⁵ Hulle gif is dieselfde as slanggif;
hulle is soos 'n dowe horingslang wat sy ore toestop,

⁶ wat nie luister na die besweerders se stem nie —
hulle wat bedrewe is in die besweerkuns.

⁷ O God, breek hulle tande in hulle monde,
verbrysel die kake van die jong leeus, HERE.

⁸ Mag hulle verdwyn soos water wat wegvloei;

^q58:1 *Al tasjgeet*: Die Hebreeus vir 'moenie verwoes nie'. Dit verwys waarskynlik na die melodie waarop die psalm gesing is.

^r58:1 *Miktaam*: Oor die betekenis hiervan is daar onsekerheid.

^s58:2 *Julle ... regspraak*: Hierdie lesing is verkry deur die wysiging van een vokaal. Die bronteks lui "Is dit werklik stilte, reg wat julle spreek?"

mag Hy hulle vertrap soos gras.

Mag hulle verdroog^{t 9} soos 'n slak wat in sy slym seil,
soos misgeboortes van vroue wat nooit die son sien nie.

¹⁰ Voordat hulle dit besef, is hulle soos dorings,
soos steekdorings wat uitgeroei word,
soos bossies wat die stormwind wegwaai.^u

¹¹ Die regverdige sal bly wees wanneer hy vergelding sien;
hy sal sy voete afspoel in die bloed van die goddelose mens.

¹² Die mense sal sê: “Daar is beloning vir die regverdige,
daar is 'n God wat reg laat geskied in die land.”

59

¹ Vir die •musiekleier. Op *Al tasjgeet*.^v Van Dawid. 'n *Miktaam*.^w *Toe Saul mense gestuur het om die huis dop te hou en hom dood te maak.

² Red my van my vyande, my God;
hou my buite die bereik van hulle wat teen my opstaan.

^t58:8 *vertrap ... verdroog*: Die betekenis van die bronteks is onduidelik. Letterlik ‘mag Hy sy pyle span soos hulle verdroog’.

^u58:10 *Voordat ... wegwaai*: Hierdie lesing volg die LXX gedeeltelik. Die betekenis van die bronteks is onduidelik. Letterlik ‘voordat julle potte dorings waarneem, soos rou (vleis), soos woede sal hy dit wegwaai’.

^v59:1 *Al tasjgeet*: Die Hebreeus vir ‘moenie verwoes nie’. Dit verwys waarskynlik na die melodie waarop die psalm gesing is.

^w59:1 *Miktaam*: Oor die betekenis hiervan is daar onsekerheid.

^{*}59:1 *Toe ... maak*: 1 Sam 19:11

³ Red my van hulle wat onreg pleeg
en verlos my van mense wat bloed vergiet;

⁴ want kyk, hulle lê my voor,
sterkes bekruij my.

Nie omdat ek oortree
of gesondig het nie, HERE —

⁵ sonder dat ek skuld het,
neem hulle haastig stelling in.

Word wakker, sodat U my te hulp kan kom;
sien dit tog raak!

⁶ U, HERE God, Heerser oor alle magte, God van Israel,
staan tog op om al die nasies tot verantwoording te roep;
moenie genadig wees teenoor al die bese verraaiers nie. •*Sela*

⁷ Hulle keer terug teen die aand;
hulle gaan tekere soos honde
en sluip in die stad rond.

⁸ Kyk, uit hulle monde skuim woorde,
daar is swaarde op hulle lippe:
“Wie hoor dit?”

⁹ Maar U, HERE, U lag vir hulle;
U dryf die spot met al die nasies.

¹⁰ My Sterkte,^x aan U wil ek vashou.
Ja, God is my toevlugsoord.

^x59:10 *My Sterkte*: Die LXX en baie Hebreëuse manuskripte word hier gevolg.
Die bronteks lui “Sy Sterkte”.

¹¹ Die God aan wie ek toegewy is, sal my tegemoetkom;
God sal my laat neersien op my vyande.

¹² Moet hulle nie doodslaan nie,
sodat my volk nie vergeet nie.

Laat hulle rondswerf deur u krag,
en bring hulle dan tot 'n val,
my Heer, ons Skild.

¹³ Hulle sondig met hulle monde,
met die woorde op hulle lippe.

Laat hulle verstrik raak in hulle hoogmoed
oor die vervloeking en die leuens wat hulle uiter.

¹⁴ Wis uit in woede, wis uit,
sodat hulle nie meer bestaan nie.

Dan sal mense^y tot by die uithoeke van die aarde weet:
God heers in Jakob. *Sela*

¹⁵ Hulle keer terug teen die aand,
hulle gaan tekere soos honde
en sluip in die stad rond.

¹⁶ Hulle snuffel rond vir kos;
as hulle nie genoeg kry nie,
tjank^z hulle.

¹⁷ Maar ek, ek besing u krag.
In die môre jubel ek oor u troue liefde,

^y59:14 *mense*: Die bronteks lui “hulle”.

^z59:16 *tjank*: Die LXX word hier gevolg. Die bronteks lui “oornag”.

want U was vir my 'n toevlugsoord,
'n skuilplek op die dag van my nood.
¹⁸ My Sterkte, ek wil U besing.

Ja, God is my toevlugsoord,
die God aan wie ek toegewy is.

60

¹ Vir die •musiekleier. Op *Sjoesjan edoet*.^a 'n *Miktaam*.^b Van Dawid.
Om te onderrig. ² *Toe hy oorlog gemaak het met Aram-Naharajim^c
en Aram-Soba, en Joab teruggekeer en twaalfduisend Edomiete in
die Soutvallei verslaan het.

³ O God, U het ons verstoot, ons uitmekaar geslaan.

U was woedend. Herstel ons!

⁴ U het die land geskud, dit oopgekloof.

Maak sy breuke heel, want dit wankel.

⁵ U het u volk moeilike tye laat beleef;

U het ons wyn laat drink wat ons laat steier.

⁶ U het vir dié wat vir U ontsag het,

^a60:1 *Sjoesjan edoet*: Die frase beteken waarskynlik 'die lelie van die getuienis'. Dit is waarskynlik 'n aanduiding van die melodie waarop die psalm gesing is.

^b60:1 *Miktaam*: Oor die betekenis hiervan is daar onsekerheid.

^{*}60:2 2 Sam 8

^c60:2 *Aram-Naharajim*: Letterlik 'Aram van die twee riviere'. Dit verwys na Mesopotamië.

'n banier hoog gehou

om hulle te beveilig teen boogskutters — •*Sela*

⁷ sodat u geliefdes gered kan word.

Verlos ons tog met u regterhand;^d

antwoord ons!

⁸ God self het in sy heiligdom verklaar:

“Seëvierend gaan Ek Sigem verdeel,
die vallei van Sukkot^e afmeet.

⁹ Aan My behoort Gilead,

aan My Manasse;

Efraim is my helm,

Juda my septer.

¹⁰ Moab is my waskom,

op Edom gooi Ek my sandaal;^f

oor My moet jy juig, Filistea.”

¹¹ Wie sal my bring na 'n versterkte stad?

Wie sal my lei tot by Edom?

¹² Is dit nie U, o God,

wat ons verstoot het nie?

^d60:7 *regterhand*: Omdat die •regterhand gewoonlik die sterkste hand is, is dit dikwels uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here.

^e60:8 *Sigem ... Sukkot*: Die name verteenwoordig die gebiede oos en wes van die Jordaan.

^f60:10 *op ... sandaal*: In die tyd van die Ou Testament is 'n sandaal gebruik om verandering van eienaarskap aan te dui; vgl Rut 4:7.

U, o God, trek nie meer saam met ons leërs uit nie.

¹³ Kom ons te hulp teen verdrukkers —
die hulp van mense is nutteloos.

¹⁴ Met God tree ons dapper op —
Hy sal ons verdrukkers vertrap.

61

¹ Vir die •musiekleier. Met snarespel. Van Dawid.

² Hoor my hulpgeroep, o God,
luister aandagtig na my gebed.

³ Van die einde van die aarde roep ek na U,
wanneer my moed my begewe.

Lei my na 'n rots wat vir my te hoog is;

⁴ want U is vir my 'n skuilplek,
'n versterkte toring teen die vyand.

⁵ Ek wil vir altyd in u tent vertoef,
ek wil skuil onder die beskutting van u vlerke. •*Sela*

⁶ U is immers die Een
wat luister na my geloftes, o God;
U gee 'n erfdeel aan hulle wat vir u Naam ontsag het.

⁷ Vermeerder tog die dae van die koning se lewe,
mag sy lewensjare geslagte lank duur,

⁸ mag hy altyd voor God regeer.

Voorsien toewyding en waarheid, laat dit oor hom wag hou!

⁹ Só wil ek u Naam vir altyd besing,
om my geloftes dag ná dag te betaal.

62

¹ Vir die •musiekleier. Op *Jedoetoen*.⁹ 'n Psalm. Van Dawid.

² Net by God vind ek rus;
van Hom kom my verlossing.

³ Net Hy is my rots,
my verlossing, my toevlugsoord;
ek sal nie maklik wankel nie.

⁴ Hoe lank nog gaan julle 'n mens bly aanval,
breek almal van julle hom af —
soos 'n muur wat oorhel,
'n tuinmuur wat omgestoot word?

⁵ Ja, hulle beplan om hom af te stoot
van sy hoë plek,
hulle hou van leuens.

Met die mond seën hulle,
maar in hulle binneste vloek hulle. •*Sela*

⁶ Net by God moet ek rus vind,
want op Hom is my hoop gevestig.

⁷ Net Hy is my rots,

⁹62:1 •*Jedoetoen*: Oor die betekenis hiervan is daar onsekerheid. Dit is 'n musiekterm, of 'n verwysing na die musiekleier Jedoetoen; vgl Neh 11:17; 1 Kron 9:16; 16:38.

my verlossing, my toevlugsoord.

Ek sal nie wankel nie.

⁸ By God lê my verlossing, my eer.

My sterk rots, my skuilplek, is God alleen.

⁹ Vertrou te alle tye op Hom;

stort julle hart voor Hom uit.

God is vir ons 'n skuilplek. *Sela*

¹⁰ Net 'n asemteug is die mens,

onbetroubaar is die mensdom;

op 'n weegskaal gaan hulle op,^h

saam is hulle ligter as 'n asemteug.

¹¹ Moet op afpersing nie staatmaak,

op plunder julle ydele hoop nie vestig nie.

Rykdom, as dit toeneem —

moet julle hart nie daaraan verpand nie.*

¹² Een saak het God bevestig,

twee, wat ek gehoor het:

Krag is by God;

¹³ *by U, my Heer, is daar troue liefde,

want U self beloon 'n mens volgens sy daede.

^h62:10 *weegskaal ... op*: Dit beteken dat hulle op 'n balanseerskaal geen gewig het nie.

*62:11 *Rykdom ... verpand nie*: Matt 19:22; 1 Tim 6:17

*62:13 Matt 16:27; Rom 2:6; 2 Tim 4:14; 1 Pet 1:17; Op 2:23; 20:12-13; 22:12

63

¹ 'n Psalm. Van Dawid. *Toe hy in die woestynⁱ van Juda was.

² God, U is my God, na U soek ek;

my •siel dors na U,

my liggaam smag na U

in 'n droë, uitgeputte land sonder water.

³ So het ek uitgesien na U in die heiligdom,

om u krag en glorieryke teenwoordigheid te ervaar,

⁴ want u troue liefde is beter as die lewe.

My lippe sal u lof besing;

⁵ so sal ek U prys in my lewe;

in u Naam sal ek my hande ophef.

⁶ Ek word versadig

soos met binnevet en die vetste dele;

en met jubelende lippe loof my mond U

⁷ as ek aan U dink op my slaapplek,

as ek in die •nagwake oor U prewel.^j

⁸ Want U was vir my tot hulp,

en in die skadu van u vlerke jubel ek.

*63:1 *Dawid ... was:* 2 Sam 15:23,28

ⁱ63:1 *woestyn:* Dit verwys na 'n onbewoonde, onherbergsame gebied waar skape en bokke soms gewei het.

^j63:7 *prewel:* Die Hebreeuse woord verwys na die Joodse gebruik om die Tien Gebooie en ander wette van die Ou Testament gedurig saggies vir jouself op te sê.

⁹ Ek is aan U verknog;
u regterhand^k ondersteun my.

¹⁰ En daardie mense wat daarop uit is
om my lewe te verwoes,
hulle sal die onderste dele van die aarde binnegaan;
¹¹ hulle sal aan die mag van die swaard uitgelewer word,
die prooi van jakkalse sal hulle word.

¹² En die koning sal bly wees.
In God sal hy roem,
ja, elkeen wat by Hom sweer;
want hulle wat leuens verkondig
se monde sal gesnoer word.

64

¹ Vir die •musiekleier. 'n Psalm. Van Dawid.

² Luister, o God, na my stem as ek kla;
hou my lewe veilig teen die verskrikking van die vyand.

³ Hou my weg van die gekonkel van kwaaddoeners,
weg van die onrus wat boosdoeners stook,

⁴ dié wat hulle tonge so skerp maak soos 'n swaard,
wat met hulle pyle van bitter woorde aanlê

⁵ om uit wegkruipplekke op 'n onskuldige te skiet.

^k63:9 *regterhand*: Omdat die •regterhand gewoonlik die sterkste hand is, is dit dikwels uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here.

Onverwags skiet hulle op hom.

Hulle is nie bang nie.

⁶ Hulle praat mekaar moed in met bouse woorde;

hulle spreek af om strikke te stel.

Hulle sê: “Wie sal dit raaksien?

⁷ Sal mense 'n bouse opset ondersoek?

Ons is gereed — dit is 'n fyn beplande set —

en 'n mens se binneste en hart is immers onpeilbaar.”

⁸ Maar onverwags skiet God hulle met 'n pyl;

hulle is gewond!

⁹ Dit bring hulle elkeen tot 'n val.

Hulle tonge getuig teen hulle.¹

Almal wat op hulle neersien, sidder.

¹⁰ Dan word alle mense met vrees vervul

en maak God se daade bekend;

hulle kry insig in sy werk.

¹¹ Regverdiges sal hulle in die HERE verheug

en by Hom skuil.

Almal wie se harte opreg is,

sal in Hom roem.

65

¹ Vir die •musiekleier. 'n Psalm. Van Dawid. 'n Lied.

¹64:9 *Dit ... teen hulle:* Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid.

² Aan U kom 'n lofsang toe,^m o God wat in Sion is;
aan U moet geloftes betaal word.

³ U wat gebede hoor —
na U moet alle mense kom.

⁴ Al sou sondeskuld my oorweldig,
U bedek ons oortredinge.

⁵ Gelukkig is die mens vir wie U uitkies
en laat nader kom —
hy mag woon in die voorhowe van u huis.

Ons wil graag versadig word
met die goeie van u huis,
die heiligheid van u tempel.

⁶ Tereg antwoord U ons met ontsagwekkende dae,
o God wat ons verlos —
U, die vertroude tot aan al die eindere van die aarde
en die verste see,

⁷ die Een wat die berge vestig deur sy krag,
wat omgord is met mag,

⁸* wat die gedruis van die oseane stilmaak,
die gebulder van hulle golwe, die rumoer van volke.

⁹ Daarom het die bewoners van die eindere
ontsag vir u wondertekens.

U laat gejubel opklink waar die son opkom en waar dit ondergaan.

^m65:2 *Aan ... toe:* Die lesing van die LXX word hier gevolg. Die bronteks lui
“Vir U, stilte, 'n lofsang.”

*65:8 Luk 21:25

¹⁰ U het na die land omgesien,
dit deurdrenk, dit besonder verryk.
God se leivoer is vol water.
U sorg vir hulle koring, ja, so berei U dit voor:
¹¹ U maak die vore nat,
die ploegbanke gelyk;
met reënbuie maak U die aarde sag,
U seën dit wat daar opkom.
¹² U kroon u goeie jaar;
waar u spore lê, drup dit van vettigheid.
¹³ Die weivelde van die woestynⁿ drup,
juigend omgord die heuwels hulleself.
¹⁴ Die weiding is oortrek met kleinvee;
die valleie is bekleed met graan;
hulle roep uit van vreugde, ja, hulle sing.

66

¹ Vir die •musiekleier. 'n Lied. 'n Psalm.

Juig God toe, almal op aarde!

² Besing die eer van sy Naam;
betoon eer met 'n loflied aan Hom.

³ Sê vir God:
“Hoe ontsagwekkend is u dade!
Weens die grootheid van u krag,

ⁿ65:13 *woestyn*: Dit verwys na 'n onbewoonde, onherbergsame gebied waar skape en bokke soms gewei het.

kruip u vyande voor U.

⁴ Almal op aarde buig voor U in aanbidding.

Met begeleiding sing hulle vir U,

besing hulle u Naam.” •*Sela*

⁵ Kom kyk na God se werke —

ontsagwekkend is sy optrede onder die mense.

⁶ Hy het 'n see in droë grond verander.*

Hulle het te voet deur die rivier gegaan.*

Daar kon ons ons in Hom verheug,

⁷ Hy wat ewig heers deur sy mag,

wie se oë die nasies deurkyk.

Hardkoppiges moet hulle nie teenoor Hom aanstel nie. *Sela*

⁸ Prys ons God, volke;

laat die klank van sy loflied opklink,

⁹ Hy wat aan ons lewe gee,

ons voete nie toelaat om te struikel nie.

¹⁰ *Ja, U het ons getoets, o God,

U het ons gelouter soos 'n mens silwer louter.

¹¹ U het ons in 'n vangnet laat beland,

'n las op ons skouers^o gelê.

¹² U het mense oor ons koppe laat ry;

*66:6 *Hy het ... verander*: Eks 13:17 — 14:31

*66:6 *Hulle het ... gegaan*: Jos 3:1-17

*66:10 1 Pet 1:7

^o66:11 *las ... skouers*: Letterlik “n kweiling op ons heupe”.

ons het deur vuur en water gegaan,
maar U het ons na oorvloed uitgelei.

¹³ Ek sal u huis binnegaan met brandoffers;

ek sal aan U die geloftes betaal

¹⁴ wat my lippe uitgespreek

en my mond beloof het toe ek in die nood was.

¹⁵ Brandoffers van vetgemaakte skape

sal ek aan U bring,

saam met die offerrook van ramme.

Ek sal beeste saam met bokke offer. *Sela*

¹⁶ Kom luister, almal wat vir God ontsag het,

sodat ek kan vertel wat Hy vir my gedoen het.

¹⁷ Met my mond het ek Hom aangeroop;

lofprijsing was gereed op my tong.^p

¹⁸ *Daar was onreg as ek in my hart gekyk het.

My Heer sou nie na my luister nie.

¹⁹ Nogtans het God geluister;

Hy het ag geslaan op die klank van my gebed.

²⁰ God moet geprys word,

Hy wat my gebed nie afgewys het,

sy troue liefde van my nie weerhou het nie.

67

¹ Vir die •musiekleier. Met snarespel. 'n Psalm. 'n Lied.

^p66:17 *op ... tong*: Die bronteks lui “onder my tong”.

^{*}66:18 Joh 9:31

² Mag God ons genadig wees en ons seën;
mag Hy die lig van sy teenwoordigheid by ons laat skyn. •*Sela*

³*U pad moet op die aarde bekend wees,
u verlossing onder al die nasies.

⁴ Volke sal U loof, o God,
al die volke sal U loof.

⁵ Die nasies sal bly wees en jubel,
omdat U volke billik oordeel
en nasies op die aarde lei. *Sela*

⁶ Volke sal U loof, o God,
al die volke sal U loof.

⁷ Die aarde het sy opbrengs gelewer;
God, ons God, seën ons.

⁸ Mag God ons seën,
sodat al die uithoeke van die aarde
vir Hom ontsag kan hê.

68

¹ Vir die •musiekleier. Van Dawid. 'n Psalm. 'n Lied.

²*God staan op, sy vyande spat uiteen,
en sy haters vlug van Hom weg.

³ Soos wat rook weggedryf word, so verdryf U hulle;
soos was smelt voor 'n vuur,

*67:3 Hand 28:28

*68:2 Num 10:35

so verdwyn die goddelose mense voor God.

⁴ Maar die regverdiges is bly,
hulle juig voor God;
hulle is uitgelate van blydschap.

⁵ Sing vir God,
prys sy Naam met begeleiding!
Verheerlik die Een wat op die wolke ry,
 HERE is sy Naam,
jubel voor Hom!

⁶ 'n Vader vir vaderloses, 'n regter vir weduwees,
is God in sy •heilige woonplek.

⁷ God laat eensames weer in 'n huisgesin woon,
Hy lei gevangenes uit na voorspoed,
maar hardkoppiges woon in 'n verskroeide land.

⁸ O God, toe U voor u volk uitgegaan het,
 toe U vooruitgestap het in die wildernis, •*Sela*

⁹*het die aarde geskud.

Selfs die hemel het reën laat val voor God, die Een van Sinai,
voor God, die God van Israel!

¹⁰ Milde reëns het U, o God, laat uitsak oor u erfdeel;
 wat uitgeput was, het U laat herleef.

¹¹ Dit is u kudde wat daarin woon;
 in u goedheid het U dit gereedgemaak vir magteloses, o God.

¹² My Heer het 'n boodskap uitgestuur;

*68:9 Rig 5:4-5; Heb 12:26

die vroue wat die goeie tyding bring, is 'n groot skare:

¹³ “Die konings met leërs vlug,
hulle vlug!

Die mooi vroue tuis^q verdeel die buit.

¹⁴ As julle tussen die saalsakke gaan rus —
daar is duiwe waarvan die vlerke met silwer bedek is
en hulle penvere met geelgroen goud.”

¹⁵ Wanneer die Ontslagwekkende
die konings in die land^r uitmekaar jaag,
sneeu dit op Salmonberg.

¹⁶ Massiewe bergreeks, bergrug van Basan,
bergreeks met pieke, bergrug van Basan,

¹⁷ waarom kyk julle met afguns, bergreekse met pieke,
na die berg wat God gekies het as sy woonplek?

Dit is ook waar die HERE vir altyd sal woon.

¹⁸ Met 'n geweldige strydswamag van tienduisende,
duisende der duisende,
het my Heer van Sinai aangekom^s by die heiligdom.

¹⁹ Nadat U gevangenes meegevoer
en skatplig^t gevorder het by mense,

^q68:13 *mooi ... tuis*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid.

^r68:15 *in ... land*: Die bronteks lui “in haar”.

^s68:18 *van Sinai aangekom*: Hierdie lesing is verkry deur 'n ander verdeling van die Hebreeuse konsonante. Die bronteks lui “my Heer is in hulle, Sinai in die heiligdom”.

^t68:19 *skatplig*: 'n Heffing wat 'n veroweraar aan 'n verowerde volk oplê. Dit was algemene gebruik in die tyd van die Ou Testament.

selfs by hardkoppiges,
het U opgegaan na die hoogte^u
om daar te woon, HERE God.

²⁰ My Heer moet geprys word!

Dag ná dag dra Hy ons,
die God wat ons verlos. *Sela*

²¹ God is vir ons 'n God van verlossing,
by die HERE, my Heer, is daar uitkoms uit die dood.

²² God sal beslis die koppe van sy vyande verpletter,
die harige hoofde van hulle wat in sondeskuld volhard.^v

²³ My Heer het gesê:

“Uit Basan sal Ek hulle terugbring,
Ek sal hulle terugbring uit die dieptes van die see,

²⁴ sodat jy jou voete in bloed kan afspoel,^w
en die tong van jou honde deel kan kry aan die vyande.”

²⁵ Mense sien u optogte, o God,
die optogte van my God, my Koning, by die heiligdom:

²⁶ Voor is die sangers, daarna dié met snaarinstrumente
tussen jongmeisies wat tamboeryne slaan.

²⁷ Prys God in die byeenkomste,

^u68:19 *Nadat ... hoogte*: In Ef 4:8 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

^v68:22 *in ... volhard*: Die bronteks lui “in hulle sondeskuld wandel”.

^w68:24 *in ... afspoel*: Die lesing van die LXX word hier gevolg. Die bronteks lui “in bloed kan verpletter”.

die HERE by die bron van Israel.^x

²⁸ Daar is Benjamin, die jongste,
wat oor hulle geheers het,
die leiers van Juda in hulle menigte,
die leiers van Sebulon, die leiers van Naftali.

²⁹ Jou God het krag vir jou beskik.

Toon u krag, o God,
U wat in ons belang opgetree het
³⁰ vanuit u tempel bokant Jerusalem.
Vir U sal konings geskenke bring.

³¹ Bestraf die gediertes van die riete^y
— 'n trop bulle tussen die kalwers van volke —
wat mense vertrap vir stukke silwer.

Jaag volke uitmekaar wat van oorlog hou.^z

³² Bronsware moet uit Egipte kom,
die Kussiete^a sal dit eiehandig en haastig bring vir God.

³³ Koninkryke van die aarde,
sing vir God;

sing vir my Heer met begeleiding, *Sela*

³⁴ vir Hom wat ry deur die oeroue, hoogste hemel.

Kyk, Hy laat sy stem, 'n magtige stem, weerklink.

^x68:27 *bron ... Israel*: Dit verwys na die heiligdom.

^y68:31 *gediertes ... riete*: Dit verwys na Egipte.

^z68:31 *Bestraf ... oorlog hou*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid. Hierdie lesing volg gedeeltelik die LXX.

^a68:32 *Kussiete*: Dit is inwoners van •Kus, dit is Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte.

³⁵ Erken die krag van God,
dat Hy hoog verhewe oor Israel is
en dat sy krag in die wolke lê.

³⁶ God wek ontsag in jou heiligdomme, Israel;^b
die God van Israel, Hy gee krag en sterkte aan die volk.
God moet geprys word!*

69

¹ Vir die •musiekleier. Op *Sjosjaniem*.^c Van Dawid.

² Verlos my, o God,
want water het tot by my keel gekom.

³ Ek het weggesink in diep modder,
en daar is geen vastrapplek nie;
ek het in diep water beland,
en die stroom gaan my oorspoel.

⁴ Ek is uitgeput van my geroep,
my keel is al hees.

My oë is gedaan
van wag op my God.

⁵ Dié wat my sonder rede haat,^d
is meer as die hare op my kop.

^b68:36 *Israel*: Die naam Israel kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^{*}68:36 *God moet ... word*: 2 Thess 1:10

^c69:1 *Sjosjaniem*: Die Hebreeuse woord beteken 'lelies'. Dit verwys moontlik na die melodie waarop die psalm gesing is.

^d69:5 *Dié ... haat*: In Joh 15:25 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

Hulle wat my wil vernietig, is te veel,
hulle wat my ten onregte haat.

Ek moet nou teruggee
wat ek nie geroof het nie.

⁶ U, o God, is bekend met my dwaasheid;
my sondeskuld is nie vir U verborge nie.

⁷ Laat hulle wat op U wag
nie deur my toedoen beskaamd staan nie,
my Heer, U wat HERE is, Heerser oor alle magte.

Laat hulle wat U soek
nie deur my toedoen verneder word nie,
o God van Israel.

⁸ Dit is immers oor U dat ek bespotting moet verduur,
dat skaamte my gesig bedek.

⁹ Vir my broers het ek 'n uitgeworpene geword,
'n vreemdeling vir my ma se kinders;

¹⁰ want die hartstog vir u huis het my verteer.^e

Die bespotting waarmee hulle U bespot,
moes ék verduur.

¹¹ Toe ek getreur het terwyl ek vas,
is ek bespot.

¹² Toe ek rouklere aangetrek het,
het ek vir hulle 'n spotnaam geword.

¹³ Dié wat by die stadspoort sit, dryf die spot met my,

^e69:10 *want ... verteer*: In Joh 2:17 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

so ook die liedjies van dronkaards.

¹⁴ Maar wat my betref,

my gebed, HERE, is tot U gerig —
mag dit 'n tyd van welwillendheid wees;
antwoord my, o God,
met die oorfloed van u troue liefde,
met die sekerheid van u verlossing.

¹⁵ Red my uit die modder; moenie dat ek wegsink nie.

Ek wil vrykom van my haters, van die diep water.

¹⁶ Laat vloedwater nie oor my spoel,
die diepte my nie verswelg nie.

Laat die put* nie sy mond bo my toemaak nie.

¹⁷ Antwoord my, HERE, want u troue liefde is goed;
draai na my in u groot ontferming.

¹⁸ Moenie u gesig vir u dienskneg verberg nie,
want ek is in die nood —
antwoord my gou.

¹⁹ Bly tog naby my, bevry my lewe;
koop my vry, want ek het vyande.

²⁰ U ken self die bespotting, smaad en vernedering
wat ek verduur;

voor U is al my teenstanders oop en bloot.

²¹ Bespotting het my hart gebreek, ek is verswak.^f

*69:16 *put*: Ps 55:24

^f69:21 *verswak*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid.

Ek het medelye verwag, maar daar was niks nie,
mense om my te troos, maar ek kon niemand vind nie.

²² Hulle het gif in my kos gesit,
en vir my dors het hulle my asyn laat drink.⁹

²³ *Mag hulle tafel voor hulle 'n vangnet word,
'n valstrik vir hulle vriende.

²⁴ Mag hulle oë dof word,
sodat hulle nie kan sien nie.

Laat hulle heupe gedurig bewe.

²⁵ *Stort u vervloeking oor hulle uit;
mag u woede hulle inhaal.

²⁶ *Mag hulle kamp verlate wees;
mag daar in hulle tente geen bewoner wees nie.

²⁷ Want dié wat deur U geslaan is,
word deur hulle agtervolg,
en oor die pyn van dié wat deur U gewond is,
het hulle hulle monde vol.

²⁸ Voeg skuld by hulle skuld,
laat hulle nie toegang hê tot u •geregtigheid nie.

²⁹ *Mag hulle uitgewis word uit die boek van die lewe;
mag hulle nie saam met die regverdiges opgeteken word nie.

⁹**69:22** *en vir ... drink:* Matt 27:34,48; Mark 15:23,36; Luk 23:36; Joh 19:29 is toespelings hierop as heenwysing na Jesus Christus.

***69:23-24** Rom 11:9-10

***69:25** Op 16:1

***69:26** Hand 1:20

***69:29** Fil 4:3; Op 3:5; 13:8; 17:8; 20:12,15; 21:27

³⁰ Ek is magteloos en verkeer in pyn;
mag u verlossing, o God, my beskerm.

³¹ Ek wil die Naam van God met 'n lied loof;
ek wil sy grootheid met 'n danklied besing.

³² Dit sal vir die HERE aanneemliker wees as beeste,
as bulle met horings en gesplete hoewe.

³³ Die verdruktes sal dit sien;
hulle sal bly wees.

Julle wat God raadpleeg, skeep moed,

³⁴ want die HERE luister na die behoeftiges;
Hy minag nie sy gevangenes^h nie.

³⁵ Hemel en aarde moet Hom loof,
oseane en alles wat daarin beweeg;

³⁶ want God gaan Sion verlos,
Hy gaan die stede van Juda herbou.

Hulle sal daar woon en die landⁱ besit.

³⁷ Die nageslag van sy diensknegte sal dit erf;
hulle wat sy Naam liefhet, sal daarin woon.

70

¹ Vir die •musiekleier. Van Dawid. Ter herinnering.

² O God, red my,
HERE, kom my gou te hulp!

^h69:34 *sy gevangenes*: Dit verwys na God se volk in ballingskap.

ⁱ69:36 *die land*: Die bronteks lui “haar”.

³ Laat dié wat my lewe soek,
 verneder word en verleë staan.
Laat hulle wat my teenspoed begeer,
 terugdeins en in die skande kom.
⁴ Laat hulle wat sê, “Aha! Aha!”,
 terugval oor die skande waarin hulle beland.

⁵ Mag almal wat U soek,
 uitgelate wees en hulle in U verheug.
Mag hulle wat u verlossing liefhet,
 voortdurend sê: “God is groot!”

⁶ Maar ek is magteloos en behoeftig.
O God, haas U na my;
U is my hulp en my bevryder!
HERE, moenie talm nie!

71

¹ By U, HERE, skuil ek;
laat my tog nooit beskaamd staan nie.
² Red my tog en bevry my
 deur u •geregtigheid;
draai u oor na my en verlos my.
³ Wees vir my 'n rots,
 'n skuiling waarheen ek altyd kan gaan,
 wat U beskik vir my verlossing.
Ja, U is my rotsvesting en my bergskuiling.
⁴ My God, bevry my

uit die hand van goddelose mense,
uit die greep van hulle wat onreg doen
en geweld pleeg.

⁵ Want U is my hoop, my Heer;
HERE, van my jeug af stel ek my vertrouwe in U.

⁶ Op U steun ek van my geboorte af;
toe ek uit die moederskoot gekom het,
het U my naelstring geknip.^j
U loof ek gedurigdeur.

⁷ Vir baie was ek 'n slegte teken,
maar U was my veilige skuilplek.

⁸ My mond is vol lof vir U,
vol van u heerlikheid die hele dag lank.

⁹ U moet my nie verwerp
wanneer die ouderdom kom nie,
moet my nie verlaat wanneer my kragte afneem nie.

¹⁰ Want my vyande praat oor my;
hulle wat my dophou, maak saam planne

¹¹ en sê: "God het hom verlaat;
agtervolg en gryp hom,
want niemand kan hom red nie."

¹² O God, bly nie ver van my af nie;
my God, kom my gou te hulp.

¹³ Laat hulle wat my lewe bedreig,

^j1:6 *naelstring geknip*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid.

in skaamte vergaan;
laat hulle wat my leed wil aandoen,
in skande en vernedering gehul wees.

¹⁴ Maar ek, ek sal voortdurend hoop,
al u lof steeds meer besing.

¹⁵ My mond sal van u geregtigheid vertel,
van u verlossingsdade, die hele dag lank,
al is die getal bo my begrip.

¹⁶ Ek sal ingaan met vermelding^k
van die magtige dade van die HERE, my Heer;
ek sal getuig van u geregtigheid,
net U s'n.

¹⁷ O God, U het my geleer van my jeug af,
en tot nou toe maak ek u wonderdade bekend,
¹⁸ selfs tot in die ouderdom en grysheid, o God.

Moet my nie verlaat voordat ek
aan die nageslag u magtige optrede^l
bekend gemaak het nie,
aan almal wat nog kom, u magsdaad.

¹⁹ O God, u geregtigheid strek tot aan die hoogte,
U wat grootse dade verrig het.

O God, wie is soos U?

²⁰ U wat my baie benoudhede en rampe

^k71:16 *ingaan ... vermelding*: “Ingaan” verwys na die besoek aan die tempel. “Met vermelding” ontbreek in die bronteks en is bygevoeg ter wille van duidelikheid.

^l71:18 *magtige optrede*: Die bronteks lui “arm”.

laat ervaar het,
U sal my weer lewend maak,^m
my weer uit die watermassas
van die wêreld laat opkom.

²¹ U moet tog my aansien verhoog;
draai om, troos my.

²² Dan sal ook ek U loof met harpsnare
vir u getrouheid, my God;
ek wil vir U speel op 'n lier,
o •Heilige van Israel.

²³ My lippe sal jubel wanneer ek vir U speel,
ja, my hele wese wat U vrygemaak het.

²⁴ Ook my tong sal die hele dag oor u geregtigheid prewel,ⁿ
omdat daardie mense^o beskaamd staan,
omdat hulle wat my leed wil aandoen,
in die skande gekom het.

72

¹ Van Salomo.

O God, u wette, skenk dit aan die koning,
ja, u regverdigheid aan die seun van die koning.

^m71:20 *lewend maak*: In verbondstaal beteken dit dat die verhouding met God herstel sal word.

ⁿ71:24 *prewel*: Die Hebreeuse woord verwys na die Joodse gebruik om die Tien Gebooie en ander wette van die Ou Testament gedurig saggies vir jouself op te sê.

^o71:24 *daardie mense*: Vgl vs 13. Die bronteks lui “hulle”.

- ² Mag hy u volk regverdig oordeel,
ja, u magteloses billik oordeel.
- ³ Deur •geregtigheid sal berge en heuwels
voorspoed bring vir die volk.
- ⁴ Hy sal die magteloses van die volk se regte handhaaf,
die kinders van behoeftiges verlos,^p
maar onderdrukkers verpletter.
- ⁵ Hulle sal vir U ontsag hê
solank die son en die maan nog daar is,
vir geslagte lank.
- ⁶ Mag die koning^q wees soos reën
wat neerdaal op 'n gesnyde grasveld,
soos reënbuie wat die aarde deurweek.^r
- ⁷ In sy tyd sal regverdiges floreer,
welvaart sal oorvloedig wees
tot die maan nie meer daar is nie.
- ⁸ Mag hy heers van see tot see,
van die Eufraat^s tot by die uithoeke van die aarde.
- ⁹ Voor hom sal die woestynbewoners kniel;

^p72:4 *kinders ... verlos*: Armes en hulle kinders is dikwels as skuldslawe geneem; vgl Deut 15; 2 Kon 4:1.

^q72:6 *die koning*: Die bronteks lui “hy”.

^r72:6 *soos ... deurweek*: Hierdie lesing is verkry deur 'n geringe tekswysiging. Die bronteks lui “soos reënbuie, druppels van die grond”.

^s72:8 *Eufraat*: Die Eufraat het deur die ryke van Babilonië en Assirië, vyande van Israel, gevloei.

sy vyande sal stof lek.

¹⁰ ^tDie konings van Tarsis en die kuslande
sal belasting betaal;

die konings van Skeba en Seba sal skatplig^u lewer.

¹¹ Al die konings sal diep voor hom buig,
al die nasies sal hom dien;

¹² want hy sal behoefdiges wat om hulp roep, uitred,
ook magteloses en mense wat nie helpers het nie.

¹³ Hy sal deernis hê met hulpeloses en behoefdiges;
die lewens van behoefdiges sal hy bevry.

¹⁴ Van onderdrukking en geweld
sal hy hulle lewe vrykoop.

Hulle bloed sal kosbaar wees in sy oë.

¹⁵ ^vMag hy lank lewe!

Mense sal vir hom van die goud van Skeba gee;
hulle sal voortdurend vir hom bid
en hom die hele dag seën toewens.

¹⁶ Mag die land oortrek wees met graan,
die are golwend oor die bergtoppe
soos die Libanon.

^t72:10-11 Matt 2:11 is 'n toespeling op Ps 72:10-11 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Op 21:26.

^u72:10 *skatplig*: 'n Heffing wat 'n veroweraar aan 'n verowerde volk oplê. Dit was algemene gebruik in die tyd van die Ou Testament.

^v72:15 Matt 2:11 is 'n toespeling op Ps 72:15 as heenwysing na Jesus Christus.

Mense in die stede sal in bloei staan
soos die plante van die land.

¹⁷ Mag sy roem vir altyd duur,
sy naam voortleef^w solank die son bestaan.
Mense sal mekaar dan sy seëninge toewens;
al die nasies sal hom gelukkig noem.

¹⁸ *Die HERE God, die God van Israel, moet geprys word,
Hy wat wonders doen, net Hy alleen.

¹⁹ Sy luisterryke Naam moet vir ewig geprys word;
mag sy heerlikheid die hele aarde vul.

Amen, amen.^x

²⁰ Die gebede van Dawid, die seun van Isai, eindig hier.

73

BOEK DRIE

(Ps 73 — 89)

¹ 'n Psalm. Van Asaf.

God is waarlik vir Israel goed,
vir hulle wat rein harte het.

² Maar ek,

^w72:17 *Mag ... voortleef*: Die lesing van die LXX word hier gevolg. Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid.

^{*}72:18 Luk 1:68

^x72:18-19 *Die Here ... •amen*: Ps 72:18-19 dien as afsluiting van die tweede versameling in die Psalmboek.

so byna het my voete die pad byster geraak,
amper het my voetstappe gegly.

³ Want ek het verwaande mense beny;
ek het die voorspoed van goddelose mense gesien.

⁴ Hulle het immers tot hulle dood geen sorgie nie;
en hulle liggame is vet.

⁵ Aan die sorgie van sterflinge
het hulle nie deel nie,
en saam met gewone mense
word hulle nie geteister nie.

⁶ Daarom versier verwaandheid hulle nekke,
bedek 'n kleed van geweld hulle.

⁷ Hulle sondeskuld^y spruit uit ongevoelige harte,
hulle oortree met versinsels van die hart.

⁸ Hulle onderhandel smalend, en met bose bedoelings;
uit die hoogte dreig hulle met geweld.

⁹ Hulle rek hulle monde teen die hemel,
en laat hulle tonge los oor die aarde.

¹⁰ — ^zDaarom bring God^a sy volk hierheen terug^b —
Wie vol is,^c word deur hulle uitgepers,

^y73:7 *sondeskuld*: Die lesing van die LXX word hier gevolg. Die bronteks lui “hulle oë”.

^z73:10 Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid.

^a73:10 *God*: Die bronteks lui “Hy”.

^b73:10 *Daarom ... terug*: Hierdie woorde is waarskynlik bygevoeg deur 'n persoon in die tempel wat die teks oorgeskryf het; vgl vs 17.

^c73:10 *Wie vol is*: Hierdie lesing is verkry deur die wysiging van een vokaal. Die bronteks lui “water van vol”.

¹¹ en hulle sê: “Hoe sal God dit weet?

Is daar dan kennis by die Allerhoogste?”

¹² Kyk, dit is hoe goddelose mense is:

Altyd rustig, vermeerder hulle hulle rykdom.

¹³ Ja, tevergeefs het ek my hart rein gehou
en my hande in onskuld gewas.

¹⁴ Ek is die hele dag geteister;
my kastyding was in die oggend reeds daar.

¹⁵ As ek sou dink:

Ek wil soos hulle praat,
kyk, dan sou ek ontrou wees
aan die nageslag van u kinders.

¹⁶ Ek het toe diep nagedink
om dit te probeer verstaan;
dit het my gekwel,

¹⁷ totdat ek in die heiligdom van God
ingegaan het.

Ek het insig gekry in hulle lot.

¹⁸ Ja, U laat hulle op gladde plekke beland,
U bring hulle tot 'n val oor hulle geknoei.

¹⁹ Hoe word hulle in 'n oogwink 'n skrikbeeld,
hoe kom hulle volledig tot 'n einde deur verskrikking!

²⁰ My Heer, soos 'n droom waaruit mens wakker word,
verag U hulle beeld wanneer U ontwaak.

²¹ Toe my hart aan die gis was

en my niere^d deurboor,
22 was ek dom en sonder begrip;
ek was 'n dier teenoor U.

23 En tog was ek altyd by U;
U het my regterhand vasgehou.

24 Deur die raad wat U gee, lei U my,
en daarna neem U my eervol weg.

25 Wie is daar vir my in die hemel?
As ek by U is, begeer ek niks op aarde nie.

26 My liggaam en my hart kan maar wegkwyn,
God is die rots van my hart
en my erfdeel vir altyd.

27 Want kyk, dié wat ver van U af is,
gaan ten gronde;
U vernietig dié wat aan U ontrou is.

28 Maar wat my betref,
die nabyheid van God is vir my goed.
Ek het my Heer, die HERE, my skuilplek gemaak,
sodat ek van al u werk kan vertel.

74

¹ 'n *Maskiel*.^e Van Asaf.

^d73:21 *hart, niere*: Die hart is beskou as die setel van die denke en die niere as die setel van die emosies.

^e74:1 *Maskiel*: 'n Tegniese term wat moontlik aandui dat die psalm vir onderrig gebruik is.

Waarom, o God, verstoot U ons vir altyd?

Waarom smeul u woede

teen die kleinvee van u weiplek?

²*Dink aan u volk wat byeen is,
wat U in die voortyd gekoop het,
wat U as stam, as u eiendom, losgekoop het;
dink aan die Sionsberg, waar U gewoon het.

³Klim tog op na die ewige puinhope,
na al die verwoesting
wat die vyand aangerig het in die heiligdom.

⁴U teenstanders het gebrul
binne-in u ontmoetingsplek;
hulle het hulle baniere
as oorwinningstekens opgerig.

⁵Dit is bekend:
Toe hulle saam met die fynhout
byle teen die trappe op gevat het,

⁶het hulle ook die paneelwerk daar afgestroop
met handbyle en breekysters.^f

⁷Hulle het u heiligdom aan die brand gesteeek;
tot op die grond het hulle
die woonplek van u Naam ontheilig.

⁸Hulle het gedink:
“Ons moet alles tegelykertyd tot niet maak.”

*74:2 Hand 20:28

^f74:5-6 *Toe hulle ... breekysters*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid. Hierdie lesing is verkry deur die wysiging van enkele vokale.

Hulle het toe ook al die ontmoetingsplekke van God
in die land verbrand.

⁹ Ons sien nie meer ons tekens nie,
daar is nie meer 'n profeet nie;
en niemand by ons weet hoe lank nog nie.

¹⁰ Hoe lank, o God,
gaan die teenstander nog die spot dryf,
gaan die vyand u Naam vir ewig verag?

¹¹ Waarom hou U u hand, u regterhand,^g terug?
Trek dit uit die vou van u kleed!^h
Maak 'n einde hieraan!

¹² God is my koning van die vroegste tye af,
Hy wat verlossingsdade verrig
hier op aarde.

¹³ Dit is U wat met u krag die see geskud het,
die koppe van seemonsters
op die water verpletter het,

¹⁴ die koppe van die Leviataniⁱ verbrysel het,
dit as kos vir woestynbewoners gegee het.

^g74:11 *regterhand*: Omdat die •regterhand gewoonlik die sterkste hand is, is dit dikwels uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here.

^h74:11 *Trek ... kleed*: Dit verwys na die vou van die klere voor die bors wat as 'n sak kon dien.

ⁱ74:14 *Leviatan*: 'n Mitologiese seemonster wat by die skepping deur God verslaan is.

- ¹⁵ U het fontein en stroom oopgebreek;
U het standhoudende riviere laat opdroog.
- ¹⁶ Aan U behoort die dag;
ook die nag behoort aan U.
U het aan die maan en die son 'n vaste plek gegee.
- ¹⁷ Ja, dit is U wat al die grense van die aarde
vasgestel het;
somer en winter, U het dit gevorm.
- ¹⁸ Dink daaraan dat die vyand die spot dryf, HERE,
dat 'n dwase volk u Naam verag.
- ¹⁹ Moet tog nie die lewe van u tortelduif
aan wilde diere oorgee nie;
die lewens van u magteloses —
moet dit nie vir ewig vergeet nie. •*Sela*
- ²⁰ Hou die verbond in die oog,
want die donker plekke van die wêreld
is vol nedersettings van geweld.
- ²¹ Laat die onderdrukte
nie in vernedering terugkeer nie.
Die magteloses en behoeftiges sal u Naam loof.
- ²² Staan tog op, o God, verdedig u regsak!
Dink daaraan dat U die hele dag
deur dwase gespot word.
- ²³ Moenie die stem van u teenstanders vergeet nie,

^{174:20} *donker ... wêreld*: Dit verwys na lande waar die Judeërs in ballingskap was.

die gejoel wat voortdurend opklink
van hulle wat teen U opstaan.

75

¹ Vir die •musiekleier. *Al tasjgeet.*^k 'n Psalm. Van Asaf. 'n Lied.

² Ons bring lof aan U, o God,

ons bring lof.

U Naam is na aan ons.

Mense vertel van u wonderwerke.

³ God sê:^l

“Wanneer die tyd aanbreek wat Ek bepaal het,^m

oordeel Ek regverdig.

⁴ As die aarde en al sy bewoners geskud word —

Ek het sy pilare gevestig.” •*Sela*

⁵ Vir verwaande mense sê ek:

“Moenie verwaand wees nie.”

Vir die goddelose mense:

“Moenie horings oplikⁿ nie.

⁶ Moenie julle horings teen die hemel lig nie;

^k75:1 *Al tasjgeet*: Die Hebreeus vir ‘moenie verwoes nie’. Dit verwys waarskynlik na die melodie waarop die psalm gesing is.

^l75:3 *God sê*: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word wel veronderstel.

^m75:3 *Wanneer ... het*: Die bronteks lui “Wanneer Ek 'n vasgestelde tyd neem”.

ⁿ75:5 *horings oplik*: 'n Idioom vir kragvertoon en verset.

moenie verwaand, met 'n stywe nek, praat nie.

⁷ Want nie van waar die son opkom
of van waar hy ondergaan,
en ook nie vanaf die woestyn^o
kom verheffing nie.

⁸ Nee, God is regter:
Die een verneder Hy,
die ander verhef Hy.”

⁹* Ja, daar is 'n beker in die hand van die HERE
met wyn wat gegis het en vol kruie is.
Al die goddelose mense sal dit moet drink,
dit tot die droesem moet ledig.

¹⁰ En ek, ek sal dit altyd verkondig,
ek sal oor die God van Jakob sing:

¹¹ “Al die horings van goddelose mense sal Ek afbreek,
maar die horings van regverdiges sal opgelig word.”

76

¹ Vir die •musiekleier. Met snarespel. 'n Psalm. Van Asaf. 'n Lied.

² God is in Juda bekend,
in Israel is sy Naam groot.

³ In Salem^p was sy skuilplek,

^o**75:7 woestyn:** Dit verwys na 'n onbewoonde, onherbergsame gebied waar skape en bokke soms gewei het.

^{*}**75:9** Op 14:10; 15:7; 16:19

^p**76:3 Salem:** Dit is 'n ander naam vir Jerusalem.

sy lêplek in Sion.^q

⁴ Daar het Hy brandpyle van die boog,
skild en swaard en steekspies, stukkend gebreek.

⁵ U was skitterend, magtig,
op die berge wat die prooi moes wees.^r

⁶ Dié met dapper harte het self die buit geword;
hulle het die ewige slaap ingegaan.

Nie een van die krygsmanne kon 'n hand lig nie.

⁷ O God van Jakob,
net maar by die aanhoor van u strydkreet
het bemanning en perde
van strydwaens reeds in 'n beswying geraak.

⁸ U — ontsagwekkend is U!
Wie kan, vanweë die krag van u woede,^s
voor U bly staan?

⁹ Uit die hemel het U die oordeel aangekondig.

Die aarde het gevrees en stil geword

¹⁰ toe God opstaan om vonnis te vel,
om al die verdruktes van die land te verlos. •*Sela*

¹¹ Ja, menslike woede lei tot lof aan U,
dié wat oorbly ná die woedebuie,

^q76:3 *skuilplek ... Sion*: God word hier met 'n leeu vergelyk.

^r76:5 *berge ... wees*: Dit verwys na die heuwels waarop Jerusalem gebou was, wat die vyand wou verower.

^s76:8 *krag ... woede*: Hierdie lesing is verkry deur 'n geringe wysiging in die bronteks. Die bronteks lui “vanaf u woede”.

sal feesvier tot U eer.^t

¹² Lê geloftes af aan die HERE julle God
en betaal dit.

Almal wat rondom Hom is,^u
moet geskenke bring vir die Ontslagwekkende.

¹³ Hy breek die veggees van leiers,
Hy is vreesaanjaend
vir die konings van die aarde.

77

¹ Vir die •musiekleier. Op *Jedoetoen*.^v Van Asaf. 'n Psalm.

² Ek roep hardop na God,
ek roep om hulp.
Ek roep hardop na God,
sodat Hy my moet hoor.

³ In die tyd van my nood soek ek my Heer.
In die nag hou ek onvermoeid my hande uitgestrek;
ek is ontroosbaar.

⁴ Ek dink aan God en ek kreun;
ek kla, en dit mergel my uit. •*Sela*

^t76:11 *feesvier ... eer*: Die lesing van die LXX word hier gevolg. Die bronteks lui “U omgord U”.

^u76:12 *Almal ... is*: Dit verwys na die nasies rondom Juda; vgl vs 11.

^v77:1 •*Jedoetoen*: Oor die betekenis hiervan is daar onsekerheid. Dit is 'n musiekterm, of 'n verwysing na die musiekleier Jedoetoen; vgl Neh 11:17; 1 Kron 9:16; 16:38.

- ⁵ U hou my ooglede oop;
ek is ontsteld en kan nie praat nie.
- ⁶ Ek dink terug aan vervloë dae,
aan vergange jare.
- ⁷ Ek dink in die nag aan my harpspel;
my hart kla en my gees is soekend.
- ⁸ Sal my Heer ons dan vir ewig verstoot
en ons nooit weer aanvaar nie?
- ⁹ Is dit vir altyd die einde van sy troue liefde?
Het sy boodskappe van geslag tot geslag
nou tot 'n einde gekom?
- ¹⁰ Het God vergeet om genadig te wees,
of het Hy in woede sy ontferming opgehef? *Sela*
- ¹¹ Toe het ek gesê:
“Dit is wat my kwel —
die verandering van die Allerhoogste se regterhand.”
- ¹² Ek sal die HERE se dade onthou,
ja, ek wil sy wonders van vroeër onthou.
- ¹³ Ek sal oor al u werke bly prewel,^w
oor u handeling sal ek nadink:
- ¹⁴ O God, u weg is •heilig.
Wie is so 'n groot god soos God?
- ¹⁵ U is die God wat wonders doen,

^{w77:13} *prewel*: Die Hebreeuse woord verwys na die Joodse gebruik om die Tien Gebooue en ander wette van die Ou Testament gedurig saggies vir jouself op te sê.

U het u krag onder die volke bekend gemaak.

¹⁶ U het u volk met u arm losgekoop —
die kinders van Jakob en Josef. *Sela*

¹⁷ Die water het U gesien, o God,
die water het U gesien,
dit het ineengekrimp;
ja, die watervloede het gebewe.

¹⁸ Wolke het water uitgegiet,
donderwolke het gedreun,
ja, u pyle het heen en weer geflits.

¹⁹ Die donder was die geluid van u strydswawiele,
weerligstrale het die wêreld verlig,
die aarde het geskud en gebewe.

²⁰ Deur die see het u pad geloop;
u paaie was deur massas water,
maar u spore onherkenbaar.

²¹ U het, deur die hand van Moses en Aäron,
u volk soos kleinvee gelei.

78

¹ 'n *Maskiel*.^x Van Asaf.

My volk, luister na my onderrig;
spits julle ore vir die woorde uit my mond.

^{x78:1} *Maskiel*: 'n Tegniese term wat moontlik aandui dat die psalm vir onderrig gebruik is.

² ^yEk gaan my mond oopmaak vir 'n spreuk,
ek gaan raaisels uit die verlede na vore haal.

³ Wat ons gehoor het en weet,
wat ons voorouers aan ons vertel het,

⁴ *mag ons nie vir ons kinders wegsteek nie.

Aan die volgende geslag sal ons
die roemryke dae van die HERE vertel:

van sy mag en die wonders wat Hy gedoen het.

⁵ Hy het 'n bepaling neergelê in Jakob,

'n wet vasgestel in Israel:

Wat Hy ons voorouers beveel het,
moet aan hulle kinders bekend gemaak word,

⁶ sodat die volgende geslag dit sal weet,
die kinders wat nog gebore moet word,

sal opstaan en dit aan hulle kinders vertel,

⁷ en sodat hulle weer hulle vertroue in God kan stel,
God se dae nie vergeet nie

en sy bevel kan nakom.

⁸ *Hulle mag nie soos hulle voorouers wees nie —

'n hardkoppige en opstandige geslag,

wie se harte onbestendig was

en wie se gees nie aan God getrou was nie.

^y**78:2** In Matt 13:35 word Ps 78:2 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

***78:4** Ef 6:4

***78:8** Hand 2:40

⁹ Die kinders van Efraim, gewapende boogskutters,
het teruggeval op die dag van die geveg.

¹⁰ Hulle het nie by God se verbond gehou nie,
en volgens sy wet wou hulle nie optree nie.

¹¹ Hulle het sy dade vergeet,
sy wonders wat Hy hulle laat sien het.

¹² Voor die oë van hulle voorouers
het Hy wonders gedoen in Egipteland,
op die vlakte van Soan.

¹³ Hy het die see oopgekloof en hulle laat deurtrek;
Hy het die water laat opdam soos 'n wal.

¹⁴ Hy het hulle met 'n wolk gelei bedags,
en die hele nag met die lig van vuur.

¹⁵ *Hy het rotse oopgekloof in die woestyn^z
en hulle baie laat drink,
asof daar 'n vloed was.

¹⁶ Hy het strome uit die rotswand laat vloei,
en water laat afloop soos riviere.

¹⁷ Maar hulle het steeds voortgegaan
om teen Hom te sondig,
om in die dorre streek
teen die Allerhoogste opstandig te wees.

¹⁸ Hulle het God doelbewus^a uitgedaag

*78:15 1 Kor 10:4

^z78:15 *woestyn*: Dit verwys na 'n onbewoonde, onherbergsame gebied waar skape en bokke soms gewei het.

^a78:18 *doelbewus*: Die Hebreeuse idioom is “met hulle harte”.

deur kos te vra wat hulle begeer.

¹⁹ Hulle het hulle teen God uitgespreek;
hulle het gesê:

“Kan God 'n tafel dek in die woestyn?

²⁰ Kyk, Hy het 'n rots geslaan
en water het uitgestroom,
spruite het gevloei.

Sou Hy ook brood kon gee
of vleis voorberei vir sy volk?”

²¹ Daarom, toe die HERE dit hoor,
het sy woede opgevlam

en 'n vuur is aangesteek teen Jakob.

Ook het toorn opgelaaai teen Israel,

²² omdat hulle nie in God geglo het nie,
en nie op sy verlossing vertrou het nie.

²³ Hy het die wolke daarbo bevel gegee
en die deure van die hemel oopgemaak.

²⁴ **Hy het manna om te eet op hulle laat reën,
koring van die hemel het Hy aan hulle gegee,

²⁵ die brood van engele^b — mense het dit geëet.

Padkos het Hy vir hulle tot versadiging toe gegee.

²⁶ Hy het die oostewind in die lug laat opsteek
en deur sy krag die suidewind laat waai.

*78:24-29 1 Kor 10:3

*78:24 Joh 6:31; Op 2:17

^b78:25 *brood ... engele*: Hierdie lesing volg die LXX. Die bronteks lui “brood van magtiges”.

27 Hy het vleis soos stof op hulle laat neerreën,
vlieënde voëls soos sand aan die see.

28 Hy het dit rondom sy tabernakel
in die middel van sy kamp laat val.

29 Hulle het geëet en was heeltemal versadig;
Hy het wat hulle begeer het, vir hulle gebring.

30 Maar hulle het nie afgesien van hulle begeerte nie.
Daar was nog kos in hulle monde,

31 *toe laai God se toorn al teen hulle op.

Hy het die vetstes onder hulle om die lewe gebring
en die jongmanne van Israel op hulle knieë gedwing.

32 Ten spyte hiervan het hulle steeds gesondig
en nie aan sy wonders geglo nie.

33 So het Hy hulle dae laat eindig in nietigheid
en hulle jare in verskrikking.

34 As Hy begin om hulle om die lewe te bring,
raadpleeg hulle Hom;
hulle draai terug en soek God.

35 Hulle onthou dat God hulle rots is,
ja, dat God, die Allerhoogste, hulle losser^c is.

36 Maar hulle bedrieg Hom met die mond
en lieg vir Hom met die tong.

37 *In hulle harte was hulle nie standvastig

*78:31 1 Kor 10:5

^c78:35 *losser*: God word hier vergelyk met 'n “•losser” wat sy mense, nadat hulle skuldslawe geword het, losgekoop het.

teenoor Hom nie;
hulle was nie getrou aan sy verbond nie.

³⁸ Maar Hy is barmhartig;
Hy bedek hulle sondeskuld;
Hy delg hulle nie uit nie.
Hy hou dikwels sy toorn terug
en laat nie sy woede ten volle geld nie.

³⁹ Hy dink daaraan dat hulle vlees is,
net maar 'n asemteug wat gaan
en nie weer terugkeer nie.

⁴⁰ Hoe dikwels was hulle nie opstandig
teen Hom in die woestyn,
het hulle Hom nie gegrief in die wildernis nie.

⁴¹ Hulle het God weer uitgedaag,
en die •Heilige van Israel gekrenk.

⁴² Hulle het nie onthou wat sy hand gedoen het nie,^d
dié dag toe Hy hulle vrygekoop het
van verdrukkers,

⁴³ toe Hy sy tekens gedoen het in Egipte
en sy wonders op die vlakte van Soan.

⁴⁴ *Hy het hulle riviere in bloed verander,
ook hulle strome —
hulle kon glad nie daarvan drink nie.

*78:37 Hand 8:21

^d78:42 *Hulle ... nie*: Die bronteks lui “Hulle het nie sy hand onthou nie”.

*78:44 Op 16:4

- 45 Hy het steekvlieë onder hulle losgelaat,
en dit het hulle geteister;^e
ook paddas, en dit het verwoesting
onder hulle aangerig.
- 46 Hy het hulle opbrengs
aan kaalvreter sprinkane gegee,
die vrug van hulle arbeid aan treksprinkane.
- 47 Hy het hulle wingerdstokke deur hael vernietig
en hulle wilde vyebome deur 'n verwoestende vloed.
- 48 Hy het hulle beeste aan hael oorgegee,
en hulle vee aan weerligstrale.
- 49 Hy het sy gloeiende toorn onder hulle ingestuur:
woede, vervloeking en benoudheid —
'n hele afdeling boodskappers van onheil.
- 50 Hy het die weg gebaan vir sy toorn;
Hy het hulle nie van die dood weggehou nie,
maar hulle lewens aan pessiëktes oorgegee.
- 51 Hy het elke •eersgeborene in Egipteland getref,
die eersteling van hulle manlike krag
in die tente van Gam.*
- 52 Maar soos kleinvee het Hy sy volk laat uitbreek.
Toe het Hy hulle soos 'n kudde in die woestyn gelei,
- 53 Hy het hulle veilig gelei,
hulle was nie verskrik nie.

^e78:45 *dit ... geteister*: Letterlik 'dit het hulle geëet'.

*78:51 *Gam*: Gen 10:6

Hulle vyande is deur die see oorstroom.

⁵⁴ Hy het hulle na sy •heilige grondgebied gebring,
na die berg wat sy regterhand^f verwerf het.

⁵⁵ Hy het nasies voor hulle uit verdryf.

Met 'n maatlyn het Hy vir hulle

'n erfenis aangewys,
en die stamme van Israel
in hulle^g tente laat woon.

⁵⁶ Maar hulle was opstandig
en het God, die Allerhoogste, uitgedaag;
hulle het nie sy bepalings nagekom nie.

⁵⁷ Hulle het afgewyk en was ontrou
soos hulle voorouers;
hulle het verander in 'n slap boog.

⁵⁸ Hulle het Hom gegrief
met hulle hoogtes;^h
met hulle afgodsbeelde
het hulle Hom gekrenk.

⁵⁹ Toe God daarvan gehoor het,
was Hy woedend
en het Israel heeltemal verwerp.

^f78:54 *regterhand*: Omdat die •regterhand gewoonlik die sterkste hand is, is dit dikwels uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here.

^g78:55 *hulle*: Dit verwys na die nasies wat uitgedryf is.

^h78:58 *•hoogtes*: Dit is die heiligdomme waar die vrugbaarheidsgodsdiens beoefen is.

⁶⁰ Hy het die tabernakel by Silo* prysgegee,
die tent waarin Hy tussen mense gewoon het.ⁱ

⁶¹ Hy het sy krag in ballingskap oorgegee,
sy heerlikheid^j in die hande van teenstanders.

⁶² Hy het sy volk aan die swaard oorgegee;
Hy was woedend vir sy eiendom.

⁶³ Sy jongmanne is deur vuur verteer,
en sy jongvroue is nie met liedere geprys nie.

⁶⁴ Sy priesters het deur die swaard geval
en sy weduwees kon nie rou nie.

⁶⁵ Toe het my Heer asof uit die slaap wakker geword,
soos 'n held uit die roes van wyn.

⁶⁶ Hy het sy teenstanders teruggedryf
en ewige bespotting oor hulle gebring.

⁶⁷ Hy het die tent van Josef verwerp
en die stam van Efraim nie gekies nie.

⁶⁸ Maar Hy het die stam van Juda gekies,
die Sionsberg wat Hy liefhet.

⁶⁹ Hy het sy heiligdom so vas
soos die hoë hemele gebou,^k

***78:60** *tabernakel ... Silo*: Jos 18:1; 1 Sam 1:3

ⁱ**78:60** *tent ... gewoon het*: Die LXX word hier gevolg. Die bronteks lui “die tent wat Hy tussen mense laat woon het”.

^j**78:61** *krag ... heerlikheid*: Dit verwys na die verbondsark; vgl 1 Sam 4:1-22;

•Ark.

^k**78:69** *so ... gebou*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid.

soos die aarde wat Hy vir ewig gevestig het.

⁷⁰ Hy het Dawid, sy dienskneg, gekies,
en hom van die skaapkrale af weggeneem.

⁷¹ Agter die lammerooie het Hy hom laat haal
om Jakob, sy volk, op te pas,
Israel, sy eiendom.

⁷² Dawid¹ het hulle met 'n opregte hart opgepas;
met die vaardigheid van sy hande het hy hulle gelei.

79

¹ 'n Psalm. Van Asaf.

*O God, nasies het in u eiendom ingegaan,
hulle het u •heilige tempel verontreinig;
hulle het Jerusalem tot puin hope gemaak.

² Hulle het die lyke van u diensknegte
vir die voëls van die hemel as kos gegee,
die vleis van u getroue volgelingen
vir die wilde diere van die land.

³ *Hulle het hulle bloed
soos water uitgestort om Jerusalem,
en daar was niemand wat hulle begrawe nie.

⁴ Ons het die bespotting van ons bure geword,
die hoon en spot van hulle rondom ons.

¹78:72 *Dawid*: Die bronteks lui “hy”.

*79:1 Luk 21:24; Op 11:2

*79:3 Op 16:6

⁵ Hoe lank nog, HERE?

Gaan U vir ewig toornig bly;
sal u heilige jaloesie soos 'n vuur bly brand?

⁶*Stort u gramskap uit oor die nasies

wat U nie ken nie,
oor die koninkryke
wat u Naam nie aanroep nie;

⁷want hulle het Jakob verteer,
sy woonplek verlate maak.

⁸Moet tog nie ons vroeëre sondes teen ons hou nie;
laat u ontferming ons gou bereik,
want ons het baie min geword.

⁹Help ons, o God wat ons verlos,
ter wille van die eer van u Naam.

Red ons uit en bedek ons sondes,
ter wille van u Naam.

¹⁰*Waarom moet die nasies sê:

“Waar is julle God?”

Laat dit onder die nasies bekend word
dat U die bloed van u diensknegte wat gestort is,
voor ons oë wreek.

¹¹Laat die gesug van gevangenes U bereik;
laat hulle, gedoem tot die dood,
deur u groot mag^m gespaar bly.

*79:6 1 Thess 4:5; 2 Thess 1:8

*79:10 Op 6:10; 19:2

¹² Vergeld ons bure sewevoudig
in hulle skoot vir die bespotting
waarmee hulle U bespot het, my Heer!

¹³ Ons is u volk en die skape wat U laat wei;
ons sal U vir altyd loof.
Van geslag tot geslag sal ons vertel
van die lof wat U toekom.

80

¹ Vir die •musiekleier. Op *Sjosjaniem*ⁿ *edoet*.^o Van Asaf. 'n Psalm.

² Herder van Israel, luister tog!
U wat Josef soos kleinvee lei,
U wat oor die gerubs troon^p —
laat skyn tog u lig

³ voor Efraim, Benjamin en Manasse!
Laat u mag ontwaak
en kom tot ons redding.

⁴ O God, herstel ons;
laat skyn die lig van u teenwoordigheid,

^m79:11 *groot mag*: Die bronteks lui “volgens u groot arm”.

ⁿ80:1 *Sjosjaniem*: Die Hebreeuse woord beteken ‘lilies’. Dit verwys moontlik na die melodie waarop die psalm gesing is.

^o80:1 *edoet*: Die Hebreeuse woord beteken ‘getuienis’. Dit is waarskynlik 'n verwysing na 'n liturgiese gebruik van die psalm.

^p80:2 *gerubs troon*: Die •verbondsark met die gerubs daarop is beskou as God se troon; vgl Num 7:89; 1 Sam 4:4.

sodat ons verlos kan word.

⁵ HERE, God, Heerser oor alle magte,
hoe lank gaan u woede nog smeul
teen die gebed van u volk?

⁶ U het hulle brood van trane laat eet;
U het hulle trane in oormaat laat drink.

⁷ U het ons 'n bron van stryd gemaak vir ons bure,
ons vyande dryf met ons^q die spot.

⁸ O God, Heerser oor alle magte, herstel ons;
laat skyn die lig van u teenwoordigheid,
sodat ons verlos kan word.

⁹ U het in Egipte 'n wingerdstok uitgetrek;
U het nasies verdryf en hom geplant.

¹⁰ U het voor hom skoongemaak;
hy het wortel geskiet en die land vol gerank.

¹¹ Berge is deur sy skadu oordek,
die magtige seders deur sy takke.

¹² Hy het sy ranke uitgestoot tot by die see,^r
en sy lote tot by die rivier.^s

¹³ Waarom het u sy tuinmuur afgebreek,
sodat almal wat daar verbygaan, sy vrugte pluk?

^q80:7 *ons*: Die LXX word hier gevolg. Die bronteks lui “hulle”.

^r80:12 *tot ... see*: Dit verwys na die Middellandse See aan die westekant van Palestina.

^s80:12 *tot ... rivier*: Dit verwys na die •Eufraatrivier oos van Palestina.

¹⁴ Varke uit die bos verniel hom;
diertjies uit die veld vreet hom kaal.

¹⁵ O God, Heerser oor alle magte,
kom tog terug!

Kyk uit die hemel en sien dit raak!

Versorg hierdie wingerdstok,

¹⁶ die steggie^t wat u regterhand^u geplant het,
die spruit wat U vir Uself grootgemaak het.

¹⁷ Hy is met vuur verbrand, afgekap.

Laat die vyande^v vergaan

weens die bedreiging van u teenwoordigheid.

¹⁸ Hou tog u hand oor die man aan u regterkant,^w
oor die mensekind wat U vir Uself grootgemaak het.

¹⁹ Ons sal nie van U wyk nie.

Maak ons lewend!^x

Net ú Naam sal ons aanroep.

²⁰ HERE, God, Heerser oor alle magte, herstel ons;
laat skyn die lig van u teenwoordigheid,

^t80:16 *die steggie*: Oor die betekenis van die Hebreeuse woord is daar onsekerheid.

^u80:16 *regterhand*: Omdat die •regterhand gewoonlik die sterkste hand is, is dit dikwels uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here.

^v80:17 *die vyande*: Die bronteks lui “hulle”.

^w80:18 *man ... regterkant*: Dit verwys na die koning in Jerusalem wie se paleis regs (suid) van die tempel was.

^x80:19 *Maak ... lewend*: In verbondstaal beteken dit die verhouding met God word herstel.

sodat ons verlos kan word.

81

¹ Vir die •musiekleier. Op die *Ghitiet*.^y Van Asaf.

² Juig tot eer van God, ons krag,
jubel tot eer van die God van Jakob.

³ Begin die begeleiding,
speel op tamboeryne,
op lieflike liere en op harpe.

⁴ Blaas ramshorings met nuwemaan,
met volmaan vir ons feesdag;

⁵ want dit is 'n vaste instelling vir Israel,
'n besluit van die God van Jakob.

⁶ As 'n bepaling het Hy dit neergelê vir Josef
toe Hy uitgetrek het teen Egipteland.

In 'n taal wat ek nie ken nie, hoor ek:^z

⁷ “Ek het die las van sy skouer^a verwyder;
sy hande is vry van die dramandjie.

⁸ Toe daar nood was, het jy geroep,
en Ek het jou uitgered.

Ek het jou geantwoord uit die beskutting

^y81:1 *Ghitiet*: Oor die betekenis hiervan is daar onsekerheid; dit is waarskynlik 'n musiekterm.

^z81:6 *taal ... hoor ek*: Die psalmdigter verwys hier na die openbaring wat hy van God ontvang.

^a81:7 *las ... skouer*: Dit verwys na Israel se slawewerk in Egipte.

van die donderweer;*

Ek het jou getoets by die water van Meriba. •*Sela*

⁹“Luister, my volk,

Ek wil jou waarsku, Israel;

as jy maar net na My sal luister:

¹⁰By jou mag daar geen verbode gode wees nie,

jy mag nie voor vreemde gode

in aanbidding buig nie.

¹¹Ek, die HERE, is jou God

wat jou uit Egipteland laat optrek het.

Maak jy jou mond wyd oop,

dan vul Ek dit.

¹²“Maar my volk het nie na My geluister nie,

Israel het hom nie aan My gesteur nie.

¹³Ek het hulle aan die eiewilligheid

van hulle harte oorgelaat;

hulle het hulle eie raad gevolg.

¹⁴As my volk net na My wou luister,

as Israel maar my paaie wou volg!

¹⁵Ek sou hulle vyande summier verneder,

Ek sou my hand teen hulle teenstanders draai.”

¹⁶Hulle wat die HERE haat,

sal nog voor Hom kruip;

*81:8 *donderweer*: Eks 19:16,19

dit is hulle lot vir altyd.

¹⁷ Maar Hy sal Israel^b met die beste koring voed,
“Uit 'n rots sal Ek jou met heuning versadig.”*

82

¹ 'n Psalm. Van Asaf.

God staan op in die vergadering van die gode;
in die teenwoordigheid van die gode

lewer Hy uitspraak:

² “Hoe lank gaan julle nog onregverdig oordeel
en vir goddelose mense partydig wees? •*Sela*

³ Handhaaf die reg van hulpeloses en vaderloses;
laat reg geskied aan die magteloses en verarmdes.

⁴ Bevry die hulpeloses en behoeftiges,
red hulle uit die mag van goddelose mense.

⁵ “Hulle^c weet niks en hulle verstaan nie,
hulle verkeer in die duister.

Al die fundamente van die aarde wankel.

⁶ “Ek het self gesê julle is gode,*
seuns van die Allerhoogste, julle almal.

⁷ Maar, soos mense sal julle sterf,

^b81:17 *Israel*: Die bronteks lui “hom”.

*81:17 *koring ... heuning*: Deut 32:13-14

^c82:5 *Hulle*: Dit verwys na die afgode.

*82:6 *Ek het ... gode*: Joh 10:34

soos enige leier sal julle val.”

⁸ Staan op, o God, oordeel die aarde,
want U het besitreg oor al die nasies.

83

¹ 'n Lied. 'n Psalm. Van Asaf.

² O God, moet tog nie stilbly nie;
moet U nie doof hou nie
en moenie stil wees nie, o God.

³ Want kyk, u vyande is oproerig,
u haters loop kop omhoog.

⁴ Teen u volk maak hulle listig planne,
hulle beraadslaag teen dié wat
by U geborge is.

⁵ Hulle het gesê:
“Kom ons maak hulle as 'n nasie tot niet,
sodat die naam Israel nie meer onthou word nie.”

⁶ Ja, hulle het eendragtig saamgespan;
teen U het hulle 'n verdrag gesluit:

⁷ die tente van Edom en die Ismaeliete,
Moab en die nageslag van Hagar,

⁸ Gebal, Ammon en Amalek,
Filistea en ook die inwoners van Tirus.

⁹ Ook Assirië het by hulle aangesluit;
hulle het die nageslag van Lot die hand gereik.^d

^d83:9 *nageslag ... gereik*: Die bronteks lui “hulle was 'n arm vir die kinders van

¹⁰ Maak met hulle soos met Midian,*
soos met Sisera,
soos met Jabin by die spruit Kison.*

¹¹ Hulle is uitgedelg by En-dor,
hulle het mis vir die grond geword.

¹² Maak met hulle, met hulle vooraanstaandes
soos met Oreb en Seëb,*
met al hulle aanvoerders
soos met Seba en Salmunna,*

¹³ wat gesê het:

“Laat ons die weivelde van God
in besit neem.”

¹⁴ My God, maak hulle soos tolbosse,
soos kaf voor die wind.

¹⁵ Soos vuur 'n woud uitbrand,
soos 'n vlam berge aan die brand steek,

¹⁶ so moet U hulle agtervolg met u stormwind,
hulle met u storm in verwarring bring.

¹⁷ Bedek hulle gesigte met skande,
dan sal hulle u Naam aanroep, HERE.

¹⁸ Laat hulle vir altyd beskaamd staan en verward wees;
laat hulle verleë wees en wegkwyn.

¹⁹ Dan sal hulle weet dat net U,

Lot”.

*83:10 *Midian*: Rig 7:25

*83:10 *Sisera ... Kison*: Rig 4:15,23; 5:21

*83:12 *Oreb ... Seëb*: Rig 7:24,25

*83:12 *Seba ... Salmunna*: Rig 8:21

wie se Naam HERE is,
die Allerhoogste is oor die hele wêreld.

84

¹ Vir die •musiekleier, op die *Ghitiet*.^e Van die Koragiete. 'n Psalm.

² Hoe lieflik is u woning,
HERE, Heerser oor alle magte!

³ My •siel verlang, ja, smag
na die voorhowe van die HERE;
my hart en liggaam roep hardop
na die lewende God.

⁴ Selfs 'n mossie vind 'n tuiste,
en 'n swaeltjie haar nes
waarin sy haar kleintjies neerlê,
by u altare,
HERE, Heerser oor alle magte,
my Koning en my God!

⁵ Hoe gelukkig is hulle wat in u huis woon!
Hulle loof U gedurig. •*Sela*

⁶ Hoe gelukkig is mense wie se krag in U lê!
Die pelgrimstogte leef in hulle gedagtes:^f

⁷ Trek hulle deur die Baka-vallei,^g

^e84:1 *Ghitiet*: Oor die betekenis hiervan is daar onsekerheid; dit is waarskynlik 'n musiekterm.

^f84:6 *pelgrimstogte ... gedagtes*: Die LXX word hier gevolg. Die bronteks lui “grootpaaie is in hulle hart”.

maak hulle daarvan 'n fonteinlandskap —
dit is selfs van waterpoele^h oortrek ná die vroeë reën.

⁸ Hulle gaan van krag tot krag,
hulle verskyn voor God in Sion.

⁹ HERE, God, Heerser oor alle magte,
hoor tog my gebed,
luister tog, God van Jakob! *Sela*

¹⁰ O God, sien ons skildⁱ raak,
sien om na u gesalfde;

¹¹ want 'n dag in u voorhowe
is beter as duisend daarbuite.

Ek wag liefwer op die drumpel
van die huis van my God
as om te woon
in die tente van goddelose mense.

¹² Ja, 'n son en skild is die HERE God;
genade en eer is wat die HERE skenk.
Hy hou wat goed is nie terug
van hulle wat onberispelik leef nie.

¹³ HERE, Heerser oor alle magte,
hoe gelukkig is mense wat op U vertrou!

⁹84:7 *Baka-vallei*: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die woord “Baka” en die ligging van die Baka-vallei.

^h84:7 *waterpoele*: Kan ook vertaal word met “seëninge”.

ⁱ84:10 *ons skild*: Dit verwys na die koning in Jerusalem; vgl 47:10; 89:19.

85

¹ Vir die •musiekleier. Van die Koragiete. 'n Psalm.

² HERE, U was u land goedgesind;

U het die lot van Jakob verander.

³ U het die skuld van u volk vergewe;

U het al hulle sonde bedek. •*Sela*

⁴ U het al u woede teruggehou;

U het afgesien van u gloeiende toorn.

⁵ Herstel ons nou weer,

o God wat ons verlos;

bring u ergernis teenoor ons tot 'n einde.

⁶ Gaan U vir altyd teen ons toornig wees?

Gaan u toorn voortduur van geslag tot geslag?

⁷ Wil U ons nie maar weer lewend maak,^j

sodat u volk hulle in U kan verheug nie?

⁸ HERE, laat ons weer u troue liefde ervaar,

skenk ons u verlossing.

⁹ Ek wil hoor wat God, die HERE, sê,

want Hy praat oor vrede vir sy volk

en sy getroue volgelinge.

Hulle moet net nie terugkeer

na dit waarop hulle vertrou nie.

¹⁰ Sy verlossing is beslis naby

^j85:7 *lewend maak*: In verbondstaal beteken dit die verhouding met God word herstel.

dié wat vir Hom ontsag het.
Daarmee sal eerbied weer 'n plek hê
in ons land.

¹¹ Troue liefde en waarheid ontmoet mekaar,
•geregtigheid en vrede omhels mekaar.

¹² Waarheid sal uit die aarde spruit,
geregtigheid uit die hemel neerkyk.

¹³ Daarby sal die HERE gee wat goed is,
en ons land sal sy opbrengs lewer.

¹⁴ Geregtigheid gaan voor Hom uit
en baan vir sy voetstappe die weg.

86

¹ 'n Gebed. Van Dawid.

HERE, draai u oor na my; antwoord my,
want ek is magteloos en behoeftig.

² Beskerm my lewe,
want ek is 'n getroue volgeling.

Verlos u dienskneg wat op U vertrou;
U is my God.

³ Wees my genadig, my Heer,
want na U roep ek die hele dag.

⁴ Maak die hart van u dienskneg bly,
want na U, my Heer, verlang ek.

⁵ U, my Heer, is immers goed en vergewensgesind,
en vol troue liefde teenoor almal wat na U roep.

⁶ HERE, hoor tog my gebed

en gee tog aandag aan my smeekgebede.

⁷ In die tyd van my nood roep ek na U,
want U antwoord my.

⁸ Daar is niemand soos U
onder die gode nie, my Heer,
en niks soos u werke nie.

⁹*Al die nasies wat U gemaak het,
sal kom en voor U, my Heer,
in aanbidding buig;
hulle sal u Naam eer.

¹⁰ Want groot is U en U doen wonders;
U alleen is God.

¹¹ Leer my u pad, HERE;
ek wil in u waarheid leef.^k
Gee dat ek heelhartig

vir u Naam ontsag sal hê.

¹² My Heer, my God, ek wil U loof
met my hele hart;

ek wil u Naam vir altyd eer,

¹³ want u troue liefde teenoor my is groot:

U het my lewe weggeruk
uit die doderyk^l daar onder.

*86:9 Op 15:4

^k86:11 *leef*: Die bronteks lui "loop".

^l86:13 *doderyk*: In die tyd van die Bybel het mense gedink daar is 'n plek onder die aarde waarheen die mense wat sterf, afdaal.

¹⁴ O God, vermeteles het teen my opgestaan,
hierdie klomp geweldenaars soek my lewe
en hou U nie voor oë nie.

¹⁵ Maar U, my Heer,
is 'n genadige en barmhartige God,
geduldig, vol troue liefde en waarheid.

¹⁶ Draai na my en wees my genadig;
gee u krag aan u dienskneg
en verlos die seun van u diensmeisie.

¹⁷ Gee my 'n teken van u goedheid
dat hulle wat my haat,
dit kan sien en beskaamd staan.
U, HERE, het my immers gehelp
en getroos.

87

¹ Van die Koragiete. 'n Psalm. 'n Lied.

Die fundamente wat Hy gelê het,^m
rus op •heilige berge.

² Die HERE het die poorte van Sion
liever as al die wonings van Jakob.

³ Glorieryke dinge
word oor jou gesê,ⁿ

^m87:1 *Die ... gelê het:* Die bronteks lui “sy fondament”; die LXX lui “sy fundamente”.

ⁿ87:3 *gesê:* Dit verwys na 'n profesie oor die toekomstige Jerusalem.

stad van God: •*Sela*

⁴ “Ek sal Rahab^o en Babel
noem onder dié wat My erken;
ook Filistea en Tirus saam met Kus^p
onder dié wat daar gebore is.”^q

⁵ En oor Sion word daar gesê:
“Elke persoon is in haar gebore
en die Allerhoogste self hou haar in stand.”

⁶ Die HERE teken in die boek^r van volke op:
“Hierdie een is daar gebore.” *Sela*

⁷ ^sTerwyl hulle dans, sing hulle:
“Al my bronne^t is in jou.”

88

¹ 'n Lied. 'n Psalm. Van die Koragiete. Vir die •musiekleier. Op *Magalat le-anoot*.^u 'n *Maskiel*.^v Van Heman, die Esragiet.

^o87:4 •*Rahab*: 'n Mitiese seemonster. Dit verwys na Egipte.

^p87:4 *Kus*: Dit is Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte.

^q87:4 *wat daar ... is*: Dit beteken dat hierdie nasies in die toekoms volle burgers van die godstad sal wees.

^r87:6 *in ... boek*: Die LXX word hier gevolg. Die bronteks lui “wanneer Hy skryf”.

^s87:7 Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid.

^t87:7 *Al ... bronne*: God self is die bron van verlossing (vgl Jes 12:3), van blydschap en van lewe.

^u88:1 *Magalat le-anoot*: Oor die betekenis hiervan is daar onsekerheid.

Magalat kan die naam van 'n melodie of 'n musiekinstrument wees, of dui op 'n musikale styl. *Le-anoot* beteken ‘om te sing’ of ‘om te ly’.

^v88:1 *Maskiel*: 'n Tegniese term wat moontlik aandui dat die psalm vir onderrig gebruik is.

² HERE, God wat my verlos —
bedags roep ek om hulp,
snags is my hulpgeroep voor U.
³ Laat my gebed U bereik,
gee aandag aan my weeklag;
⁴ want ek het genoeg gehad van teenspoed.

My lewe is by die doderyk;^w
⁵ ek word gereken by dié
wat afdaal in die put.
Ek het geword soos iemand
wat kragteloos is —
⁶ vrygelaat onder die dooies,
soos gesneuweldes wat in 'n graf lê,
aan wie U nie meer dink nie;
hulle is weggesny uit u hand.
⁷ U het my heel onder
in die put geplaas,
in die donker plekke,
in die dieptes.
⁸ Op my druk u woede,
oor my breek al u golwe. •*Sela*

⁹ U het my bekendes van my vervreem,

^w**88:4** *doderyk*: In die tyd van die Bybel het mense gedink daar is 'n plek onder die aarde waarheen die mense wat sterf, afdaal.

U het my iets afstootlik gemaak vir hulle.^x

Ek is opgesluit en kan nie uitkom nie;

¹⁰ my oë verdof van ellende.

Ek roep na U, HERE, elke dag,

ek strek my handpalms na U uit.

¹¹ Kan U aan dooies 'n wonder doen?

Of skimme, kan hulle opstaan,

kan hulle U loof? *Sela*

¹² Word daar in die graf gepraat oor u troue liefde,

oor u betroubaarheid in die plek van vernietiging?

¹³ Is u wonders bekend in die duisternis

en u weldade in die land van vergetelheid?

¹⁴ En ek, na U roep ek om hulp, HERE,

elke oggend gaan my gebed op na U.

¹⁵ Waarom, HERE, verstoot U my,

verberg U u gesig vir my?

¹⁶ Ek is magteloos,

in doodsgevaar van my jeug af;

verslae^y dra ek u verskrikkinge.

¹⁷ Oor my het u woedebuie gebreek,

u vreesaanjaende optrede vernietig my.

¹⁸ Die hele dag omring dit my soos water,

dit omsluit my heeltemal.

^x88:9 *U het my bekendes ... vir hulle*: Luk 23:49 is 'n toespeeling op Ps 88:9 as heenwysing na Jesus Christus.

^y88:16 *verslae*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid. Die LXX word hier gevolg.

¹⁹ U het geliefdes en vriende van my vervreem;
my vertroueling is die duisternis.

89

¹ 'n *Maskiel*.^z Van Etan, die Eragiet*.

² Die bewyse van u troue liefde
wil ek altyd besing;
met my mond wil ek u trou verkondig
van geslag tot geslag.

³ Ja, ek sê dit:

Vir ewig hou u troue liefde stand.

In die hemel, daar het U u trou gevestig:

⁴ ^a“Ek het 'n verbond gesluit

met my uitverkorene,

Ek het aan my dienskneg, Dawid,

met 'n eed belowe,

⁵ ^b“Vir altyd vestig Ek jou nageslag;

van geslag tot geslag hou Ek jou troon in stand.’ ” •*Sela*

⁶ Die hemel moet u wonders loof, HERE;

ja, u trou in die byeenkoms van heiliges.^c

^z89:1 *Maskiel*: 'n Tegniese term wat moontlik aandui dat die psalm vir onderrig gebruik is.

*89:1 *Etan ... Eragiet*: 1 Kon 5:11; 1 Kron 6:29; 15:17,19

^a89:4-5 Joh 7:42 is 'n toespeling op Ps 89:4-5 as heenwysing na Jesus Christus.

^b89:5 Joh 12:34 is 'n toespeling op Ps 89:5 as heenwysing na Jesus Christus.

^c89:6 *byeenkoms ... heiliges*: Dit verwys hier na die hemelinge om God se troon.

⁷ Want wie in die uitpansel
kan langs die HERE gestel word?
Wie onder die hemelinge^d
is aan die HERE gelyk —
⁸ *'n uiters gedugte God
in die vergadering van die heiliges,
en gevrees by almal om Hom?
⁹ HERE, God, Heerser oor alle magte,
wie is so magtig soos U, HERE?
U trou omring U;
¹⁰ U heers oor die deining van die see.
Wanneer die golwe styg,
bring U hulle tot bedaring.
¹¹ *U het Rahab^e verpletterend verslaan;
met u sterk arm het U u vyande verstrooi.

¹² *Aan U behoort die hemel,
aan U ook die aarde.
Die wêreld en alles daarop —
U het dit gevestig.
¹³ Die noorde en die suide —
U het dit geskep.
Tabor en Hermon juig in u Naam.

^d89:7 *hemelinge*: Die bronteks lui “seuns van God”.

*89:8 2 Thess 1:10

*89:11 Luk 1:51

^e89:11 •*Rahab*: 'n Mitiese seemonster. Dit verwys ook na Egipte.

*89:12 1 Kor 10:26

¹⁴ U het 'n magtige arm;

u hand is sterk, u regterhand^f reik hoog.

¹⁵ Reg en •geregtigheid is die basis van u troon;
troue liefde en waarheid gaan U vooruit.

¹⁶ Hoe gelukkig is die mense

wat die uitroep van vreugde ken,

wat in die lig van u teenwoordigheid leef, HERE.

¹⁷ In u Naam juig hulle die hele dag;

oor u weldade is hulle in vervoering,

¹⁸ want U is hulle kragtige sieraad.

Deur u aanvaarding het U ons sterk gemaak;^g

¹⁹ ja, aan die HERE behoort ons skild,^h

aan die •Heilige van Israel behoort ons koning.

²⁰ U het destyds in 'n visioen 'n belofte gemaak

aan u getroue volgelinge.ⁱ

U het gesê:

“Ek het hulp verleen aan 'n held,

Ek het 'n jongman uit die volk^j verhoog.

^f89:14 *regterhand*: Omdat die •regterhand gewoonlik die sterkste hand is, is dit dikwels uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here.

^g89:18 *sterk gemaak*: Die idioom in Hebreeus is “U het ons horing hoog gemaak”.

^h89:19 *ons skild*: Dit verwys na die koning wat die beskermheer van die tempel was.

ⁱ89:20 *getroue volgelinge*: Dit verwys na Natan (vgl 2 Sam 7:17) en ander profete ná hom.

^j89:20 *jongman ... volk*: Die bronteks kan ook vertaal word “'n uitverkorene uit die volk”.

21 *Ek het Dawid, my dienskneg, gevind;
met my heilige olie het Ek hom gesalf.
22 My hand sal aan hom bestendigheid gee,
ja, my arm sal hom sterk maak.
23 Vyande sal hom nie onverhoeds betrap nie,
en kwaadwilliges sal hom nie verdruk nie.
24 Sy teenstanders sal Ek voor hom verpletter,
sy haters sal Ek platslaan.
25 My getrouheid en troue liefde sal met hom wees,
en in my Naam sal hy sterk word.^k
26 Ek sal sy hand op die see lê,
op die riviere^l sy regterhand.
27 *Hy sal my aanroep,
'U is my Vader, my God,
die Rots wat my verlos.'
28 *Ek sal hom dan as •eersgeborene aanwys,
die hoogste van die konings van die aarde.
29 Vir altyd sal Ek volhou
met my troue liefde vir hom,
en my verbond met hom
sal bestendig wees.

*89:21 Hand 13:22

^k89:25 *sterk word*: Vgl vs 18.

^l89:26 *see ... riviere*: "See" verwys na die Middellandse See wat die wesgrens van Dawid se ryk was, en "riviere" verwys na die •Eufraat met sy kanale wat die oosgrens was.

*89:27 1 Pet 1:17

*89:28 Op 1:5

³⁰ Ek sal sy nageslag vir ewig in stand hou,
en sy troon, solank as die hemel bestaan.

³¹ “As sy seuns van my wet afwyk,
volgens my beslissings nie leef nie;

³² as hulle my vaste voorskrifte ontheilig,
my bevele nie nakom nie,

³³ sal Ek hulle oortreding met slae straf
en met houe hulle sondeskuld.

³⁴ Maar my troue liefde
sal Ek nie aan hom onttrek nie,
en Ek sal nie my trou verloën nie.

³⁵ Ek sal nie my verbond skend
of die woorde van my lippe verander nie.

³⁶ Eens en vir altyd
het Ek by my heiligheid gesweer;
Ek sal nie vir Dawid lieg nie:

³⁷ ^mSy nageslag sal altyd daar wees
en sy troon soos die son voor My,

³⁸ soos die maan wat altyd standhou —
'n betroubare getuie aan die hemelruim.” •*Sela*

³⁹ Maar U self het hom verstoot en verwerp,
U was woedend vir u gesalfde.

⁴⁰ U het die verbond met u dienskneg opgehef,
sy kroon tot in die grond ontheilig.

^m89:37 Joh 12:34 is 'n toespeling op Ps 89:37 as heenwysing na Jesus Christus.

41 U het al sy skermure afgebreek,
van sy versterkte stede ruïnes gemaak.

42 Almal wat daar verbygaan, het hom beroof;
hy het 'n bespotting geword vir sy bure.

43 U het die regterhand van sy teenstanders
hoog gelig.

U het al sy vyande bly gemaak.

44 U, o Rots, het ook sy swaard teen hom gedraai;
U het hom nie staande gehou in die stryd nie.

45 U het sy luister tot 'n einde gebring,
en sy troon, dié het U teen die grond gegooi.

46 U het die dae van sy jeug kortgeknip,
hom met skande bedek. *Sela*

47 Hoe lank nog, HERE?

Gaan U Uself vir ewig verberg,
sal u woede soos 'n vuur bly brand?

48 Dink aan my!

Hoe kort is die lewe!

Om watter sinlose rede
het U alle mensekinders geskape?

49 Wie is daar wat leef
en die dood nie sal sien nie,
wat sy lewe kan laat ontkom
aan die mag van die •doderyk? *Sela*

50 Waar is u troue liefde van vroeër, my Heer,
wat U in u trou met 'n eed beloof het
aan Dawid?

⁵¹ *My Heer, dink aan die bespotting
van u diensknegte
wat ek teen my borsⁿ dra;
dink aan al die baie volke ⁵² wat die spot dryf —
aan u vyande, HERE,
wat oor die spore van u dienskneg^o die spot dryf.

⁵³ Die HERE moet vir ewig geprys word!
Amen, amen.^p

90

BOEK VIER

(Ps 90 — 106)

¹ 'n Gebed. Van Moses, die man van God.

My Heer, U was vir ons 'n skuilplek
van geslag tot geslag.

² Voordat die berge gebore is
en U die aarde en bewoonbare grond
voortbring het,

*89:51-52 1 Pet 4:14

ⁿ89:51 *teen my bors*: Dit verwys na die vou van die klere voor die bors wat as 'n sak kon dien.

^o89:52 *spore ... dienskneg*: Dit verwys na die geskiedenis van die koningshuis van Dawid.

^p89:53 *Die Here ... •amen*: Ps 89:53 is die afsluiting van die derde versameling in die Psalmboek.

ja, van altyd af en vir ewig is U God.

³ U laat sterflinge terugkeer tot stof;

U sê net:

“Keer terug, mensekinders!”

⁴ Want duisend jaar is in u oë

soos die dag van gister wat verby is,*

soos 'n •wagbeurt in die nag.

⁵ U vee hulle weg in die slaap.^q

Hulle is in die oggend soos gras

wat opskiet.

⁶ In die oggend bloei dit nadat dit opgekom het;
teen die aand verlep dit en verdroog.

⁷ Ja, ons het weggekwyn onder u toorn,
deur u woede is ons verskrik.

⁸ U het ons sondeskuld voor U geplaas,
ons geheime sondes in die lig
van u teenwoordigheid.

⁹ Want al ons dae gaan verby
onder u gramskap,
ons voltooi ons jare soos 'n sug.

¹⁰ Die dae van ons lewe —
dit is maar sewentig jaar,
en as die kragte daar is, tagtig jaar.

*90:4 *Want ... verby is:* 2 Pet 3:8

^q90:5 *U ... slaap:* Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid. Die oudste vertalings verskil ook.

En die beste daarvan is vol
moeite en rampe;
ja, dit gaan gou verby,
en ons fladder weg.

¹¹ Wie ken die krag van u toorn?

U gramskap is net so groot soos die ontsag vir U.

¹² Om ons lewensdae na waarde te skat^r —

dit moet U ons leer,
sodat ons 'n hart vol wysheid kan verwerf.

¹³ Keer terug, HERE!

Hoe lank nog?

Ontferm U oor u diensknegte.

¹⁴ Versadig ons in die oggend

met u troue liefde,
sodat ons kan juig en bly wees
al die dae van ons lewe.

¹⁵ Maak ons net so lank bly

as wat U ons verdruk het,
as die jare waarin ons teenspoed beleef het.

¹⁶ Mag u werk vir u diensknegte duidelik word

en u glansryke dae vir hulle kinders.

¹⁷ Mag die goedheid van my Heer, ons God,

oor ons wees.

^r90:12 *na waarde ... skat*: Die bronteks kan ook vertaal word “reg te verdeel”
of “reg te tel”.

En ons handewerk, hou dit vir ons in stand,
ja, ons handewerk, hou dit in stand.

91

¹ Hy wat in die beskutting van die Allerhoogste woon,
hy wat in die skaduwee van die Almagtige oornag,

² sê^s vir die HERE:

“My skuilplek, my bergskuiling,
my God op wie ek vertrou!”

³ Ja, Hy is die Een

wat jou red uit die net van die voëlvanger,
van dodelike pessiëkte.

⁴ Met sy slagvere sal Hy jou bedek,
onder sy vlerke sal jy skuiling vind.

'n Skild en 'n skans^t is sy trou.

⁵ Jy sal nie bang wees vir die verskrikking van die nag,
vir 'n pyl wat oordag vlieg nie,

⁶ vir 'n pessiëkte wat in die donker rondloop,
vir 'n epidemie wat helder oordag verwoes nie.

⁷ Daar kan duisend val aan jou linkerkant
en tienduisend aan jou regterkant,^u

naby jou sal dit nie kom nie.

⁸ Jy sal maar net toekyk —

^s91:2 *sê*: Die LXX word hier gevolg. Die bronteks lui “ek sal sê”.

^t91:4 *skans*: Oor die betekenis van die Hebreeuse woord is daar onsekerheid.

^u91:7 *regterkant*: Die •regterkant is die onbeskermdede kant; 'n soldaat het sy skild in sy linkerhand gedra.

die vergelding van goddelose mense sal jy sien.

⁹ Ja, U, HERE, is my skuilplek!

Die Allerhoogste het jy jou woning gemaak:

¹⁰ Onheil sal jou nie tref nie

en 'n plaag sal nie in jou tent kom nie,

¹¹ **want Hy sal sy engele opdrag gee

om jou te beskerm op al jou paaie.

¹² *Op handpalms sal hulle jou dra,

sodat jou voet nie oor 'n klip struikel nie.

¹³ Op leeus en horingslange sal jy trap,*

jong leeus en slange sal jy vertrap.

¹⁴ “Omdat hy aan My toegewy is,

sal Ek hom bevry;

Ek sal hom beskerm

omdat hy my Naam ken.

¹⁵ As hy My aanroep, sal Ek hom antwoord;

Ek sal by hom wees in nood;

Ek sal hom red en aan hom eer gee.

¹⁶ Met 'n lang lewe sal Ek hom versadig;

Ek sal hom my verlossing laat ervaar.”

*91:11-12 Matt 4:6

*91:11 Luk 4:10; Heb 1:14

*91:12 Luk 4:11

*91:13 *Op ... trap:* Luk 10:19

¹ 'n Psalm. 'n Lied vir die Sabbatdag.

² Dit is goed om die HERE te dank;
om u Naam met begeleiding
te besing, Allerhoogste;

³ om in die môre u troue liefde te verkondig,
en u trou in die nag —

⁴ met tiensnarige instrumente,
met harpe en die speel van liere.

⁵ Want U maak my bly met u werk, HERE,
oor u handewerk juig ek.

⁶ *Hoe groot is u werke, HERE,
hoe diep u gedagtes!

⁷ 'n Dom mens weet nie,
en 'n dwaas verstaan nie

⁸ dat goddelose mense soos onkruid gedy
en al die mense wat onreg pleeg, floreer —
net om vir ewig uitgedelg te word.

⁹ Maar U is vir ewig hoog verhewe, HERE.

¹⁰ Want kyk, u vyande, HERE,
ja, kyk, u vyande gaan ten gronde;
dié wat onreg pleeg, word verstrooi.

¹¹ Maar U het my horings hoog gelig
soos dié van 'n buffel.

Suiwer olyfolie is oor my uitgegiet.

¹² My oog kyk neer op my vyande,^v
op hulle wat teen my opstaan;
my oor hoor met vreugde van die kwaaddoeners.

¹³ Regverdiges — soos palmbome gedy hulle,
soos seders op die Libanon groei hulle hoog.

¹⁴ Hulle is geplant in die huis van die HERE;
in die voorhowe van ons God dra hulle blomme.

¹⁵ In die gryse ouderdom is hulle steeds welig;
hulle is weelderig en blaarryk,

¹⁶ sodat hulle kan verkondig:
“Regverdig is die HERE, my rots,
en daar is geen ongeregtigheid by Hom nie.”

93

¹ Die HERE regeer; Hy is met majesteit bekleed.
Die HERE bekleed Hom, Hy omgord Hom met mag.
Ja, die wêreld staan vas, dit wankel nie.

²*U troon staan vas van vroeg af;
U is van ewigheid af.

³ Seestrome het hulle verhef, HERE,
seestrome het hulle stem verhef,

^v92:12 *my vyande*: Die LXX word hier gevolg. Die bronteks lui “my muur”.

*93:2 Op 19:6

seestrome verhef hulle golfslag.

⁴ Magtiger as die gedreun van baie waters,
as die golwe van die see,
is die HERE, magtig in die hoogte.

⁵ U bepaling is baie betroubaar;
vir u huis is heiligheid gepas, HERE,
tot in lengte van dae.

94

¹ *O God wat vergeld, HERE,
God wat vergeld, laat u lig skyn.

² Verhef U, regter van die aarde,
gee hoogmoediges hulle verdiende loon.

³ Hoe lank sal goddelose mense, o HERE,
hoe lank sal goddelose mense jubel?

⁴ Hulle laat woorde onbeskaamd uitborrel;
almal wat onreg pleeg, prys hulleself aan.

⁵ Hulle verpletter u volk, HERE,
hulle teister u erfdeel.

⁶ Hulle maak weduwees en vreemdelinge^w dood,
hulle vermoor vaderlose kinders.

⁷ Dan sê hulle nog:
“Die HERE sien dit nie,

*94:1 1 Thess 4:6

^w94:6 *vreemdelinge*: Dit is 'n persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. •Vreemdelinge wat tydelike verblyfreg by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet (Lev 19:34).

die God van Jakob merk dit nie op nie.”

⁸ Sien dit tog in,

julle onverstandiges onder die volk!

Dwase, wanneer sal julle dit begryp?

⁹ Hy wat die oor inplant, sal Hy nie kan hoor nie,

of Hy wat die oog vorm, sal Hy nie kan sien nie?

¹⁰ Hy wat nasies onderrig, sal Hy nie straf nie?

Hy is immers die Een wat kennis aan mense meedeel.

¹¹ *Die HERE ken mense se gedagtes,

dat dit nietigheid is.

¹² Hoe gelukkig is die mens

vir wie U tereg wys, HERE,

vir wie U leer uit u wet,

¹³ sodat U vir hom rus kan gee

van onheilsdae,

totdat 'n graf gegrawe is vir goddelose mense.

¹⁴ Ja, die HERE sal sy volk

nie in die steek laat nie;

sy erfdeel sal Hy nie laat vaar nie.

¹⁵ Want die regspraak sal weer

regverdig wees

en almal met opregte harte sal dit steun.

¹⁶ Wie sal vir my opstaan

teen kwaaddoeners?

Wie sal vir my in die bres tree

teen hulle wat onreg pleeg?

¹⁷ As die HERE nie my hulp was nie,
sou ek baie gou in die stilte gewoon het.

¹⁸ As ek dink my voet gaan swik,
dan ondersteun u troue liefde my, HERE.

¹⁹ *Wanneer ontstellende gedagtes
meer word in my binneste,
dan beur u vertroosting my op.

²⁰ Kan die setel van vernietiging^x
wat die wet skade aandoen,
aan U verbonde wees?

²¹ Hulle span saam teen die lewe van regverdiges,
hulle veroordeel onskuldiges tot die dood.

²² Maar die HERE het vir my 'n toevlugsoord geword,
my God het my rotsskuiling geword.

²³ En Hy sal hulle onreg teen hulle keer,
met hulle kwaad sal Hy hulle vernietig;
die HERE ons God sal hulle vernietig.

95

¹ Kom, laat ons voor die HERE juig,
laat ons die rots wat ons verlos, toejuig.

*94:19 2 Kor 1:5

^x94:20 *setel ... vernietiging*: Dit verwys na korrupte regters; vgl vs 15.

² Laat ons tot Hom nader met lofprysing,
Hom met lofgesange toejuig.

³ Want die HERE is 'n groot God,
'n groot Koning bo al die gode,
⁴ in wie se hand die dieptes van die aarde is
en aan wie die kruine van die berge behoort,
⁵ aan wie die see behoort.

Ja, Hy het dit gemaak,
ook die droë grond
met sy hande gevorm.

⁶ Gaan in, laat ons in aanbidding buig en kniel,
laat ons op ons knieë staan
voor die HERE, ons Maker.

⁷ *Want Hy is ons God
en ons is die volk wat Hy laat wei,
die kleinvee van sy hand.

As julle vandag maar net na sy stem wou luister.

⁸ “Moenie julle harte verhard
soos by Meriba,
soos die dag by Massa in die woestyn,^y
⁹ waar julle voorouers My uitgedaag het,
My getoets het,
selfs nadat hulle my dade gesien het nie.

*95:7-8 Heb 3:15

^y95:8 *woestyn*: Dit verwys na 'n onbewoonde, onherbergsame gebied waar skape en bokke soms gewei het.

¹⁰ Vir veertig jaar het Ek 'n weersin gehad
in daardie groep mense,
en Ek het gesê,
'Hulle is 'n volk met harte wat dwaal;
hulle ken nie my paaie nie.'
¹¹ *Dit is hulle oor wie Ek in my toorn gesweer het,
'Hulle sal my rusplek nie binnegaan nie!' ”

96

¹ Sing vir die HERE 'n nuwe lied,*
sing vir die HERE, o ganse aarde!
² Sing vir die HERE, prys sy Naam,
verkondig sy verlossing van dag tot dag.
³ Maak onder die nasies sy majesteit bekend,
onder al die volke sy wonderdade.

⁴ Ja, die HERE is groot
en moet baie geloof word.
Hy is gedug, meer as alle gode;
⁵ want al die gode van die volke is nutteloos.
Maar die HERE het die hemel gemaak.
⁶ Luister en glans is in sy teenwoordigheid;
krag en heerlikheid is in sy heiligdom.

⁷ Erken die HERE, families van volke,

*95:11 Heb 3:11; 4:3,5

*96:1 *Sing ... lied:* Ps 40:4; 98:1; 144:9; 149:1; Jes 42:10; Op 5:9; 14:3

erken die HERE, erken sy majesteit en krag,
⁸ erken die HERE, die majesteit van sy Naam;
bring dankoffers en gaan sy voorhowe binne.

⁹ Buig in aanbidding voor die HERE

in glansryke heiligheid;

krimp ineen, o ganse aarde, vanweë sy teenwoordigheid!

¹⁰ Sê onder die nasies:

“Die HERE regeer;

ja, die wêreld staan vas, dit wankel nie.

Hy oordeel volke met billikheid.”

¹¹ Laat die hemel bly wees,

laat die aarde juig;

die see en alles daarin moet dit uitbasuin.

¹² Die veld en alles daarop moet jubel;

dan sal alle bome in die bos

van vreugde uitroep ¹³ voor die HERE.

Want Hy kom, ja, Hy kom om die aarde te oordeel;

Hy sal die wêreld oordeel in •geregtigheid,

en volke ooreenkomstig sy trou.^z

97

¹ Die HERE regeer,*

laat die aarde juig;

^z96:13 *Want ... trou:* Hand 17:31 en Op 19:11 is toespelings op Ps 96:13 as heenwysings na Jesus Christus.

^{*}97:1 *Die ... regeer:* Op 19:6

laat al die afgeleë eilande bly wees.

²Wolke en duisternis omring Hom,
reg en •geregtigheid is die basis van sy troon.

³*Vuur gaan voor Hom uit
en rondom Hom verbrand dit sy teenstanders.

⁴Sy weerligstrale verlig die wêreld,
die aarde sien dit en sidder.

⁵Berge smelt soos was
voor die HERE,
voor die Heer van die hele wêreld.

⁶Die hemele^a verkondig sy geregtigheid,
en al die volke sien sy majesteit.

⁷*Almal wat afgodsbeelde dien,
wat met hierdie nuttelose goed spog,
staan beskaamd.

Buig in aanbidding voor Hom, alle gode!

⁸Sion hoor dit en is bly,
die dogters van Juda^b juig
oor u oordele, HERE.

⁹Want U, HERE, is die Allerhoogste oor die hele aarde;
U is ver verhewe bo alle gode.

*97:3 Op 11:5

^a97:6 *hemele*: Volgens die destydse wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterreheem en die derde hemel waar God woon.

*97:7 Heb 1:6

^b97:8 *dogters ... Juda*: Dit verwys na die dorpe van Juda.

¹⁰ Haat die kwaad,

julle wat die HERE liefhet!

Hy beskerm die lewe van sy troue volgelinge;
uit die hand van goddelose mense red Hy hulle.

¹¹ Lig is gesaai vir die regverdiges,
vreugde vir hulle met opregte harte.

¹² Verbly julle in die HERE, regverdiges,
en loof sy •heilige, gevierde Naam.

98

¹ 'n Psalm.

Sing vir die HERE 'n nuwe lied,*
want Hy het wonders gedoen.

Sy regterhand,^c sy •heilige arm,
het Hom bygestaan.

² Die HERE het sy verlossing bekend gemaak;
voor die oë van die nasies
het Hy sy •geregtigheid openbaar.

³ *Hy het sy troue liefde, sy getrouheid
teenoor die huis van Israel, onthou.

Al die uithoeke van die aarde
het die verlossing deur ons God gesien.

*98:1 *Sing ... lied*: Ps 40:4; 96:1; 144:9; 149:1; Jes 42:10; Op 5:9; 14:3

^c98:1 *regterhand*: Omdat die •regterhand gewoonlik die sterkste hand is, is dit dikwels uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here.

*98:3 Luk 1:54; Hand 28:28

⁴ Juig die HERE toe, o ganse aarde;
wees vrolik, roep uit van vreugde en speel;
⁵ speel vir die HERE op die lier,
op die lier saam met die klank van sang,
⁶ op trompette saam met die klank van ramshorings.
Juig voor die Koning, die HERE.

⁷ Laat die see en alles daarin dit uitbasuin,
die wêreld en dié wat daar woon.

⁸ Laat die riviere hande klap
en saam met die berge
van vreugde uitroep ⁹ voor die HERE;
want Hy kom om die wêreld te oordeel,
Hy sal die aarde oordeel in geregtigheid
en volke met billikheid.*

99

¹ Die HERE regeer* —
laat volke bewe!

Hy troon oor gerubs^d —
laat die wêreld sidder!

² Die HERE in Sion is groot,
verhewe is Hy bo al die volke.

³ Hulle moet u groot en gedugte Naam loof:

*98:9 *want ... billikheid*: Hand 17:31

*99:1 *Die ... regeer*: Op 19:6

^d99:1 *troon ... gerubs*: Die •verbondsark met die gerubs daarop is beskou as God se troon; vgl Ps 80:2.

“•Heilig is Hy!”

⁴ Ja, 'n sterke is koning,

Hy wat •geregtigheid liefhet.

Dit is U wat billikheid, reg en geregtigheid

gevestig het in Jakob;

U het dit gedoen.

⁵ Verheerlik die HERE ons God,

buig in aanbidding voor die voetbank

vir sy voete:^e

“Heilig is Hy!”

⁶ Moses en Aäron was van sy priesters,

Samuel onder dié wat sy Naam aangeroop het.

Wanneer hulle die HERE aangeroop het,

het Hy self hulle geantwoord.

⁷ Uit 'n wolkkolom het Hy met hulle gepraat.

Hulle het sy bepalings nagekom,

ook die vaste voorskrifte

wat Hy vir hulle gegee het.

⁸ HERE, ons God, U self het hulle geantwoord.

U was vir hulle^f 'n God wat vergewe,

maar ook Een wat hulle dade vergeld.

^e99:5 *voetbank ... voete*: Dit verwys na die •verbondsark waarop die gerubs gestaan het; vgl vs 1; 1 Kron 28:2.

^f99:8 *hulle*: Dit verwys na die Israëliete.

⁹ Verheerlik die HERE, ons God,
buig in aanbidding voor sy heilige berg,
want heilig is die HERE, ons God.

100

¹ 'n Psalm. Vir lofprysing.

Juig die HERE toe, o ganse aarde.

² Dien die HERE met blydskap,
gaan na Hom toe met 'n uitroep van vreugde.

³ Erken dat die HERE God is;
Hy het ons gemaak;
aan Hom behoort ons,
sy volk, die kleinvee wat Hy laat wei.

⁴ Gaan sy poorte binne met lofprysing,
sy voorhowe met 'n loflied;
loof Hom, prys sy Naam.

⁵ Want die HERE is goed,
vir ewig duur sy troue liefde,
van geslag tot geslag sy trou.

101

¹ Van Dawid. 'n Psalm.

Oor troue liefde en oor regspraak
wil ek sing;
vir U, HERE, wil ek met begeleiding sing.

² Ek wil my toespits op 'n onberispelike lewenswyse.

Wanneer sal ek dit bereik?⁹

Ek sal met 'n opregte hart leef
in my paleis.

³ Ek sal nie slegte dinge
voor my oë verdra nie.

In die pleeg van wandade het ek 'n weersin;
dit mag nie aan my kleef nie.

⁴ 'n Vals hart moet van my wegbly;
van boosheid wil ek niks weet nie.

⁵ Wie sy vriend in die geheim belaster —
hom sal ek vernietig.

Trotse oë en 'n hoogmoedige hart —
dit kan ek nie verdra nie.

⁶ Ek is op die uitkyk vir betroubares in die land,
sodat hulle by my kan bly;
wie 'n onberispelike lewenswyse handhaaf,
hulle mag my dien.

⁷ Daar sal nie iemand in my huis wees
wat bedrog pleeg nie.

Wie leuens vertel,
sal nie voor my oë standhou nie.

⁸ Elke môre sal ek al die goddelose mense
in die land vernietig,
om so almal wat onreg pleeg,

⁹101:2 *Wanneer ... bereik*: Die bronteks lui “Wanneer sal dit na my kom?” Dit kan ook vertaal word “Wanneer sal U na my kom?”

uit die stad van die HERE uit te roei.

102

¹ 'n Gebed. Van 'n magtelose wanneer hy kragteloos is en sy klag voor die HERE uitstort.

² HERE, hoor tog my gebed;

Laat my hulpkreet U bereik!

³ Moet tog nie u gesig vir my verberg

in my tyd van nood nie.

Draai u oor na my

in die tyd wanneer ek roep.

Antwoord my gou,

⁴ want my dae eindig in rook.

My gebeente word verskroei

asof in 'n vuurherd.

⁵ My hart is platgeslaan en verdor soos onkruid,*

ja, ek vergeet om my brood te eet;

⁶ vanweë my harde gekla

is ek net vel en been.^h

⁷ Ek is soos 'n swartkraai in die woestyn;ⁱ

ek het geword soos 'n naguiltjie op puinhope.

⁸ Ek lê wakker;

*102:5 *My hart ... onkruid*: Jak 1:10-11

^h102:6 *ek ... been*: Die bronteks lui “my gebeente klou aan my vleis”.

ⁱ102:7 *woestyn*: Dit verwys na 'n onbewoonde, onherbergsame gebied waar skape en bokke soms gewei het.

ek het geword soos 'n eensame voël op 'n dak.

⁹ Die hele dag dryf my vyande die spot met my;
hulle wat met my die gek skeer,
gebruik my naam as 'n verwensing.

¹⁰ Ja, stof is dit wat ek as brood eet,
en wat ek drink, is met trane gemeng
¹¹ oor u vervloeking en u woede;
ja, U het my opgetel en neergegooi.

¹² My dae is soos 'n skaduwee wat lank word,
en ek verdroog soos onkruid.*

¹³ Maar U, HERE, U heers vir ewig;
u gevierde Naam duur van geslag tot geslag.

¹⁴ U sal opstaan en U oor Sion ontferm,
want dit is tyd om haar genadig te wees;
ja, die aangewese tyd het gekom.

¹⁵ Haar klippe is immers kosbaar vir u diensknegte,
hulle is begaan oor haar puin.

¹⁶ Nasies sal vir die Naam van die HERE ontsag hê
en al die konings van die aarde vir u majesteit,

¹⁷ wanneer die HERE Sion herbou het
en Hy in sy majesteit verskyn het.

¹⁸ Hy sal Hom na die gebed van die armstes wend;
Hy sal hulle gebed nie minag nie.

*102:12 en ek ... onkruid: Jak 1:10-11

¹⁹ Dit moet neergeskryf word vir 'n volgende geslag,
sodat 'n volk wat geskep gaan word,

die HERE kan loof met die woorde,

²⁰ “Die HERE het afgekyk uit sy hoë heiligdom,
uit die hemel het Hy na die aarde gekyk

²¹ om die gesug van gevangenes te hoor,
om dié wat gedoem is tot die dood, vry te laat,”

²² ja, sodat hulle in Sion

die Naam van die HERE kan verkondig

en sy lof in Jerusalem,

²³ wanneer volke en koninkryke bymekaarkom
om die HERE te dien.

²⁴ Hy het op die lewenspad my krag gebreek,

Hy het my dae kortgeknip.

²⁵ Ek sê:

“My God, moet my nie wegneem
teen die helfte van my lewensdae nie.

Van geslag tot geslag duur u jare.

²⁶ jVoor alle tye

het U die aarde se fondament gevestig;

die hemel is die werk van u hande.

²⁷ Hulle sal vergaan, maar U bly bestaan.

Soos klere sal hulle almal verslyt;

soos 'n bokleed vervang U hulle

en hulle verdwyn.

j102:26-28 In Heb 1:10-12 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

²⁸ Maar U bly dieselfde,
u jare kom nooit tot 'n einde nie.”

²⁹ Die kinders van u diensknegte sal hier bly woon,
hulle nageslag sal gevestig wees in u teenwoordigheid.

103

¹ Van Dawid.

Ek moet die HERE met hart en •siel prys,
met alles in my moet ek sy •heilige Naam prys.

² Ek moet die HERE prys
en nie een van sy weldade vergeet nie.

³ Dit is Hy wat al my sondeskuld vergewe,*
wat al my siektes genees;

⁴ wat my lewe vrykoop van die graf,
my kroon met troue liefde en ontferming;

⁵ wat, solank ek daar is, my versadig met die goeie,^k
sodat my jeug homself vernuwe soos 'n arend.

⁶ Die HERE doen wat reg is,
Hy handhaaf die reg
vir almal wat verdruk word.

⁷ *Hy het sy weë aan Moses geopenbaar,

*103:3 *Dit is ... vergewe:* Jes 43:25; Mark 2:5; 1 Joh 1:9

^k103:5 *solank ... goeie:* Hierdie lesing is verkry deur die omruiling van twee letters. Die bronteks lui “jou juwele versadig met die goeie”.

*103:7 Rom 3:2

aan die Israelite sy dade.

⁸*Barmhartig en genadig is die HERE,
geduldig en vol troue liefde;

⁹Hy beskuldig nie vir ewig nie,
en koester nie vir altyd wraak^l nie.

¹⁰Hy behandel ons nie
ooreenkomstig ons sonde nie
en vergeld ons nie
ooreenkomstig ons sondeskuld nie;

¹¹want so hoog as wat die hemel is bo die aarde,
so troon sy troue liefde uit
bo dié wat vir Hom ontsag het.

¹²So ver as wat die ooste verwyder is van die weste,
verwyder Hy ons oortredinge van ons.

¹³*Soos 'n vader hom ontferm oor kinders,
ontferm die HERE Hom
oor dié wat vir Hom ontsag het;

¹⁴want Hy, Hy weet waarvan ons gemaak is,
Hy hou in gedagte dat ons maar stof is.

¹⁵'n Mens, soos gras is sy lewensdae,
soos 'n veldblom, so bloei hy.

¹⁶As wind oor hom waai,
is hy nie meer daar nie

*103:8 Eks 34:6; Ps 111:4; Jak 5:11

^l103:9 *wraak*: Die woord ontbreek in die bronteks, maar word veronderstel.

*103:13 Luk 1:50

en sy plek ken hom nie meer nie.

¹⁷ Maar die troue liefde van die HERE

is van altyd af en vir ewig

oor hulle wat vir Hom ontsag het,*

en sy weldade is vir die kinders se kinders,

¹⁸ vir hulle wat sy verbond hou

en vir hulle wat onthou

om sy opdragte uit te voer.

¹⁹ Die HERE het sy troon in die hemel gevestig,

en sy heerskappy strek oor alles.

²⁰ Prys die HERE, julle wat sy boodskappers is,

sterk helde wat sy woord uitvoer

om sy bevel te gehoorsaam.

²¹ Prys die HERE, al sy hemelse magte,

sy dienaars wat sy wil volbring.

²² Prys die HERE, alles wat Hy gemaak het,

op al die plekke waar Hy regeer.

Ek moet die HERE prys!

104

¹ Ek moet die HERE prys.

HERE, my God, U is baie groot;

U is met luister en glans beklee,

² U wat U met lig omvou soos 'n mantel,

*103:17 *Maar ... ontsag het:* Luk 1:50

wat die hemel uitsprei soos 'n tentdoek.

³ Dit is Hy wat die balke van sy bokamers

op waters oprig,

wolke sy strydwa maak,

wat voortbeweeg op die vlerke van die wind,

⁴ *en winde sy boodskappers maak,

vflammende vuur sy dienaars.

⁵ Hy het die aarde op sy fundamente gevestig;

dit sal vir altyd en ewig nie wankel nie.

⁶ Met oerwaters het U dit soos met 'n mantel bedek;

tot bo-oor die berge het die waters gestaan.

⁷ Vir u dreigende stem het die waters gevlug,

vir u donderende stem op die vlug geslaan.

⁸ Dit het oor berge gespoel, in valleie afgevloei

na die plek wat U daarvoor bestem het.

⁹ 'n Grens het U gestel

waaroor die waters nie mag gaan nie;

dit mag nie terugkeer om die aarde te bedek nie.

¹⁰ Dit is Hy wat fonteinwater

in die stroombeddings afstuur.

Tussen berge vloei dit deur,

¹¹ en gee al die diere van die veld water;

die wilde donkies les hulle dors.

*104:4 Heb 1:7

¹² *Langs die strome is die voëls van die hemel tuis,
tussen die digte blare sing hulle.

¹³ Hy gee uit sy bokamers die berge water;
uit die vrug van u arbeid word die aarde versadig.

¹⁴ Hy laat gras groei vir die vee
en plante vir die mens om te verbou,
om kos uit die aarde voort te bring:
¹⁵ wyn wat 'n mens se hart bly maak,
olyfolie om gesigte blink te maak
en brood wat 'n mens se hart versterk.

¹⁶ Die bome van die HERE word versadig,
die seders van die Libanon wat Hy geplant het —

¹⁷ daar waar voëls nesmaak,
waar ooievaars in sipresse hulle tuiste het.

¹⁸ Die hoë berge is vir die klipbokke,
die rotsskeure is 'n skuilplek vir dassies.

¹⁹ Hy het die maan gemaak vir feestye;
die son weet wanneer hy moet ondergaan.

²⁰ U laat duisternis aanbreek en dit word nag —
wanneer al die diere van die bos rondsluip.

²¹ Die jong leeus brul vir prooi,
om hulle kos van God te vra.

²² As die son opkom, keer hulle terug

*104:12 Eseg 17:23; 31:6; Dan 4:12,21; Matt 13:32

en gaan rus in hulle lêplekke.

²³ Mense gaan uit vir hulle dagtaak,
vir hulle werk tot die aand toe.

²⁴ Hoe talryk is u werke, HERE!

Alles is met wysheid deur U gemaak;
die aarde is vol van wat aan U behoort.

²⁵ Kyk, die see,
groot en na alle kante uitgestrek!

Daar wemel dit van ontelbare diere,
groot en klein;

²⁶ daar vaar die bote,
en •Leviatan wat U gemaak het
om mee te speel.

²⁷ Hulle almal sien op na U
om vir hulle kos te gee op tyd.

²⁸ Gee U vir hulle, raap hulle dit op;
maak U u hand oop,
word hulle versadig met wat goed is.

²⁹ Verberg U u gesig, is hulle angsbevange;
neem U hulle asem weg,
vergaan hulle en keer terug
na die stof wat hulle was.

³⁰ Stuur U u asem, word hulle geskape.
U gee die aansig van die grond 'n nuwe voorkoms.

³¹ Mag die majesteit van die HERE vir ewig duur;

mag die HERE Hom verheug in sy werke,

³² Hy wat na die aarde kyk

en dit bewe,

wat aan die berge raak,

en hulle rook.

³³ Ek wil vir die HERE sing solank ek leef,

ek wil my God met begeleiding prys

solank ek bestaan.

³⁴ Mag my besinning vir Hom aangenaam wees.

Ek sal my verheug in die HERE.

³⁵ Mag sondaars van die aarde af verdwyn

en goddelose mense nie meer bestaan nie.

Ek moet die HERE prys!

Halleluja!

105

¹ Loof die HERE, roep sy Naam uit;

maak onder die volke sy dae bekend.

² Sing vir Hom, speel vir Hom;

praat met oorgawe van al sy wonderwerke.

³ Beroem julle in sy •heilige Naam;

laat die harte van hulle

wat die HERE opsoek, bly wees.

⁴ Soek die HERE en sy krag,

soek voortdurend sy teenwoordigheid op.

⁵ Roep die wonders wat Hy gedoen het
in herinnering,
sy tekens en die oordele van sy mond —
⁶ nageslag van Abraham, sy dienskneg,
kinders van Jakob, sy uitverkorenes!

⁷ Hy is die HERE ons God;
oor die hele wêreld geld sy oordele.

⁸ *Hy onthou vir ewig sy verbond,
die belofte wat Hy afgelê het
vir duisend geslagte,

⁹ wat Hy gesluit het met Abraham
en met 'n eed beloof het aan Isak.

¹⁰ Hy het dit aan Jakob bevestig
as 'n vaste reël,
aan Israel as 'n ewige verbond,
¹¹ met die woorde: “Aan jou
sal Ek die land Kanaän gee
as julle afgemete erfdeel.”

¹² Toe hulle nog min in getal was, baie min,
en hulle •vreemdelinge^m in die landⁿ was,
¹³ het hulle van een nasie na die ander geswerf,
van een koninkryk na 'n ander volk.

*105:8 Gen 17:7; Lev 26:42; Luk 1:72-73

^m105:12 *vreemdelinge*: Dit is 'n persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. •Vreemdelinge wat tydelike verblyfreg by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet (Lev 19:34).

ⁿ105:12 *in die land*: Die bronteks lui “in haar”.

¹⁴ Hy het geen mens toegelaat

om hulle te verdruk nie.

Hy het konings oor hulle tereggewys:

¹⁵ “Moenie aan my gesalfdes raak nie;

my profete mag julle geen kwaad aandoen nie.”

¹⁶ Hy het hongersnood uitgeroep oor die land;

elke stok vir brood het Hy gebreek.^o

¹⁷ Hy het iemand voor hulle uit gestuur;

as 'n slaaf is Josef verkoop.

¹⁸ Mense het sy voete in boeie geklem,

'n yster is om sy nek gesit

¹⁹ tot die tyd toe sy woorde waar geword het.

Die woord van die HERE het hom gelouter.

²⁰ Die koning het 'n boodskap gestuur

en hy is losgelaat;

die heerser van volke het hom vrygelaat.

²¹ *Hy het hom heer oor sy huis gemaak,

en heerser oor alles wat hy besit,

²² om sy amptenare na willekeur

aan verpligtinge te bind

en sy oudstes wysheid te leer.

²³ Israel het in Egipte aangekom,

Jakob was 'n vreemdeling in die land van Gam.

^o105:16 *elke ... gebreek*: Dit beteken die kosvoorraad is vernietig.

Ringvormige broodjies is aan stokke opgehang om dit te stoor.

*105:21 Gen 41:40-44; Hand 7:10

²⁴ Die HERE het sy volk baie vrugbaar gemaak;
Hy het hulle meer gemaak as hulle teenstanders,
²⁵ wie se harte Hy verander het om sy volk te haat,
om slu op te tree teen sy diensknegte.

²⁶ Hy het sy dienskneg Moses gestuur,
ook Aäron wat Hy uitgekies het.

²⁷ Hulle het onder die Egiptenare
die woorde oor sy tekens gestand gedoen,
oor sy wonders in die land van Gam.

²⁸ Hy het duisternis gestuur, dit donker gemaak,
maar hulle het nie op sy woorde ag geslaan nie.^p

²⁹ Hy het hulle water in bloed verander,
hulle vis laat doodgaan.

³⁰ Hulle land was oortrek met paddas,
tot in die slaapkamers van hulle koninklikes.

³¹ Hy het gepraat, en daar het steekvlieë gekom,
muggies in hulle hele gebied.

³² Hy het hulle reënbuie hael gemaak,
saam met weerligstrale in hulle land.

³³ Dit het hulle wingerde en vyebome platgeslaan,
die bome in hulle gebied verwoes.

³⁴ Hy het gepraat, en daar het treksprinkane gekom,
ontelbare voetgangers.

³⁵ Dit het al die plante in hulle land kaal gevreet;
dit het die opbrengs van hulle landerye opgevreet.

^p105:28 *ag geslaan nie*: Die bronteks lui “maar hulle was nie opstandig met sy woorde nie”. Daar het blykbaar een letter in die bronteks uitgeval.

³⁶ Hy het al die •eersgeborenes in hulle land getref,
die eerstelinge van al hulle manlike krag.

³⁷ Hy het sy volk laat wegtrek met silwer en goud;
onder sy stamme was daar niemand wat struikel nie.

³⁸ Egipte was bly toe hulle wegtrek,
want vrees vir sy volk het hulle oorval.

³⁹ Hy het 'n wolk uitgesprei as bedekking,
en 'n vuur om die nag te verlig.

⁴⁰ *Hulle het gevra, en Hy het kwartels laat kom;
met brood uit die hemel het Hy hulle versadig.

⁴¹ Hy het 'n rots oopgemaak,
en water het gevloei;
dit het as 'n rivier deur die dorre streek geloop.

⁴² Ja, Hy het sy •heilige belofte
aan Abraham, sy dienskneg, onthou.

⁴³ Hy het sy volk laat wegtrek met gejubel,
sy uitverkorenes met juigkrete.

⁴⁴ Hy het aan hulle die landstreek van volke gegee.
Wat nasies met moeite verkry het,
het hulle in besit geneem,

⁴⁵ sodat hulle sy vaste voorskrifte kan nakom
en sy wette kan naleef.

Halleluja!

*105:40 Eks 16:15; Num 11:7-9; Neh 9:15; Ps 105:40; Joh 6:31,49,58

106

¹ Halleluja!

Loof die HERE, want Hy is goed;
ja, vir ewig duur sy troue liefde.

² Wie kan die magtige daede van die HERE verwoord,
al sy lof verkondig?

³ Hoe gelukkig is hulle wat die wet nakom,
wat voortdurend doen wat reg is!

⁴ Dink aan my, HERE,
wanneer U guns bewys aan u volk;
sien na my om wanneer U hulle verlos,
⁵ sodat ek die geluk
van u uitverkorenes mag ervaar,
mag deel in die vreugde van u nasie,
my in U mag beroem saam met u erfdeel.

⁶ Ons het saam met ons voorouers gesondig,
ons het afgedwaal, goddeloos opgetree.

⁷ Ons voorouers het in Egipte
nie aandag gegee aan u wonders
en u oorvloedige troue liefde nie onthou nie,
maar in opstand gekom by die see,
by die Rietsee.

⁸ En tog het Hy hulle verlos ter wille van sy Naam,
om sy mag bekend te maak.

⁹ Toe Hy die Rietsee gedreig het,
het dit droog geword;

Hy het hulle deur die watermassa laat gaan
asof deur 'n woestyn.^q

¹⁰ *Hy het hulle verlos uit die hand van haters,
hulle vrygemaak uit die hand van vyande.

¹¹ Die water het hulle teenstanders bedek;
nie een van hulle het oorgebly nie.

¹² Toe het hulle sy beloftes geglo;
hulle het sy lof besing.

¹³ Maar gou het hulle sy daade vergeet;
hulle het nie sy reddingsplan afgewag nie.

¹⁴ Hulle begeertes het hulle in die woestyn oorval;
hulle het God uitgedaag in die wildernis.

¹⁵ Hy het vir hulle gegee wat hulle gevra het,
maar Hy het dit in hulle kele laat vassteek.^r

¹⁶ In die kamp was hulle jaloers op Moses,
op Aäron, die gewyde van die HERE.

¹⁷ Die aarde het oopgegaan en Datan verswelg,
dit het toegegaan oor die bende van Abiram.

¹⁸ 'n Vuur het onder hulle bende uitgebreek,

^q106:9 *woestyn*: Dit verwys na 'n onbewoonde, onherbergsame gebied waar skape en bokke soms gewei het.

^{*}106:10 Luk 1:71

^r106:15 *maar ... vassteek*: Vgl Num 11:33-34. Die bronteks lui “maar Hy het uittering in hulle kele gestuur”.

vlamme het die goddelose mense verskroei.

¹⁹ Hulle het by Horeb 'n kalf gemaak,
in aanbidding gebuig voor 'n afgodsbeeld.

²⁰ *Hulle het hulle Majesteit verruil
vir die afbeelding van 'n bees wat gras eet!

²¹ Hulle het God wat hulle verlos, vergeet,
Hy wat groot dade in Egipte gedoen het,
²² wonders in die land van Gam,
ontsagwekkende dade by die Rietsee.

²³ Hy het daaraan gedink om hulle uit te roei,
as Moses, sy uitverkorene,
nie by Hom in die bres getree het vir hulle
om sy vernietigende toorn af te weer nie.

²⁴ Hulle het 'n kosbare land afgewys;
hulle het nie sy woord geglo nie.

²⁵ *Hulle het in hulle tente gemor
en nie na die stem van die HERE geluister nie.

²⁶ Hy het sy hand omhoog gehou, gesweer^s
om hulle in die woestyn neer te vel,

²⁷ om hulle nageslag neer te vel onder die nasies,
hulle te verstrooi in ander lande.

*106:20 Deut 4:15-19; Rom 1:23

*106:25-27 Num 11:4,34; Ps 106:14; 1 Kor 10:6,11

^s106:26 *gesweer*: Die woord ontbreek in die bronteks, maar word veronderstel; vgl Deut 32:40.

28 Hulle het hulle ook aan Baäl-Peor verbind
en offerandes aan dooies geëet.
29 Hulle het Hom met hulle optrede getart,
en 'n plaag het onder hulle uitgebreek.
30 Pinehas het opgestaan, tussenbeide getree,
en die plaag is gestuit.
31 Dit is hom toegereken as 'n regverdige daad,
van geslag tot geslag, vir altyd.

32 By die water van Meriba
het hulle Hom kwaad gemaak
en deur hulle toedoen
het dit sleg afgeloop vir Moses —
33 omdat hulle teen God se Gees^t in opstand was,
het onbesonne woorde oor sy lippe gekom.

34 Hulle het nie die volke uitgeroei
wat die HERE vir hulle aangedui het nie.^u

35 Hulle het met die nasies vermeng
en hulle gebruike aangeleer.

36 Hulle het hulle afgode gedien,
en dit het vir hulle 'n valstrik geword.

37 *Hulle het hulle seuns en dogters
aan demone geoffer

^t106:33 *God se Gees*: Die bronteks lui “sy Gees”.

^u106:34 *volke ... nie*: Vgl Deut 7:1-6

*106:37 Deut 32:17; Bar 4:7

³⁸ en so onskuldige bloed vergiet —
die bloed van hulle seuns en dogters
wat hulle vir die afgode van Kanaän geoffer het.

Die land is deur bloedskuld^v besoedel.

³⁹ Hulle het onrein geword deur daardie gebruike;
hulle het troubreuk gepleeg^w deur hulle dade.

⁴⁰ Die HERE se woede het teen sy volk ontbrand;
Hy het 'n weersin gekry in sy erfdeel

⁴¹ en hulle oorgegee in die hand van nasies,
sodat hulle haters oor hulle geheers

⁴² en hulle vyande hulle geteister het;
hulle moes buig onder hulle hand.

⁴³ Dikwels het Hy hulle gered,
maar hulle was doelbewus opstandig
en het weggesink in hulle sondeskuld.

⁴⁴ Tog het Hy hulle nood raakgesien
wanneer Hy hulle hulpkrete hoor.

⁴⁵ *Ter wille van hulle het Hy aan sy verbond gedink,
en Hy het hulle jammer gekry
uit die oorfloed van sy troue liefde.

⁴⁶ Hy het gesorg dat daar deernis is
by almal wat hulle weggevoer het.

^v106:38 *bloedskuld*: •Bloedskuld het ontstaan wanneer 'n persoon iets gedoen het wat die dood verdien, byvoorbeeld 'n moord gepleeg het.

^w106:39 *troubreuk gepleeg*: Die bronteks lui “hulle het gehoereer”.

^{*}106:45-46 Ps 41:13; 72:18; Luk 1:72

⁴⁷ Verlos ons, HERE ons God!
Bring ons uit die nasies bymekaar
sodat ons u •heilige Naam kan loof,
sodat ons kan roem op u lof.

⁴⁸ Die HERE, die God van Israel,
moet geprys word* van ewigheid af en vir ewig.
Die hele volk moet sê:
“•Amen! Halleluja!”^x

107

BOEK VYF

(Ps 107 — 145)

¹ “Loof die HERE, want Hy is goed;
ja, vir ewig duur sy troue liefde,”
² moet hulle sê wat deur die HERE vrygekoop is,
hulle wat Hy vrygekoop het
uit die hand van teenstanders
³ *en byeengebring het uit alle lande,
uit die ooste en die weste,
uit die noorde en vanaf die see.

*106:48 *moet ... word*: Luk 1:68

×106:48 *Die Here ... Halleluja*: Ps 106:48 dien as afsluiting van die vierde versameling in die Psalmboek.

*107:3 Matt 8:11; Luk 13:29

⁴ Hulle het in die woestyn^y rondgedwaal,
in die wildernis was hulle op pad;
'n stad, 'n woonplek, kon hulle nie kry nie.

⁵ Hulle was honger en dors;
die lewenskrag in hulle het weggekwyn.

⁶ Toe het hulle in hulle nood
na die HERE om hulp geroep;
uit hulle benoudheid het Hy hulle gered.

⁷ Hy het hulle op 'n gelyk pad gelei
om na 'n stad, 'n woonplek, te gaan.

⁸ Hulle moet die HERE loof vir sy troue liefde,
vir sy wonders aan mensekinders;

^{9*} want Hy het dorstige kele versadig,
honger kele het Hy gevul met wat goed is.

¹⁰ Daar was dié wat
in donkerte en digte duisternis gesit het,
gevangenes in ellende en ysterboeie,
¹¹ omdat hulle teen God se woorde in opstand was
en die raad van die Allerhoogste versmaai het.

¹² Hy het hulle harte deur swaarkry nederig gemaak.
Hulle het gestruikel,
en daar was geen helper nie.

¹³ Toe het hulle in hulle nood

^y**107:4** *woestyn*: Dit verwys na 'n onbewoonde, onherbergsame gebied waar skape en bokke soms gewei het.

^{*}**107:9** Luk 1:53

tot die HERE om hulp geskreeu;
uit hulle benoudheid het Hy hulle verlos.
¹⁴ Hy het hulle uit donkerte,
uit digte duisternis gelei;
hulle boeie het Hy in stukke gebreek.
¹⁵ Hulle moet die HERE loof vir sy troue liefde,
vir sy wonders aan mensekinders;
¹⁶ want Hy het deure van brons stukkend gebreek,
die sluitbalke van yster stukkend gekap.

¹⁷ Daar was dwase wat
deur hulle pad van oortreding,
deur hulle sondeskuld,
hulle eie kastyding veroorsaak het.
¹⁸ Aan alle kos het hulle kele gewalg,
en hulle was by die poorte van die dood.
¹⁹ Toe het hulle in hulle nood
na die HERE om hulp geskreeu;
uit hulle benoudheid het Hy hulle verlos.
²⁰ *Hy het sy woord gestuur en hulle genees;
Hy het hulle gered uit hulle vangkuile.
²¹ Hulle moet die HERE loof vir sy troue liefde,
vir sy wonders aan mensekinders.
²² Hulle moet aan Hom dankoffers bring
en met vreugdekrete van sy daede vertel.

- 23 Daar was dié wat
by die see in bote geklim het,
hulle daaglikse werk gedoen het
op die groot waters.
- 24 Hulle het self die daede van die HERE beleef,
sy wonders op die diepwater.
- 25 Hy het gepraat en 'n stormwind laat opsteek;
dit het die see se golwe laat uittroon.
- 26 Hulle het opgerys na die hemel,
dan weer afgedaal na die dieptes;
in die ramp het hulle moed hulle begewe.
- 27 Hulle het geslinger,
heen en weer geswaai soos 'n dronk mens;
al hulle vernuf was waardeloos.
- 28 Toe het hulle in hulle nood
na die HERE om hulp geroep;
uit hulle benoudheid het Hy hulle uitgelei.
- 29 Hy het die storm tot bedaring gebring
en die golwe van die see het stil geraak.
- 30 Hulle was bly toe die golwe kalm word.
Hy het hulle gelei na die hawe
waarna hulle verlang het.
- 31 Hulle moet die HERE loof vir sy troue liefde,
vir sy wonders aan mensekinders.
- 32 Hulle moet Hom verheerlik
waar die volk byeen is,
Hom loof waar oudstes saam sit.

³³ Hy het riviere verander in 'n woestyn,
waterbronne in 'n dorsland,
³⁴ vrugbare aarde in brak grond —
vanweë die boosheid van dié wat daar woon.

³⁵ Hy het 'n woestyn verander in 'n bron van water,
droë aarde in fonteine wat loop.

³⁶ Hongeres het Hy daar laat woon,
hulle kon 'n stad, 'n woonplek, vestig.

³⁷ Hulle het lande gesaai, wingerde geplant
wat die vrug van die oes gelewer het.

³⁸ Hy het hulle geseën,
hulle baie meer laat word;
hulle vee het Hy nie minder laat word nie.

³⁹ Toe hulle minder geword
en gebuk gegaan het onder die druk
van rampe en bekommernis,
⁴⁰ het Hy minagting uitgestort
oor vooraanstaande mense,
hulle laat rond dwaal in 'n woesteny sonder paaië.

⁴¹ Maar behoefdiges het Hy beskerm teen ellende;
Hy het hulle families so talryk^z soos veekuddes gemaak.

⁴² Oprektes sien dit en moet bly wees,
maar almal wat onreg doen, hou hulle monde toe.^a

^z107:41 *so talryk*: Die woorde ontbreek in die bronteks maar word veronderstel.

^a107:42 *almal ... toe*: Die bronteks lui “alle onreg het die mond toegehou”.

⁴³Wie wys is, moet hiervan kennis neem
en nadink oor die troue liefde van die HERE.

108

¹'n Lied. 'n Psalm. Van Dawid.

²My hart is standvastig, o God;
ek wil sing, ja, met begeleiding prys.

Ja, my gemoed, ³ word wakker!

Met harp en lier

wil ek die dagbreek wakker maak.

⁴ Ek wil U loof onder die volke, HERE,

ek wil U besing onder die nasies;

⁵ want groot, ja, hoër as die hemel, is u troue liefde;
tot by die wolke is u waarheid.

⁶ Verhef U bo die hemele, o God,

u majesteit oor die hele aarde,

⁷ sodat u geliefdes gered kan word.

Verlos tog met u regterhand^b en antwoord my.

⁸ God self het in sy heiligdom verklaar:

“Seëvierend gaan Ek Sigem verdeel,
die vallei van Sukkot^c afmeet.

^b108:7 *regterhand*: Omdat die •regterhand gewoonlik die sterkste hand is, is dit dikwels uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here.

^c108:8 *Sigem, Sukkot*: Die name verteenwoordig die gebiede oos en wes van die Jordaan.

⁹ Aan My behoort Gilead,
aan My Manasse;
Efraim is my helm,
Juda my septer.

¹⁰ Moab is my waskom,
op Edom gooi Ek my sandaal;^d
oor Filistea juig Ek.”

¹¹ Wie sal my bring na 'n versterkte stad?

Wie sal my lei tot by Edom?

¹² Is dit nie U, o God,
wat ons verstoot het nie?

U, o God, trek nie meer saam met ons leërs uit nie.

¹³ Kom ons te hulp teen verdrukke —
die hulp van mense is nutteloos.

¹⁴ Met God tree ons dapper op —
Hy sal ons verdrukke vertrap.

109

¹ Vir die •musiekleier. Van Dawid. 'n Psalm.

O God, aan wie my lof toekom,
moet U nie doof hou nie;

² want die monde van goddelose mense,
ja, monde vol bedrog,

^d108:10 *op ... sandaal*: In die tyd van die Ou Testament is 'n sandaal gebruik om verandering van eienaarskap aan te dui; vgl Rut 4:7.

is wyd oop teen my —

hulle beskuldig my met tonge wat lieg.

³ Met woorde van haat omsingel hulle my;

hulle val my sonder rede aan.

⁴ *In antwoord op my liefde

is hulle vyandig teenoor my,

en dit terwyl ek in gebed is.

⁵ Hulle vergeld my met kwaad vir goed,

met haat vir my liefde.

⁶ Hulle sê:^e

“Stel 'n goddelose mens teen hom aan,

laat 'n aanklaer aan sy regterkant^f staan.

⁷ *Wanneer die beslissing oor hom gegee word,

moet hy as 'n skuldige na vore tree;

sy gebed moet hom as sonde toegereken word.

⁸ Sy lewensdae moet min wees;

iemand anders moet sy amp oorneem.*

⁹ Mag sy kinders vaderloos word

en sy vrou 'n weduwee.

¹⁰ Mag sy kinders bly rondswerf en bedel,

*109:4-5 Joh 17:12

^e109:6 *Hulle sê*: Vs 6-19 is die vervloeking wat deur die psalmdigter se vyande uitgespreek word. “Hulle sê” is dus bygevoeg ter wille van duidelikheid.

^f109:6 *regterkant*: Die •regterkant is die onbeskermdede kant; 'n soldaat het sy skild in sy linkerhand gedra.

*109:7-8 Ps 41:9; Joh 6:39; 17:12; 18:9

*109:8 *iemand ... oorneem*: Hand 1:20

en kos seek op hulle puinhope.

¹¹ Mag die skuldeiser beslag lê

op alles wat aan hom behoort,

en mag vreemdes die vrug van sy arbeid plunder.

¹² Mag daar vir hom niemand wees

wat in troue liefde uitreik nie;

mag daar niemand wees

wat hom ontferm oor sy vaderlose kinders nie.

¹³ Mag sy nageslag uitgeroei word —

in die volgende geslag

moet hulle name uitgewis word.

¹⁴ Mag die sondeskuld van sy voorouers

die HERE bybly,

en mag die sonde van sy moeder

nie uitgewis word nie.

¹⁵ Mag dit altyd voor die HERE wees,

sodat Hy die herinnering aan hulle

van die aarde af kan uitdelg;

¹⁶ omdat hierdie man^g nie daaraan gedink het

om troue liefde te bewys nie,

maar magtelose mense en behoeftiges,

dié met vreesbevange harte,

vervolg het om hulle dood te maak.

¹⁷ Hy was lief vir vervloeking —

laat dit hom tref.^h

^g109:16 *hierdie man*: Die bronteks lui “hy”.

^h109:17 *laat ... tref*: Die LXX word hier gevolg. Die bronteks lui “dit het hom getref”.

Hy het niks gehou van seën nie —

laat dit ver van hom bly.ⁱ

¹⁸ Hy het vervloeking aangetrek soos 'n bokleed —

dit het sy binneste soos water deurtrek,

sy gebeente soos olyfolie.

¹⁹ Mag dit vir hom word soos 'n kledingstuk

waarin hy homself hul,

en 'n lyfband wat hy altyd dra.”

²⁰ Mag dít egter van die HERE se kant die straf wees

vir hulle wat my vyandiggesind is,

vir hulle wat onheil oor my lewe uitspreek.

²¹ Ja, U, HERE, my Heer, moet in my belang optree

ter wille van u Naam,

want u troue liefde is goed.

Red my, ²² want ek is magteloos en behoeftig,

en my hart is deurboor in my binneste.

²³ Soos 'n skaduwee wat lank word, gaan ek heen;

ek word afgeskud soos 'n treksprinkaan.

²⁴ My knieë gee mee sonder dat ek vas;

my liggaam is uitgeteer, sonder olyfolie.

²⁵ ^jEn ek het vir hulle 'n bespotting geword;

wanneer hulle my sien, skud hulle die kop.

ⁱ109:17 *laat ... bly*: Die LXX word hier gevolg. Die bronteks lui “dit het ver van hom gebly”.

^j109:25 Matt 27:39; Mark 15:29 is toespelings op Ps 22:8; 109:25; Klaagl 2:15 as heenwysings na Jesus Christus.

²⁶ Help my, HERE my God;

verlos my in u troue liefde,

²⁷ sodat hulle kan weet dat dit u hand is,

dat U, HERE, dit gedoen het.

²⁸ Hulle kan maar vervloek, maar U, U seën;

hulle het teen my opgestaan, maar staan beskaamd;*

u dienskneg is bly.

²⁹ Laat hulle wat my vyandiggesind is,

gekleë wees in vernedering;

laat hulle in hulle skande gehul wees

soos in 'n mantel.

³⁰ Met my mond sal ek die HERE met oorgawe loof,

tussen baie mense sal ek Hom prys;

³¹ want Hy staan aan die regterkant^k

van die behoeftige

om hom te verlos

van hulle wat oor sy lewe wil beslis.

110

¹ Van Dawid. 'n Psalm.

Die uitspraak van die HERE vir my heer is:

*109:28 *hulle het ... beskaamd*: 1 Kor 4:12

^k109:31 *regterkant*: Die •regterkant is hier die onbeskermdede kant; 'n soldaat het sy skild in sy linkerhand gedra.

“Sit aan my regterhand^l totdat Ek jou vyande
'n voetbank vir jou voete^m maak.”ⁿ

² Uit Sion stuur die HERE u magtige septer:

“Heers te midde van jou vyande!

³ Jou volk bied hulleself gewillig aan

op die dag van jou magsvertoon

op die heilige berge.^o

Uit die skoot van die daeraad

het Ek jou soos dou verwek.”^p

⁴ Die HERE het 'n eed geneem

en Hy sal nie spyt wees nie:

“Jy is priester vir altyd volgens die orde van Melgisedek.”^q

^l110:1 *Sit ... regterhand*: Dit was die ereposisie langs die koning. God regeer as koning, en die koning in Jerusalem geniet hoë aansien as God se verteenwoordiger op aarde.

^m110:1 *voetbank ... voete*: Dit dui op die onderwerping van die vyand.

ⁿ110:1 *Sit ... maak*: In Heb 1:13 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 22:44; 26:64; Mark 12:36; 14:62; 16:19; Luk 20:42-43; 22:69; Hand 2:34-35; Rom 8:34; 1 Kor 15:25; Ef 1:20; Kol 3:1; Heb 1:3; 8:1; 10:12,13; 12:2.

^o110:3 *heilige berge*: Hierdie lesing volg meer as 20 Hebreeuse manuskripte, een ou Griekse en een Latynse vertaling. Die bronteks lui “in heilige versierings”.

^p110:3 *verwek*: Vgl Ps 2:7. Hierdie lesing volg 'n groot aantal Hebreeuse manuskripte, die LXX en die Siriese vertaling. Die bronteks lui “die dou van jou jeug”.

^q110:4 *Jy ... Melgisedek*: Die bronteks kan ook vertaal word “Jy is priester vir altyd; volgens my beslissing 'n regmatige koning”; in Heb 5:6 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus; vgl Joh 12:34; Heb 5:10; 6:20; 7:3,17,21.

⁵ My Heer, die een aan u regterhand
verpletter konings op die dag van sy woede.

⁶ Onder die nasies voltrek hy die vonnis —
dit is vol lyke;
hy verpletter hoofde oor 'n groot gebied.

⁷ Op pad drink hy uit die spruit;
daarom sal hy sy hoof hoog hou.

111

¹ Halleluja!

⌘ *ALEF*

Ek wil die HERE loof met my hele hart,

⌚ *BET*

in die kring van opregtes en in die byeenkoms.

⌛ *GIMEL*

² Groots is die werke van die HERE,

⌜ *DALET*

'n bron van nadenke vir almal
wat vreugde daarin vind.

⌝ *HE*

³ Vol luister en glansrykheid is wat Hy doen,

⌞ *WAW*

en sy regverdigheid bestaan vir altyd.

⌟ *ZAJIN*

⁴ Hy het bewerk dat sy wonders onthou word.

ן *GET*

Genadig en barmhartig is die HERE.*

ו *TET*

⁵ Hy het kos gegee aan wie vir Hom ontsag het.

י *JOD*

Hy hou vir ewig sy verbond in gedagte.

כ *KAF*

⁶ Die krag van sy daede het Hy aan sy volk getoon

ל *LAMED*

deur die erfdeel van nasies aan hulle te gee.

מ *MEM*

⁷ Waarheid en wet is die werk van sy hande.

נ *NUN*

Betroubaar is al sy opdragte,

ס *SAMEK*

⁸ bestendig vir altyd, vir ewig —

ע *AJIN*

dit word nagekom in trou en opregtheid.

פ *PE*

⁹ Verlossing het Hy vir sy volk gestuur.*

צ *TSADE*

Hy het sy verbond vir ewig voorgeskryf.

ק *KOF*

Heilig en ontsagwekkend is sy Naam.

*111:4 *Genadig ... Here:* Jak 5:11

*111:9 *Verlossing ... gestuur:* Luk 1:49,68

י RESJ

¹⁰ Die begin van wysheid is ontsag vir die HERE;

וִּי SIN

almal wat sy opdragte^r uitvoer, het goeie insig.

ן TAW

Sy lof hou vir altyd stand.

112

¹ Halleluja!

א ALEF

Hoe gelukkig is die mens wat ontsag het vir die HERE,

ב BET

wat groot vreugde vind in sy geboorte.

ג GIMEL

² Sy nageslag sal magtig wees in die land —

ד DALET

'n geslag opregtes wat geseën word.

ה HE

³ Oorvloedige rykdom is in sy huis,

ו WAW

en sy regverdigheid hou vir altyd stand.

ז ZAJIN

⁴ Hy skyn in die duisternis as 'n lig vir die opregtes;

ח GET

hy is genadig, barmhartig en regverdig.

^r111:10 *sy opdragte*: Die bronteks lui “hulle”, dit verwys na die opdragte in vs 7.

⌋ *TET*

⁵ Dit gaan goed met 'n mens
wat goedhartig is en uitleen,

⌋ *JOD*

wat sy sake eerlik bestuur;

⌋ *KAF*

⁶ want hy sal nooit wankel nie.

⌋ *LAMED*

'n Regverdige bly vir altyd in die herinnering.

⌋ *MEM*

⁷ Vir slegte tyding is hy nie bang nie;

⌋ *NUN*

sy hart is standvastig, hy vertrou op die HERE.

⌋ *SAMEK*

⁸ Sy hart is bestendig, hy is nie bang nie;

⌋ *AJIN*

uiteindelik sien hy neer op sy teenstanders.

⌋ *PE*

⁹ Hy deel uit, hy gee aan behoeftiges;

⌋ *TSADE*

sy regverdigheid hou vir altyd stand;*

⌋ *KOF*

met waardigheid styg sy aansien.[§]

⌋ *RESJ*

¹⁰ *Die goddelose mens sien dit en vererg hom;

*112:9 *Hy deel ... stand:* 2 Kor 9:9

§112:9 *met ... aansien:* Die idioom in Hebreeus is “sy horing word hoog in eer”.

*112:10 Hand 7:54

⚡ *SIN*

hy kners sy tandet^t maar verloor moed.

⚡ *TAW*

Die begeerte van goddelose mense gaan tot niet.

113

¹ *Halleluja!

Diensknegte van die HERE, loof,
ja, loof die Naam van die HERE.

² Die Naam van die HERE moet geprys word,
van nou af tot in ewigheid.

³ Van waar die son opkom tot waar dit ondergaan,
moet die Naam van die HERE geloof word.

⁴ Hoog bo al die nasies is die HERE;
bo die hemel is sy majesteit.

⁵ Wie is soos die HERE, ons God,
wat hoog woon,

⁶ wat moet afbuk
om na die hemel en die aarde te kyk —

⁷ Hy wat hulpeloses uit die stof laat opstaan,
van die ashoop af behoeftiges verhef

⁸ om hulle by vooraanstaande mense te laat sit,
by die vooraanstaande mense van sy volk,

⁹ wat aan die onvrugbare vrou van die huis 'n tuiste gee —

^t112:10 *kniers ... tande*: Dit is 'n teken van woede en haat.

^{*}113 — 118 Matt 26:30; Mark 14:26

'n gelukkige ma van kinders.

Halleluja!

114

¹*Toe Israel uit Egipte weggetrek het,
die huis van Jakob weg van die volk
met 'n vreemde taal,

²het Juda God se heiligdom geword,
Israel sy magsgebied.

³*Die see het dit gesien en gevlug;
die Jordaan het teruggedeins.

⁴Die berge het gebokspring soos ramme,
die heuwels soos lammers.

⁵Wat gaan met jou aan, see, dat jy vlug,
Jordaan, dat jy terugdeins,

⁶berge, dat julle soos ramme bokspring,
heuwels, soos lammers?

⁷Krimp ineen, aarde, voor die Heer,
voor die God van Jakob,

⁸wat die rots verander het in 'n bron van water,
die vuursteen in 'n waterfontein.

*113 — 118 Matt 26:30; Mark 14:26

*114:3-7 Op 20:11

115

¹*Nie aan ons nie, HERE, nie aan ons nie,
maar aan u Naam kom die eer toe,
vanweë u troue liefde, vanweë u bestendigheid.

²Waarom sê die nasies:

“Waar is hulle God dan?”

³Ons God is in die hemel;
alles wat Hom behaag, doen Hy.

⁴*Hulle afgode is silwer en goud,
die werk van mensehande.

⁵Hulle het monde, maar kan nie praat nie,
oë, maar kan nie sien nie.

⁶Hulle het ore, maar kan nie hoor nie,
neuse, maar kan nie ruik nie,
⁷hande, maar kan nie voel nie,
voete, maar kan nie loop nie;
met hulle kele maak hulle geen geluid nie.

⁸Hulle makers sal net soos hulle word —
ja, elkeen wat op hulle vertrou.

⁹Israel, vertrou op die HERE!

Hy is hulle hulp en hulle skild.

¹⁰Huis van Aäron, vertrou op die HERE!

Hy is hulle hulp en hulle skild.

*113 — 118 Matt 26:30; Mark 14:26

*115:4-7 Op 9:20; 19:5

¹¹ Wie vir die HERE ontsag het,
vertrou op die HERE!
Hy is hulle hulp en hulle skild.

¹² Die HERE dink aan ons.

Hy sal seën:

Hy sal die huis van Israel seën;

Hy sal die huis van Aäron seën;

¹³ *Hy sal hulle wat vir die HERE ontsag het, seën —
die kleintjies saam met die grotes.

¹⁴ Mag die HERE julle meer maak,
julle en julle kinders.

¹⁵ Mag julle geseën word deur die HERE
wat hemel en aarde gemaak het.

¹⁶ Die hemel is die HERE se hemel,
maar die aarde het Hy vir mensekinders gegee.

¹⁷ Die dooies sal die HERE nie loof nie,
nie enige van hulle wat na die stilte afdaal nie.

¹⁸ Maar ons, ons sal die HERE prys,
van nou af en vir altyd.

Halleluja!

116

¹ *Ek het die HERE lief,

*115:13 Op 11:18

want Hy luister na my smeekgebed;
² ja, Hy draai sy oor na my,
en solank ek leef, sal ek Hom aanroep.

³ ^uBande van die dood het my omstrengel;
angste van die •doderyk het my oorval;
benoudheid en bekommernis het ek ervaar.

⁴ Toe het ek die Naam van die HERE bly aanroep:
“Ag HERE, red tog my lewe!”

⁵ Genadig is die HERE en regverdig;
ons God is barmhartig.

⁶ Die HERE beskerm eenvoudiges;
ek is nietig, maar Hy het my verlos.

⁷ Kom weer tot rus, my •siel,
want die HERE het goed gedoen aan jou.

⁸ Ja, U het my lewe van die dood gered,
my oë van trane, my voete van struikeling.

⁹ Ek mag leef
in die teenwoordigheid van die HERE,
in die land van die lewendes.

¹⁰ *Ek het bly glo, selfs toe ek gesê het:
“Ek is platgeslaan.”

*113 — 118 Matt 26:30; Mark 14:26

^u116:3 Hand 2:24 is 'n toespeling op Ps 116:3 as heenwysing na Jesus Christus.

*116:10 2 Kor 4:13

11 *Ek is die een wat oorhaastig gesê het:

“Alle mense is leuenaars.”

12 Hoe kan ek die HERE vergoed

vir al sy goeie dae aan my?

13 Die beker van verlossing^v sal ek oplik

en die Naam van die HERE aanroep.

14 My geloftes aan die HERE sal ek betaal,

daar voor sy hele volk.

15 Vir die HERE is die dood van sy troue volgelinge

'n duur verlies.^w

16 Ag HERE, omdat ek u dienskneg is

— ja, ek is u dienskneg,

die seun van u diensmeisie —

het U my boeie losgemaak.

17 Aan U sal ek 'n dankoffer bring

en die Naam van die HERE aanroep.

18 My geloftes aan die HERE sal ek betaal,

daar voor sy hele volk,

¹⁹ in die voorhowe van die huis van die HERE,

in jou midde, Jerusalem.

*116:11 Rom 3:4

^v116:13 *beker ... verlossing*: Tydens die dankoffer is wyn uitgegiet, terwyl God geprys word vir sy verlossingsdade; vgl ook vs 17.

^w116:15 *duur verlies*: Letterlik 'kosbaar is in die oë van die Here die dood van sy troue volgelinge'.

Halleluja!

117

¹ **Loof die HERE, alle nasies,
besing Hom, alle volke,
² want magtig oor ons is sy troue liefde,
ja, die trou van die HERE is vir ewig.

Halleluja!

118

¹ *Loof die HERE, want Hy is goed;
ja, vir ewig duur sy troue liefde.
² Laat Israel sê:
“Vir ewig duur sy troue liefde.”
³ Laat die huis van Aäron sê:
“Vir ewig duur sy troue liefde.”
⁴ Laat dié wat vir die HERE ontsag het, sê:
“Vir ewig duur sy troue liefde.”

⁵ In my angs het ek geroep: “HERE!”
Hy het my geantwoord;
die HERE het vir my ruimte gemaak.
⁶ *Die HERE is vir my; ek is nie bang nie.

*113 — 118 Matt 26:30; Mark 14:26

*117:1 Rom 15:11

*113 — 118 Matt 26:30; Mark 14:26

*118:6 Rom 8:31; Heb 13:6

Wat kan 'n mens aan my doen?

⁷ Die HERE is vir my, as my helper;
en ek, ek sal op my haters neersien.

⁸ Dit is beter om by die HERE te skuil
as om op mense te vertrou.

⁹ Dit is beter om by die HERE te skuil
as om op vooraanstaande mense te vertrou.

¹⁰ Alle nasies het op my toegesak;
in die Naam van die HERE
kon ek hulle waarlik afweer.

¹¹ Hulle het op my toegesak,
ja, hulle het op my toegesak;
in die Naam van die HERE
kon ek hulle waarlik afweer.

¹² Hulle het op my toegesak soos bye,
maar hulle is geblus soos 'n vuur in doringtakke.
In die Naam van die HERE
kon ek hulle waarlik afweer.

¹³ Ek is hard gestamp^x om my tot 'n val te bring,
maar die HERE het my gehelp.

¹⁴ My krag en my sterkte was die HERE;
Hy het tot my redding gekom.

¹⁵ Hoor die geluid van juigkrete, van redding
in die tente van die regverdiges.

^x118:13 *Ek ... gestamp*: Die lesing van die LXX word hier gevolg. Die bronteks lui “Jy het my hard gestamp”.

Die regterhand^y van die HERE

doen kragtige dae.

¹⁶ Die regterhand van die HERE is hoog gelig;

die regterhand van die HERE

doen kragtige dae.

¹⁷ Ek sal nie sterf nie, maar ek sal lewe

en vertel van die dae van die HERE.

¹⁸ *Die HERE het my swaar gestraf,

maar aan die dood het Hy my nie oorgegee nie.

¹⁹ Maak vir my die poorte na •geregtigheid oop;

ek wil daardeur ingaan, ek wil die HERE loof.

²⁰ *^a“Hier is die poort na die HERE —

regverdiges mag daardeur ingaan.”

²¹ Ek wil U loof, omdat U my geantwoord

en tot my redding gekom het.

²² ^{za}Die klip wat die bouers afgekeur het,

het die hoeksteen geword.

^y**118:15** *regterhand*: Omdat die •regterhand gewoonlik die sterkste hand is, is dit dikwels uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here.

***118:18** 2 Kor 6:9

***118:20** Joh 10:9

^z**118:22** In Luk 20:17; Hand 4:11 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus; vgl 1 Pet 2:4,7.

^a**118:22-23** In Matt 21:42; Mark 12:10-11 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

²³ Van die HERE het dit gekom;

dit is 'n wonder in ons oë.

²⁴ Dit is die dag wat die HERE tot stand gebring het;

laat ons juig en ons in Hom verheug.^b

²⁵ ^{cd} Ag HERE, verlos ons tog!^e

Ag HERE, gee tog voorspoed!

²⁶ “Geseënd is hy wat kom in die Naam van die HERE.”^f

“Ons seën julle uit die huis van die HERE.”

²⁷ Die HERE is God; Hy het vir ons lig laat skyn.

Voer met gevlegte takke die sirkeldans uit

tot by die horings van die altaar.^g

²⁸ U is my God en ek loof U!

My God, ek wil U verheerlik.

^b**118:24** *laat ... verheug*: Die teks kan ook vertaal word “laat ons juig en daarvoor bly wees”.

^c**118:25-26** In Matt 21:9; Mark 11:9; Joh 12:13 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

^d**118:25** In Matt 23:39; Luk 13:35; 19:38 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus.

^e**118:25** *verlos ... tog*: Die Hebreeuse woorde wat met “verlos ons tog” vertaal is, word uitgespreek *hosji-a na*. Dit het die uitroep “•Hosanna” geword; Matt 21:9; Mark 11:9-10.

^f**118:26** *Geseënd ... Here*: In Matt 23:39 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus; Matt 21:9; Mark 11:10; Luk 13:35; 19:38.

^g**118:27** *Voer ... altaar*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid; vgl ook Lev 23:40.

²⁹ Loof die HERE, want Hy is goed;
ja, vir ewig duur sy troue liefde.

119

⌘ *ALEF*

- ¹ Hoe gelukkig is mense
wie se lewenspad onberispelik is
en wat die wet^h van die HERE volg!
- ² Hoe gelukkig is hulle wat sy bepalings nakom,
wat Hom met hulle hele hart soek;
- ³ wat ook nie onreg doen nie,
maar net sy paaie volg!
- ⁴ U het self u opdragte gegee,
sodat mense dit noukeurig sal nakom.
- ⁵ Ag, was my lewenspaaie maar standvastig,
sodat ek u voorskrifte kon nakom.
- ⁶ Ek sal dan nie beskaamd staan,
terwyl ek op al u bevele let nie.
- ⁷ Ek loof U met 'n opregte hart
terwyl ek u regverdige beslissings bestudeer.
- ⁸ U voorskrifte sal ek nakom;
moet my tog nooit in die steek laat nie.

^h119:1 *wet*: Dit kan ook met “onderrig” vertaal word. In Ps 119 word 8 verskillende woorde daarvoor gebruik. Dit verwys na die wette, vertellings, profesieë en gedigte in die Ou Testament wat die gelowiges oor God in sy verhouding met mense onderrig.

ב *BET*

⁹ Hoe sal 'n jongmens sy lewenspad suiwer hou?

Deur te hou by u woorde.

¹⁰ Met my hele hart soek ek U;

laat my tog nie afdwaal van u bevele nie.

¹¹ In my hart koester ek u woord,

sodat ek nie teen U sondig nie.

¹² U moet geprys word, HERE!

Leer my u voorskrifte!

¹³ Met my lippe vertel ek

van al die beslissings van u mond.

¹⁴ Oor die pad van u bepalings

is ek verheug soos oor groot rykdom.

¹⁵ U opdragte wil ek graag oordink;

ek wil op u paaie let.

¹⁶ In u voorskrifte vind ek vreugde;

ek sal u woord nie vergeet nie.

ג *GIMEL*

¹⁷ Wees goed vir u dienskneg,

dan kan ek lewe en u woord nakom.

¹⁸ Maak oop my oë

dat ek die wonders uit u wet kan raaksien.

¹⁹ Ek is 'n vreemdeling op aarde;

moet u bevele nie vir my verborge hou nie.

²⁰ My lewe kwyn weg van verlange

na u beslissings vir elke geleentheid.

²¹ U bestraf vermeteles, die vervloektes,

hulle wat van u bevele afdwaal.

²² Neem bespotting en minagting van my weg,
want by u bepalings bly ek.

²³ Selfs al sit leiers en planne beraam teen my —
u dienskneg sal oor u voorskrifte bly nadink.

²⁴ Nog steeds is u bepalings my grootste vreugde;
hulle is my raadgewers.

7 DALET

²⁵ Ek is vasgevang in die stof;
maak my weer lewendi volgens u woord.

²⁶ Van my lewenspaaië het ek vertel,
en U het my geantwoord;
leer my u voorskrifte.

²⁷ Help my die pad van u opdragte verstaan,
sodat ek oor u wonders kan nadink.

²⁸ My lewe syfer weg van kommer;
versterk my volgens u belofte.

²⁹ Die pad van bedrog, neem dit van my weg;
en wat u wet betref, wees my genadig.

³⁰ Die pad van eerlikheid het ek gekies;
u beslissings hou ek voor oë.

³¹ Ek hou aan u bepalings vas;
HERE, laat my nie beskaamd staan nie.

³² Die pad van u bevele volg ek geesdriftig,
want U verruim my insig.

ⁱ119:25 *maak ... lewend*: In verbondstaal beteken dit die verhouding met God word herstel.

7 HE

- 33 HERE, onderrig my in die pad van u voorskrifte,
sodat ek dit enduit kan nakom.
- 34 Gee my insig, dat ek u wet kan nakom,
dit met my hele hart kan onderhou.
- 35 Begelei my op die pad van u bevele,
want daarin vind ek vreugde.
- 36 Laat my hart na u bepalings neig,
en nie na winsbejag nie.
- 37 Weerhou my oë daarvan
om na nuttelose dinge te staar;
hou my lewend op u paaie.
- 38 Doen u woord aan u dienskneg gestand —
sodat daar vir U ontsag kan wees.
- 39 Neem die bespotting wat ek vrees van my weg,
want u beslissings is goed.
- 40 Kyk, ek verlang na u opdragte;
hou my lewend deur u •geregtigheid.

7 WAW

- 41 Laat my u troue liefde ervaar, HERE,
u verlossing volgens u belofte,
- 42 sodat ek my spotter kan antwoord;
want ek vertrou op u woord.
- 43 Moet tog nie u betroubare woord
heeltemal uit my mond wegneem nie,
want ek vestig my hoop op u beslissings.
- 44 Ek wil u wet voortdurend onderhou,
vir altyd en altyd,

⁴⁵ en ek wil in hierdie vrye ruimte voortbeweeg;
want ek het u opdragte ondersoek.

⁴⁶ *Ek sal oor u bepalings voor konings praat
sonder om my te skaam.

⁴⁷ Ek vind vreugde in u bevele
wat ek liefhet;

⁴⁸ ek reik uit na u opdragte
wat ek liefhet;
en ek dink na oor u voorskrifte.

Ṛ ZAJIN

⁴⁹ Onthou tog u woord aan u dienskneg
waarmee U aan my hoop gegee het.

⁵⁰ Dit is my vertroosting in my ellende,
dat u belofte my lewend hou.

⁵¹ Vermeteles het my tot die uiterste toe gespot,
maar van u wet het ek nie weggedraai nie.

⁵² Ek het u beslissings onthou,
van lank gelede af, HERE,
en ek was getroos.

⁵³ Woede het my beetgepak oor goddelose mense —
hulle wat u wet verlaat.

⁵⁴ Maar u voorskrifte was vir my liedere
in 'n plek waar ek 'n vreemdeling^j was.

*119:46 Rom 1:16

^j119:54 *vreemdeling*: Dit is 'n persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. •Vreemdelinge wat tydelike verblyfreg by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet (Lev 19:34).

⁵⁵ Ek het u Naam in die nag onthou, HERE,
en ek het u wet onderhou.

⁵⁶ Dit was vir my 'n gewoonte,
ja, u opdragte het ek nagekom.

7 GET

⁵⁷ U, HERE, is my deel,
ek het onderneem om u gebooie te onderhou.

⁵⁸ Ek het met my hele hart u guns gesoek:
Wees my tog genadig volgens u belofte.

⁵⁹ Ek het my paaie bedink
en my voete teruggebring na u bepalings.

⁶⁰ Ek het my gehaas
en nie getalm om u bevele te onderhou nie.

⁶¹ Die vangtoue van goddelose mense
het my omstrengel,
maar u wet het ek nie vergeet nie.

⁶² In die middel van die nag staan ek op om U te loof
oor u regverdige beslissings.

⁶³ Ek is 'n vriend van almal wat vir U ontsag het,
en u opdragte nakom.

⁶⁴ HERE, u troue liefde vul die aarde;
leer my u voorskrifte.

8 TET

⁶⁵ U het goed gedoen aan u dienskneg,
HERE, volgens u woord.

⁶⁶ Leer my goeie oordeel en kennis,
want ek vertrou op u bevele.

- 67 Voordat ek verneder is, het ek gedwaal;
maar nou onderhou ek u woord.
- 68 U is goed en doen goed;
leer my u voorskrifte.
- 69 Vermeteles het my met leuens beswadder;
maar ek, met my hele hart
hou ek my aan u opdragte.
- 70 Hulle harte is so gevoelloos soos vet,
maar ek vind vreugde in u wet.
- 71 Dit is goed vir my dat ek verneder was,
sodat ek u voorskrifte kon leer.
- 72 Die onderrig uit u mond is vir my beter
as duisende stukke goud en silwer.

› *JOD*

- 73 U hande het my gemaak en aan my 'n plek gegee;
maak my verstandig, dat ek u bevele kan leer.
- 74 Hulle wat vir U ontsag het, sien my en is bly,
want op u woord wag ek.
- 75 Ek weet, HERE, dat u beslissings regverdig is,
en dat U my in getrouheid verneder het.
- 76 Laat u troue liefde tog vir my tot troos wees
soos U aan u dienskneg beloof het.
- 77 Laat my u ontferming ervaar, dat ek kan lewe;
want u wet is my vreugde.
- 78 Laat die vermeteles beskaamd staan,
want hulle veronreg my met leuens,
terwyl ek oor u opdragte nadink.

⁷⁹ Laat hulle wat vir U ontsag het, na my terugkeer,
ja, hulle wat u bepalings ken.

⁸⁰ Laat my hart onberispelik aan u voorskrifte hou,
sodat ek nie beskaamd staan nie.

↳ *KAF*

⁸¹ My •siel smag na u verlossing;
op u woord wag ek.

⁸² My oë smag na u belofte
en vra: “Wanneer sal U my vertroos?”

⁸³ Want ek het geword soos 'n stuk vel vol rook,^k
maar u voorskrifte het ek nie vergeet nie.

⁸⁴ Hoeveel dae moet u dienskneg nog wag?
Wanneer gaan U my vervolgers straf?

⁸⁵ Vermeteles het vir my vangkuile gegrawe —
in stryd met u wet.

⁸⁶ Al u bevele is betroubaar,
maar die vermeteles vervolg my valslik. Help my!

⁸⁷ Byna het hulle my vernietig hier op aarde,
maar ek, ek het u opdragte nie verontagsaam nie.

⁸⁸ Maak my lewend^l in ooreenstemming met u troue liefde,
sodat ek die bepalings uit u mond kan nakom.

↳ *LAMED*

⁸⁹ Vir ewig, HERE,

^{k119:83} *vel ... rook*: Dit verwys waarskynlik na 'n skoorsteen wat van dierevel gemaak is.

^{l119:88} *Maak ... lewend*: In verbondstaal beteken dit die verhouding met God word herstel.

staan u woord vas in die hemel.

⁹⁰ Van geslag tot geslag duur u trou;

U het die aarde gevestig en dit hou stand.

⁹¹ Volgens u beslissings hou dit^m vandag nog stand,

want alles is u diensknegte.

⁹² As u wet nie my vreugde was nie,

sou ek in my ellende vergaan het.

⁹³ Tot in ewigheid sal ek u opdragte nie vergeet nie,

want daardeur het U my lewend gemaak.

⁹⁴ Aan U behoort ek; verlos my,

want na u opdragte streef ek.

⁹⁵ Goddelose mense wag my in om my te vernietig;

oor u bepalings dink ek na.

⁹⁶ Ek het gesien dat alles wat volmaak is, 'n grens het,

maar u gebod is sonder grense.

♪ *MEM*

⁹⁷ Hoe lief het ek u wet —

die hele dag dink ek daaroor na.

⁹⁸ U gebod maak my wyser as my vyande,

want dit is altyd daar vir my.

⁹⁹ Ek is verstandiger as al my leermeesters,

want u bepalings is vir my stof tot nadenke.

¹⁰⁰ Ek het meer insig as oumense,

omdat ek u opdragte nakom.

¹⁰¹ Van elke slegte pad het ek my voete weerhou

^m119:91 *dit*: Die bronteks lui “hulle”. Dit verwys waarskynlik na die aarde en die hemel.

sodat ek u woord kon onderhou.

¹⁰² Van u beslissings het ek nie afgewyk nie,
want dit is U wat my onderrig.

¹⁰³ Hoe strelend is u woorde teen my verhemelte,
selfs strelender as heuning vir my mond.

¹⁰⁴ Uit u opdragte kry ek insig;
daarom haat ek elke bedrieglike pad.

♪ *NUN*

¹⁰⁵ U woord is 'n lamp vir my voet
en 'n lig vir my lewenspad.

¹⁰⁶ Ek het 'n eed geneem — en daarby gehou —
om u regverdige beslissings na te kom.

¹⁰⁷ Ek is baie terneergedruk;
HERE, maak my lewendⁿ volgens u woord!

¹⁰⁸ Laat die vrywillige offers van my mond
tog vir U aanvaarbaar wees, HERE,
en leer my u beslissings.

¹⁰⁹ My lewe is voortdurend in my eie hande;
daarom vergeet ek u wet nie.

¹¹⁰ Goddelose mense het vir my 'n net gespan,
maar van u opdragte het ek nie afgewyk nie.

¹¹¹ Ek het u bepalings as blywende erfporsie ontvang;
ja, dit is die vreugde van my hart.

¹¹² Ek rig my hart daarop om u voorskrifte uit te voer —
vir altyd, tot die einde toe.

ⁿ119:107 *maak ... lewend*: In verbondstaal beteken dit die verhouding met God word herstel.

o *SAMEK*

- ¹¹³ Dubbelhartige mense haat ek,
maar u wet het ek lief.
- ¹¹⁴ My skuilplek en my skild is U;
op u woord vestig ek my hoop.
- ¹¹⁵ Gaan weg van my, julle kwaaddoeners,
sodat ek die bevele van my God kan nakom.
- ¹¹⁶ Ondersteun my, soos U beloof het,
sodat ek kan lewe;
laat my nie beskaamd staan oor my hoop nie.
- ¹¹⁷ Onderskraag my, sodat ek verlos kan word;
ek wil voortdurend aan u voorskrifte aandag gee.
- ¹¹⁸ U verwerp almal wat van u voorskrifte afdwaal,
want hulle is vals en pleeg verraad.
- ¹¹⁹ Soos metaalskuim
verwyder U al die goddeloses van die aarde;
daarom het ek u bepalings lief.
- ¹²⁰ My lyf bewe omdat U vrees inboesem;
ja, vir u beslissings is ek vol ontsag.

o *AJIN*

- ¹²¹ Ek doen wat reg en billik is;
moet my nie aan my verdrukkers oorlaat nie.
- ¹²² Waarborg die goeie vir u dienskneg;
vermeteles moet my nie verdruk nie.
- ¹²³ My oë smag na u verlossing,
na u belofte van •geregtigheid.
- ¹²⁴ Handel met u dienskneg volgens u troue liefde,

en leer my u voorskrifte.

¹²⁵ Ek is u dienskneg; gee aan my insig
sodat ek u bepalings kan ken.

¹²⁶ Dit is tyd vir die HERE om op te tree —
hulle maak u wet kragteloos.

¹²⁷ Daarom het ek u bevele lief,
ja, meer as goud, as suiwer goud.

¹²⁸ Daarom volg ek alle opdragte sorgvuldig;
elke pad van bedrog haat ek.

▷ *PE*

¹²⁹ U bepalings is wonderlik;
daarom kom ek dit na.

¹³⁰ As u woorde oopgaan, gee dit lig;
aan eenvoudiges gee dit insig.

¹³¹ Met 'n oop mond hyg ek,
want ek hunker na u gebooie.

¹³² Draai na my en wees my genadig,
soos U gewoonlik maak
met hulle wat u Naam liefhet.

¹³³ Maak my treë ferm met u woord
en laat geen onreg oor my heers nie.

¹³⁴ Verlos my van onderdrukking deur mense,
sodat ek my kan hou aan u opdragte.

¹³⁵ Laat die lig van u teenwoordigheid
oor u dienskneg skyn*
en leer my u voorskrifte.

*119:135 *Laat ... skyn*: Num 6:25

¹³⁶ Strome water vloei uit my oë,
omdat mense nie u wet onderhou nie.

‡ *TSADE*

¹³⁷ *Regverdig is U, HERE,
en u beslissings is reg.

¹³⁸ U het in •geregtigheid u bepalings uitgevaardig,
en in goeie trou.

¹³⁹ My ywer vir u woorde verteer my
wanneer my teenstanders dit vergeet.

¹⁴⁰ U woord is volkome gelouter
en u dienskneg het dit lief.

¹⁴¹ Ek is klein en word geminag,
maar u opdragte vergeet ek nie.

¹⁴² U regverdige optrede is altyd billik
en u wet is betroubaar.

¹⁴³ Benoudheid en angs oorval my,
maar in u gebooie vind ek vreugde.

¹⁴⁴ U bepalings is altyd regverdig;
gee my insig sodat ek kan lewe.

‡ *KOF*

¹⁴⁵ Ek roep met my hele hart:
“Antwoord my, HERE,
u voorskrifte wil ek nakom!”

¹⁴⁶ Ek roep na U: “Verlos my
sodat ek u bepalings kan onderhou!”

¹⁴⁷ Voor die oggendskemer roep ek al om hulp;

*119:137 Op 16:5,7; 19:2

op u woorde wag ek.

¹⁴⁸ My oë begroet elke •nagwaak

sodat ek oor u woord kan nadink.

¹⁴⁹ Luister tog in u troue liefde na my stem,

HERE, hou my lewend volgens u beslissing.

¹⁵⁰ Mense wat slinkse planne najaag, kom nader;

hulle bly ver van u wet.

¹⁵¹ Maar U, HERE, is naby,

en al u gebooie is betroubaar.

¹⁵² Uit u bepalings weet ek lank reeds

dat U dit vir ewig gevestig het.

7 *RESJ*

¹⁵³ Sien tog my ellende raak en red my,

want u wet vergeet ek nie.

¹⁵⁴ Behartig my regsak en verlos my;

hou my lewend op grond van u belofte.

¹⁵⁵ Verlossing bly ver van goddeloses,

want hulle bestudeer nie u voorskrifte nie.

¹⁵⁶ U ontferming is groot, HERE;

hou my lewend volgens u beslissings.

¹⁵⁷ My agtervolgers en teenstanders is baie,

maar van u bepalings wyk ek nie af nie.

¹⁵⁸ Ek het ontroues gesien

en dit het my met weersin vervul

dat hulle u woord nie onderhou nie.

¹⁵⁹ Sien tog raak dat ek u opdragte liefhet,

HERE, maak my lewend

in ooreenstemming met u troue liefde.

¹⁶⁰ Die hoofsaak van u woord is waarheid,
en elkeen van u regverdige beslissings is vir ewig.

⚡ *SIN* ⚡ *SJIN*

¹⁶¹ Mense in magsposisies vervolg my sonder rede,
maar net vir u woord het my hart ontsag.

¹⁶² Ek verheug my oor u woord,
soos iemand wat 'n groot buit gevind het.

¹⁶³ Ek haat en verafsku valsheid,
maar u wet het ek lief.

¹⁶⁴ Sewe keer per dag loof ek U
oor u regverdige beslissings.

¹⁶⁵ *Groot vrede is daar vir hulle
wat u wet liefhet;
vir hulle is daar geen struikelblokke nie.

¹⁶⁶ Ek vestig my hoop op u verlossing, HERE,
en ek voer u bevele uit.

¹⁶⁷ Ek onderhou u bepalings,
ja, ek het dit baie lief.

¹⁶⁸ Ek onderhou u opdragte en u bepalings,
want al my paaie lê oop en bloot voor U.

⚡ *TAW*

¹⁶⁹ Laat my hulpkrete U bereik, HERE;
gee my insig ooreenkomstig u woord.

¹⁷⁰ Laat my smeekgebed voor U kom;
red my volgens u belofte.

¹⁷¹ My lippe laat lofprysing uitstroom,
want U leer my u voorskrifte.

¹⁷² My tong moet u woord besing,
want al u gebooie is regverdig.

¹⁷³ Laat u hand my te hulp kom,
want ek verkies u opdragte.

¹⁷⁴ Ek sien uit na u verlossing, HERE;
u wet is my vreugde.

¹⁷⁵ Hou my lewend sodat ek U kan loof
en laat u beslissings my help.

¹⁷⁶ Ek dwaal rond soos 'n verlore skaap;
soek tog u dienskneg.

U gebooie vergeet ek immers nie.

120

¹ 'n Pelgrimslied.^o

Na die HERE het ek in my nood geroep
en Hy het my geantwoord.

² HERE, bevry my
van lippe wat lieg,
van 'n tong wat bedrieg.

³ Wat moet Hy jou gee,
en wat moet Hy byvoeg, bedrieglike tong?

^o120:1 •*Pelgrimslied*: Psalm 120 — 134 is 'n versameling liedere wat waarskynlik gesing is deur mense op pad na Jerusalem om 'n fees by te woon.

⁴ Die skerp-gemaakte pyle van 'n held
saam met gloeiende besemboskole!

⁵ Wee my, want ek vertoef as 'n vreemdeling^p in Mesek;
ek woon by die tente van Kedar.

⁶ Te lank woon ek by hulle wat vrede haat.

⁷ Ek is ten gunste van vrede,^q maar wanneer ek praat,
is hulle gereed vir oorlog.

121

¹ 'n •Pelgrimslied.

Ek kyk op na die berge:

Waar sal my hulp vandaan kom?

² My hulp is van die HERE,
wat hemel en aarde gemaak het.

³ Hy sal nie toelaat dat jou voet struikel nie;
jou Beskermer sal nie insluimer nie.

⁴ Kyk, die Beskermer van Israel
sluimer nie in nie en Hy slaap nie.

⁵ Die HERE is jou Beskermer;
die HERE is jou skaduwee aan jou regterhand.^r

^p120:5 *vreemdeling*: Dit is 'n persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. •Vreemdelinge wat tydelike verblyfreg by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet (Lev 19:34).

^q120:7 *Ek ... vrede*: Die bronteks lui “Ek is vrede”.

^r121:5 *aan ... regterhand*: Die •regterhand verwys hier na die onbeskermdede kant; 'n soldaat het sy skild in sy linkerhand gedra.

⁶ Bedags sal die son jou nie dodelik tref nie,
en snags ook nie die maan nie.^s

⁷ Die HERE sal jou beskerm teen elke onheil;
Hy sal jou lewe beskerm.

⁸ Die HERE sal jou uitgaan en jou terugkeer^t beskerm
van nou af en vir altyd.

122

¹ *'n •Pelgrimslied. Van Dawid.

Ek was bly toe hulle vir my gesê het:

“Kom ons gaan na die huis van die HERE.”

² My voete staan in jou poorte, Jerusalem,

³ Jerusalem, gebou as 'n stad

wat as 'n eenheid saamgebind is,^u

⁴ waarheen stamme optrek, die stamme van die HERE,

soos aan Israel voorgeskryf is,

om die Naam van die HERE te loof.

⁵ Want daar staan trone vir regspraak,

die trone van die huis van Dawid.

^s121:6 *Bedags ... maan nie*: Die son en maan is in Bybelse tye dikwels as gode beskou.

^t121:8 *uitgaan ... terugkeer*: Dit verwys na 'n militêre veldtog waar die manskappe uit die stad gaan en weer na die stad terugkeer.

*122:1-5 Joh 4:20

^u122:3 *gebou as ... saamgebind is*: Die bronteks lui “soos 'n stad wat gesamentlik aan haar verbind is”.

⁶ Vra vrede vir Jerusalem:

“Mag dié wat jou liefhet, rustig leef;

⁷ mag daar vrede wees by jou verdedigingswal,
rustigheid in jou vestings.”

⁸ Ter wille van my •broers en vriende sê ek graag:

“Mag daar vrede in jou wees!”

⁹ Ter wille van die huis van die HERE ons God

wil ek die goeie vir jou nastreef.

123

¹ 'n •Pelgrimslied.

Na U kyk ek op, U wat in die hemel heers.

² Kyk, soos die oë van slawe

gerig is op die hand van hulle eienaar,

soos die oë van 'n slavin

gerig is op die hand van haar eienares,

so is ons oë gerig op die HERE ons God

totdat Hy ons genadig is.

³ Wees ons genadig, HERE, wees ons genadig;

want ons het meer as genoeg gehad van minagting;

⁴ ons het meer as genoeg gehad

van die spotlag van selfvoldane mense,

van die minagting deur hooghartiges.

124

¹ 'n •Pelgrimslied. Van Dawid.

As die HERE nie vir ons was nie

— laat Israel dit sê —

² as die HERE nie vir ons was

toe mense teen ons opgestaan het nie,

³ dan het hulle ons lewendig ingesluk

toe hulle woede teen ons ontbrand het;

⁴ dan het die water ons oorspoel,

'n stroom ons oorweldig;

⁵ dan het die tierende waters ons lewens oorweldig.

⁶ Die HERE moet geprys word,

Hy wat ons nie as prooi

aan hulle tande oorgegee het nie.

⁷ Ons het soos 'n voël ontvlug

uit die net van voëlvangers:

Die net is gebreek en ons, ons het ontvlug.

⁸ Ons hulp is in die Naam van die HERE

wat hemel en aarde gemaak het.

125

¹ 'n •Pelgrimslied.

Hulle wat op die HERE vertrou,

is soos die Sionsberg wat nie wankel nie;

vir altyd staan dit vas.

² Jerusalem word omring deur berge;

die HERE omring sy volk

van nou af tot in ewigheid.

³ Ja, die goddelose septer^v sal nie rus
op wat aan die regverdiges toegeken is nie,
sodat die regverdiges nie dalk
hulle hande na onreg uitsteek nie.

⁴ HERE, doen goed aan die goeies,
aan dié wat opreg is in hulle harte.

⁵ Maar dié wat afdraai op kronkelpaaie —
die HERE sal hulle laat gaan
saam met dié wat onreg pleeg.

Vrede oor Israel!*

126

¹ 'n •Pelgrimslied.

Toe die HERE die lot van Sion verander het,
was ons soos mense wat droom.

² Daarna is ons monde met gelag gevul,
ons tonge het gejuig,
en onder die nasies is gesê:

“Die HERE het iets groots gedoen
aan hierdie mense.”

³ Die HERE het iets groots aan ons gedoen.
Ons was verheug.

^v125:3 *goddelose septer*: Dit dui hier op 'n 'goddelose regering'.

^{*}125:5 *Vrede ... Israel*: Gal 6:16

⁴ Verander weer ons lot, HERE,
soos stroombeddings in die Negev.^w

⁵ *Dié wat met trane saai,
sal met gejuig maai.

⁶ Die een wat uitgaan en al huilende
die leersak met saad dra,
sal sekerlik terugkom met 'n gejuig
terwyl hy sy gerwe dra.

127

¹ 'n •Pelgrimslied. Van Salomo.

As die HERE die huis nie bou nie,
swoeg die bouers tevergeefs daaraan.
As die HERE oor die stad nie wag hou nie,
bly die wagte tevergeefs wakker.

² Dit is tevergeefs dat julle vroeg op is,
julleself nie tyd gun om te sit nie
en met inspanning brood verdien —
Hy gee slaap aan wie Hy liefhet.^x

³ Kyk, seuns is 'n erfdeel wat van die HERE kom;
die vrug van die moederskoot is 'n beloning.

^w126:4 *soos ... Negev*: Droë stroombeddings in die •Negev-woestyn kan ná stortreën in die winter binne oomblikke strome water word.

^{*}126:5-6 Luk 6:21

^x127:2 *Hy gee ... liefhet*: Kan ook vertaal word “so gee Hy dit in die slaap aan wie Hy liefhet”.

⁴ Soos pyle in die hand van 'n krygsman,
so is die seuns van jou jeug.

⁵ Hoe gelukkig is die man
wat sy pylkoker met hulle gevul het.

Hulle sal nie beskaamd staan
wanneer hulle met vyande
in die stadspoort woorde wissel nie.

128

¹ 'n •Pelgrimslied.

Hoe gelukkig is elkeen
wat vir die HERE ontsag het,
wat sy paaie volg!

² Die vrug van jou handewerk sal jy geniet.
Hoe gelukkig is jy!
Dit gaan goed met jou.

³ Jou vrou is soos 'n vrugbare wingerdstok
in die binnekamers^y van jou huis.

Jou kinders is soos olyfboompies om jou tafel.

⁴ Kyk, so sal die man geseën word
wat vir die HERE ontsag het.

⁵ Mag die HERE jou seën uit Sion;
mag jy, solank jy lewe, Jerusalem sien gedy,

⁶ en mag jy jou kinders se kinders sien.

^y128:3 *binnekamers*: Dit was die slaapvertrekke, in die agterste deel van die huis.

129

¹ 'n •Pelgrimslied.

Van my jeug af het hulle my dikwels aangeval

— laat Israel dit sê —

² van my jeug af het hulle my dikwels aangeval,

en tog het hulle my nie oorwin nie.

³ Ploeërs het oor my rug geploeg,

hulle ploegvore lank getrek;

⁴ maar die HERE is regverdig —

Hy het die goddelose mense se toue stukkend gesny.

⁵ Mag almal wat Sion haat,

beskaamd staan en terugdeins.

⁶ Mag hulle wees soos gras op dakke,

wat verdroog voordat dit uitgetrek word,

⁷ wat nooit die handpalm vul van een wat oes,

of die vou van die kleed^z

van een wat gerwe bind nie.

⁸ En mag verbygangers nooit sê nie:

“Die seën van die HERE vir julle;

ons seën julle in die Naam van die HERE.”

*128:6 *Vrede ... Israel*: Gal 6:16

^z129:7 *vou ... kleed*: Dit verwys na die vou van die klere voor die bors wat as 'n sak kon dien.

130

¹'n •Pelgrimslied.

Uit die dieptes roep ek na U, HERE.

² My Heer, hoor tog my stem,
laat u ore aandagtig luister na my smeekgebed.

³ As U sondeskuld in ag neem, HERE —
my Heer, wie kan dan staande bly?

⁴ Maar by U is daar vergifnis,
sodat mense vir U ontsag het.

⁵ Ek wag op die HERE; my hele wese wag,
en op sy woord vestig ek my hoop.

⁶ My hele wese sien uit na my Heer,
meer as wat wagte uitsien na die môre,
ja, as wagte na die môre.

⁷ Israel, vestig jou hoop op die HERE;
want by die HERE is troue liefde,
by Hom is bevryding in oorvloed.

⁸*Dit is Hy wat Israel bevry van al sy sondeskuld.

131

¹'n •Pelgrimslied. Van Dawid.

HERE, my hart is nie hoogmoedig

*130:8 Tit 2:14; Op 1:5

en my oë nie verwaard nie.
Ek hou my nie besig met groot dade
of wonderwerke bo my vermoë nie.
² Nee, ek het my gemoed
tot kalmte en bedaring gebring.
Soos 'n kindjie^a by sy ma,
soos 'n kindjie, is my gemoed in my.

³ Israel, vestig jou hoop op die HERE,
van nou af en vir altyd.

132

¹*'n •Pelgrimslied.

HERE, onthou tog, ter wille van Dawid,
alles wat hy opgeoffer het;
² dat hy teenoor die HERE 'n eed geneem het,
aan die Magtige van Jakob 'n gelofte afgelê het:
³ “Ek sal nie ingaan in die tent waar ek woon;
ek sal nie op my bed gaan lê,
⁴ ek sal my oë nie toelaat om te slaap
of my ooglede om in te sluimer nie,
⁵ totdat ek vir die HERE 'n plek gevind het,
'n woning vir die Magtige van Jakob.”

^a131:2 *Soos ... kindjie*: Die bronteks lui “Soos 'n gespeende”.

*132:1-5 Hand 7:45-46

⁶ Kyk, ons het daarvan gehoor in Efrata,
dit gevind in die velde van Jaär.*

⁷ Laat ons sy woning binnegaan
en in aanbidding buig voor die voetbank vir sy voete.

⁸ Staan op, HERE, gaan na u rusplek,
U en u magtige •verbondsark.

⁹ U priesters moet geklee wees in •geregtigheid,
u troue volgelinge moet juig.

¹⁰ Ter wille van u dienskneg Dawid,
moet U tog nie u gesalfde wegwys nie.

¹¹ *Die HERE het aan Dawid trou gesweer
en Hy sal nie dit nie herroep nie:

“Van jóú nasate sal Ek op jou troon laat sit.

¹² As jou seuns my verbond nakom
en my bepalings wat Ek hulle leer,
sal ook hulle seuns vir altyd op jou troon sit.”

¹³ Ja, die HERE het Sion uitgekies;

Hy begeer dit as sy woonplek:

¹⁴ “Dit is my rusplek vir altyd;
hier wil Ek woon, want Ek begeer dit.

¹⁵ Sion se voedselvoorraad sal Ek ryklik seën;
haar behoefdiges sal Ek met brood versadig;

¹⁶ haar priesters sal Ek met verlossing beklee

*132:6 1 Sam 4:1 — 6:16

*132:11 Hand 2:30

en haar troue volgelinge sal uitbundig juig.

¹⁷ Daar sal Ek vir Dawid 'n horing laat uitgroeï;^b
Ek het 'n lamp gereedgemaak vir my gesalfde.

¹⁸ Sy vyande sal Ek met skande bekleë,
maar sy •kroon sal op hom skitter.”

133

¹ 'n •Pelgrimslied. Van Dawid.

Kyk hoe goed, hoe mooi is dit
as •broers eensgesind saam woon.

² Dit is soos kosbare olie op die kop
wat afloop op die baard,
die baard van Aäron,
wat afloop oor die kraag van sy klere.

³ Dit is soos 'n Hermonsdou
wat afkom op die Sionsberge;
want daar beveel die HERE sy seën,
lewe vir altyd.

134

¹ 'n •Pelgrimslied.

*Kom!

Prys die HERE, julle almal,

^b132:17 'n horing ... uitgroeï: Dit verwys na 'n toekomstige koning in Jerusalem. 'n Horing was 'n simbool van krag en aansien.

*134:1 Op 19:5

diensknegte van die HERE,
wat snags diens verrig in die huis van die HERE.
² Hef julle hande op in die heiligdom
en prys die HERE.

³ Mag die HERE jou seën uit Sion,
Hy wat hemel en aarde gemaak het.

135

¹ *Halleluja!
Loof die Naam van die HERE!
Loof Hom, diensknegte van die HERE,
² wat diens verrig in die huis van die HERE,
in die voorhowe van die huis van ons God.
³ Loof die HERE, want die HERE is goed;
besing sy Naam, want dit is lieflik;
⁴ want die HERE het Jakob vir Hom uitgekies,
Israel as sy persoonlike eiendom.

⁵ Ja, ek, ek weet dat die HERE groot is,
dat ons Heer groter is as al die gode.
⁶ Alles wat die HERE behaag, doen Hy
in die hemel en op die aarde,
in die oseane en alle dieptes.
⁷ Hy laat stapelwolke opstyg
aan die eindere van die aarde;

*135:1 Op 19:5

Hy maak weerligstrale vir die reën;

Hy laat die wind uit sy voorraadkamers vry;

⁸ Hy wat die eersgeborenes van Egipte getref het,
die eersgeborenes van mens en dier.

⁹ Hy het tekens en wonders
in jou midde verrig, Egipte,
teen die farao en al sy amptenare,

¹⁰ Hy wat baie nasies getref
en magtige konings doodgemaak het:
¹¹ Sihon, die koning van die Amoriete,
Og, die koning van Basan
en al die konings van Kanaän.

¹² En Hy het hulle land as erfdeel gegee,
as 'n erfdeel aan Israel, sy volk.

¹³ HERE, u Naam is vir ewig;

HERE, u gevierde Naam duur van geslag tot geslag.

¹⁴ Want die HERE laat reg geskied aan sy volk;*
oor sy diensknegte ontferm Hy Hom.

¹⁵ *Die afgode van die nasies is silwer en goud,
die werk van mensehande.

¹⁶ Hulle het monde, maar kan nie praat nie,
oë, maar kan nie sien nie.

¹⁷ Hulle het ore, maar kan nie hoor nie;

*135:14 *Want ... volk*: Deut 32:35; Heb 10:30; Rom 12:19

*135:15-17 Deut 32:17; Ps 115:4-7; Dan 5:23; 1 Kor 10:19-20; Op 9:20

daar is ook glad nie asem in hulle monde nie.

¹⁸ Hulle makers sal net soos hulle word —
ja, elkeen wat op hulle vertrou.

¹⁹ Huis van Israel, prys die HERE!

Huis van Aäron, prys die HERE!

²⁰ Huis van Levi, prys die HERE!

Wie vir die HERE ontsag het,
prys die HERE!

²¹ Die HERE moet geprys word uit Sion,
Hy wat in Jerusalem woon.

Halleluja!

136

¹ Loof die HERE, want Hy is goed
— want vir ewig duur sy troue liefde —

² loof die God van die gode
— want vir ewig duur sy troue liefde —

³ loof die Heer van die HERE
— want vir ewig duur sy troue liefde.

⁴ Loof Hom, die enigste wat groot wonders doen
— want vir ewig duur sy troue liefde —

⁵ wat met vernuf die hemel gemaak het
— want vir ewig duur sy troue liefde —

⁶ wat die aarde oor die waters uitgespan het
— want vir ewig duur sy troue liefde —

⁷ wat die groot ligte gemaak het
— want vir ewig duur sy troue liefde —
⁸ die son om te heers in die dag
— want vir ewig duur sy troue liefde —
⁹ die maan en sterre om te heers in die nag
— want vir ewig duur sy troue liefde.

¹⁰ Loof Hom wat Egipte getref het
deur hulle •eersgeborenes
— want vir ewig duur sy troue liefde —
¹¹ en Israel uit hulle midde gelei het
— want vir ewig duur sy troue liefde —
¹² met 'n sterk hand en uitgestrekte arm
— want vir ewig duur sy troue liefde.

¹³ Loof Hom wat die Rietsee in twee gesny het
— want vir ewig duur sy troue liefde —
¹⁴ en Israel in die middel laat deurtrek het
— want vir ewig duur sy troue liefde —
¹⁵ maar die farao en sy leër
in die Rietsee afgeskud het
— want vir ewig duur sy troue liefde.

¹⁶ Loof Hom wat sy volk deur die woestyn^c gelei het
— want vir ewig duur sy troue liefde —
¹⁷ groot konings verslaan het

^c**136:16** *woestyn*: Dit verwys na 'n onbewoonde, onherbergsame gebied waar skape en bokke soms gewei het.

— want vir ewig duur sy troue liefde —
¹⁸ magtige konings gedood het
— want vir ewig duur sy troue liefde —
¹⁹ Sihon, die koning van die Amoriete
— want vir ewig duur sy troue liefde —
²⁰ en Og, die koning van Basan
— want vir ewig duur sy troue liefde.

²¹ Loof Hom wat hulle land as erfdeel gegee het
— want vir ewig duur sy troue liefde —
²² as erfdeel aan Israel sy dienskneg
— want vir ewig duur sy troue liefde —
²³ wat in ons vernedering aan ons gedink het
— want vir ewig duur sy troue liefde —
²⁴ en ons van ons teenstanders weggeruk het
— want vir ewig duur sy troue liefde —
²⁵ wat kos gee aan alles wat leef
— want vir ewig duur sy troue liefde.

²⁶ Loof die God van die hemel
— want vir ewig duur sy troue liefde!

137

¹ Aan die riviere van Babel,
daar het ons gesit en gehuil
wanneer ons aan Sion dink.

² Aan die rivierwilgers in daardie land^d

het ons ons liere opgehang;

³ want daar het ons ontvoerders

vir ons die woorde van 'n lied gevra;

ja, hulle wat ons weggevoer het,^e

het 'n vrolike lied gevra:

“Sing vir ons van die Sionsliedere!”

⁴ Hoe kan ons 'n lied van die HERE sing

op vreemde grond?

⁵ As ek jou vergeet, Jerusalem,

mag my regterhand dan vergeet hoe om te speel.^f

⁶ Mag my tong aan my verhemelte kleef,

as ek jou nie onthou nie,

as ek Jerusalem nie

my heel grootste vreugde maak nie.

⁷ HERE, onthou die dag van Jerusalem,^{*}

die Edomiete wat sê: “Stroop,

stroop haar tot op die fundamente!”

⁸ *Dogter van Babel, gedoem tot verwoesting,

^d137:2 *in ... land*: Die bronteks lui “in haar midde”.

^e137:3 *weggevoer het*: Die lesing van die LXX word hier gevolg. Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid.

^f137:5 *hoe ... speel*: Dit kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*137:7 *dag ... Jerusalem*: Ob vs 10-14; Eseg 25:12-14

*137:8 Jer 50:29; 2 Thess 1:6; Op 18:6

gelukkig die een wat jou vergeld

vir wat jy aan ons gedoen het!

⁹*Gelukkig die een wat jou kinders gryp

en verpletter teen 'n rotswand!

138

¹Van Dawid.

Ek wil U loof met my hele hart;

voor die gode wil ek U met begeleiding prys.

² Ek wil in aanbidding buig na u heilige tempel;

ek wil u Naam loof oor u troue liefde,

oor u betroubaarheid;

want U het u Naam, u woord, groot gemaak bo alles.⁹

³ Op die dag wanneer ek roep, antwoord U my;

U besiel my met innerlike krag.

⁴ Al die konings van die aarde moet U loof, HERE,

wanneer hulle die woorde van u mond hoor.

⁵ Hulle moet die weë van die HERE besing:

“Groot is die majesteit van die HERE.

⁶ Ja, verhewe is die HERE,

maar nederiges sien Hy raak

en hoogmoediges ken Hy van ver af.”

*137:9 Luk 19:44

⁹138:2 *u Naam, u ... alles*: Oor die betekenis van die bronteks is daar onsekerheid.

⁷ As ek in nood verkeer,
beskerm U my lewe
teen die woede van my vyande;
steek U u hand uit,
verlos u regterhand^h my.

⁸ Die HERE tree vir my in.

HERE, u troue liefde duur vir ewig;
moet tog nie u handewerk laat vaar nie!

139

¹ Vir die •musiekleier. Van Dawid. 'n Psalm.

*HERE, U ondersoek my en U ken my.

² U ken my sit en my opstaan;
van ver af verstaan U wat ek in gedagte het.

³ My omswerwinge en waar ek rus —
U het dit afgemeet;
al my paaie is aan U bekend.

⁴ Ja, daar is nog nie eers 'n woord op my tong nie,
of U, HERE, ken dit volledig.

⁵ Van agter en van voor omsluit U my;
U plaas u handpalms op my.

⁶ Om dit te verstaan, is 'n te groot wonder vir my;

^h138:7 *regterhand*: Omdat die •regterhand gewoonlik die sterkste hand is, is dit dikwels uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here.

*139:1 Rom 8:27; 1 Kor 4:5

dit is te hoog, ek kan dit nie begryp nie.

⁷ Waarheen kan ek gaan, weg van u Gees;
waarheen kan ek vlug, weg van u teenwoordigheid?

⁸ Klim ek op na die hemel — U is daar;
gaan lê ek in die doderykⁱ — ook daar is U!

⁹ Neem ek die vlerke van die daeraad,
gaan woon ek by die einde van die see;

¹⁰ ook daar sal u hand my lei,
u regterhand^j my vashou.

¹¹ En al sê ek,
“As duisternis my maar net wil oorval,
en die lig om my nag word”,

¹² is selfs duisternis nie vir U donker nie,
maar skyn nag so lig soos die dag,
is die duisternis soos die lig.

¹³ Dit is immers U wat my niere geskep het,
my in my ma se buik geweef het.

¹⁴ Ek loof U omdat ek
'n ontsagwekkende wonderwerk is.

Wonderbaarlik is u werke
en ek besef dit maar te goed.*

ⁱ139:8 *doderyk*: In die tyd van die Bybel het mense gedink daar is 'n plek onder die aarde waarheen die mense wat sterf, afdaal.

^j139:10 *regterhand*: Omdat die •regterhand gewoonlik die sterkste hand is, is dit dikwels uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here.

¹⁵ My skelet was nie vir U verborge nie
toe ek in die geheim gemaak is,
toe ek kunstig aanmekaar geweef is
in die dieptes van die aarde.

¹⁶ U oë het my vormlose ledemate gesien,
en in u •boekrol is hulle almal opgeskryf —
in die dae toe hulle gevorm is
en nie een van hulle daar was nie.

¹⁷ En vir my, hoe moeilik is u gedagtes, o God,
hoe oorweldigend is die volle getal daarvan.

¹⁸ As ek dit wil tel, is dit meer as die sand.
Word ek wakker, dan is ek nog by U.

¹⁹ As U goddelose mense maar wou ombring, o God!
Bloeddorstiges, gaan weg van my af!

²⁰ Dit is hulle wat bedrieglike dinge oor U sê,
u vyande wat u Naam ydellik gebruik.

²¹ *Sou ek u haters nie haat nie, HERE,
in hulle wat teen U opstaan, nie 'n weersin hê nie?

²² Dit is 'n volkome haat waarmee ek hulle haat;
vyande het hulle vir my geword.

²³ Ondersoek my, o God, en ken my hart;
toets my, en ken my ontstellende gedagtes.

*139:14 *Wonderbaarlik ... goed*: Eks 15:11; Ps 92:6; 111:2; Op 15:3

*139:21 Op 2:6

²⁴ Kyk of ek nie op 'n pad van verdriet is nie,^k
en lei my op die ou beproefde pad.

140

¹ Vir die •musiekleier. 'n Psalm. Van Dawid.

² Red my, HERE, van slegte mense;

hou my veilig teen geweldenaars,

³ *hulle wat in hulle harte booshede beplan,

wat elke dag gevegte aanhits.

⁴ Hulle maak hulle tonge so skerp soos dié van slange;

die gif van adders skuil agter hulle lippe. •*Sela*

⁵ HERE, beskerm my

teen die hande van goddelose mense;

hou my veilig teen geweldenaars

wat beplan om my voete te laat ontspoor.

⁶ Hoogmoediges het in die geheim

vir my 'n vangnet gespan;

met toue het hulle 'n net langs die pad oopgesprei;

vangstrikke het hulle vir my gestel. *Sela*

⁷ Ek het vir die HERE gesê: “U is my God;

HERE, luister na my smeekgebed.

⁸ HERE, my Heer, die krag wat my verlos,

U beskut my kop in 'n tyd van oorlog.

^k139:24 *Kyk ... is nie*: Die bronteks kan ook vertaal word “Kyk of ek nie dalk vals gode dien nie ...”

^{*}140:3-4 Ps 5:10; 10:7; Rom 3:13-14; Jak 3:8

⁹ HERE, gee tog nie die goddelose mense
wat hulle begeer nie;
hulle bouse planne, laat dit nie slaag nie.

Hulle sal verwaand raak. *Sela*

¹⁰ Die koppe van hulle wat my omring,
laat dit oordek word met die onheil
wat hulle ander toewens.”¹

¹¹ Mag Hy vurige kole op hulle laat reën.^m

Mag Hy hulle in die vuur laat val, in bodemlose putte.

Mag hulle nie weer opstaan nie.

¹² Mag lasteraars nie in die land gevestig raak nie;
mag een ná die ander ramp geweldenaars inhaal.

¹³ Ek weet:

Die HERE behartig die regsak van magteloses,
die reg van behoeftiges.

¹⁴ Waarlik, regverdiges sal u Naam loof;
opregtes sal in u teenwoordigheid woon.

141

¹ 'n Psalm. Van Dawid.

HERE, ek roep U aan; kom gou na my toe!

Luister na my stem wanneer ek na U roep.

¹140:10 *onheil ... toewens*: Die bronteks lui “die onheil van hulle lippe”.

^m140:11 *Mag ... reën*: Die bronteks lui “Mag hulle geskud word, vurige kole oor hulle”.

²*Mag my gebed bestendig voor U wees
soos die reukoffer,
my opgehefde hande
soos die aandoffer.

³*HERE, plaas 'n wag voor my mond,
bewaak tog die deur van my lippe.

⁴Moet my hart nie laat neig na iets wat sleg is nie,
sodat ek nie deur 'n misstap roekeloos optree
saam met manne wat onreg pleeg nie;
laat ek tog nie aan hulle lekkernye proe nie.

⁵ⁿn Regverdige kan my maar in liefde slaan
en my tereg wys —
dit is salwende olie;^o
my hoof mag dit nie weier nie.

Maar nogtans:

My gebed sal voortduur,
te midde van hulle booshede.^p

⁶Al sou hulle regeerders van 'n krans afgegooi word,
sou hulle nog hoor dat my woorde aangenaam is.

⁷Soos wanneer iemand klippe kap

*141:2 Op 5:8; 8:3,4

*141:3 Jak 1:26

ⁿ141:5-7 Oor die betekenis van die bronteks is daar onduidelikheid.

^o141:5 *salwende olie*: Die bronteks lui “olie van 'n kop”.

^p141:5 *hulle booshede*: Verwys na die mense wat onreg pleeg; vgl vs 4.

en splyt op die grond,
lê ons beendere uitgestrooi
by die ingang van die •doderyk.

⁸ Maar op U bly my oë gerig, HERE, my Heer —
by U skuil ek, moenie my lewe uitgiet nie.

⁹ Beskerm my teen die greep van die vangnet
wat hulle vir my gespan het,
teen die valstrikke van hulle wat onreg pleeg.

¹⁰ Laat goddeloses in hulle eie vangnette val,
terwyl ek alleen daar verbygaan.

142

¹ 'n *Maskiel*.^q Van Dawid. Toe hy in die grot was.* 'n Gebed.

² Na die HERE roep ek hardop om hulp;
by die HERE pleit ek hardop om genade.

³ Ek stort voor Hom my klag uit;
voor Hom maak ek my nood bekend.

⁴ Wanneer my gees in my wegkwyn,
is dit U wat my pad ken.

Op die pad wat ek moet loop,
het hulle in die geheim 'n vangnet vir my gespan.

⁵ As ek regs kyk, sien ek^r

^q142:1 *Maskiel*: 'n Tegnieese term wat moontlik aandui dat die psalm vir onderrig gebruik is.

^{*}142:1 *Toe ... was*: 1 Sam 22:1; 1 Sam 24

^r142:5 *As ... sien ek*: Die LXX en verskillende ou vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “Kyk regs en sien”.

niemand is my goedgesind nie.
'n Plek vir ontvlugting is vir my verlore;
niemand is begaan oor my lewe nie.

⁶ Ek roep na U om hulp, HERE.
Ek sê: “U is my skuilplek,
my deel in die land van die lewendes.
⁷ Gee tog aandag aan my gesmeek,
alhoewel ek baie nietig is.
Red my van my vervolgers,
want hulle is te sterk vir my.
⁸ Lei my uit gevangenskap,
dat ek u Naam kan loof.
Regverdiges sal om my saamkom
as U aan my goed doen.”

143

¹ 'n Psalm. Van Dawid.

HERE, hoor my gebed, luister na my smeking;
antwoord my in u trou met u regverdige optrede.
² Moet net nie u dienskneg voor die gereg daag nie;
want niemand wat leef, is voor U regverdig nie.*
³ Ja, vyande agtervolg my,
hulle verpletter my lewe teen die grond;

*143:2 *want ... regverdig nie*: Rom 3:20; 1 Kor 4:4; Gal 2:16

hulle laat my woon in donker plekke,
soos mense wat lankal dood is.

⁴ My gees kwyn weg in my;
in my binneste is my hart verbyster.

⁵ Ek dink aan dae lank gelede,
ek mymer oor al u dade;
oor die werk van u hande dink ek na.

⁶ Ek strek my hande na U uit;
my •siel smag na U soos dor grond. •*Sela*

⁷ U moet my gou antwoord, HERE;
my gees is gedaan.

Moet tog nie u gesig vir my verberg nie;
dan word ek net soos hulle wat in die put^s afdaal.

⁸ Laat ek in die môre van u troue liefde bewus word,
want op U vertrou ek.

Wys my die pad wat ek moet loop —
na U is my verlange.

⁹ Red my van my vyande, HERE;
na U vlug ek.^t

¹⁰ Leer my om te doen wat vir U aanvaarbaar is,
want U is my God.

U goeie Gees moet my lei op gelyk grond.

¹¹ Ter wille van u Naam, HERE,

^s143:7 *die put*: Dit verwys na die •doderyk.

^t143:9 *na ... ek*: Die LXX en 'n Hebreeuse manuskrip word hier gevolg. Die bronteks lui “na U het ek bedek”.

moet U my in die lewe hou;
deur u regverdige optrede
moet U my uitlei uit die nood;
¹² en in u troue liefde moet U my vyande vernietig.
Maak almal tot niet wat my lewe bedreig,
want ek is u dienskneg.

144

¹ Van Dawid.

Die HERE, my rots, moet geprys word,
Hy wat my hande leer om te veg,
my vingers om oorlog te maak.
² Hy is my vertroueling, my bergskuiling,
my toevlugsoord,
my bevryder, my skild by wie ek skuil —
Hy wat volke^u aan my onderwerp.

³ HERE, wat is 'n mens dat U hom versorg,
'n sterfling dat U hom in ag neem?

⁴ 'n Mens is soos 'n asemteug,
sy lewensdae soos 'n vlugtige skaduwee.

⁵ HERE, buig u hemel af en daal neer;
raak die berge aan, sodat hulle rook.

⁶ Laat weerligte flits en dryf hulle uitmekaar;

^u144:2 *volke*: Hierdie lesing volg verskeie Hebreeuse manuskripte, die Qumran-manuskrip asook verskillende ou vertalings. Die bronteks lui “my volk”.

stuur u pyle en bring hulle in verwarring.

⁷ Reik met u hand uit die hoogte,
bevry my en red my uit die watermassa,
uit die hand van •vreemdelinge

⁸ wie se monde onsin verkondig
en wie se regterhande bedrieglik is.

⁹ O God, 'n nuwe lied* wil ek vir U sing,
op die tiensnarige harp wil ek vir U speel —

¹⁰ U wat aan konings die oorwinning gee,
wat Dawid, u dienskneg,
bevry van 'n dodelike swaard.

¹¹ Bevry my en red my uit die mag van vreemdelinge
wie se monde onsin verkondig
en wie se regterhande bedrieglik is;

¹² sodat ons seuns soos volgroeide plante
kan wees in hulle jeug,
ons dogters soos hoekpilare,
uitgekerf, geskik vir 'n paleis;

¹³ sodat ons graanskure vol kan wees
van alle soorte kosvoorraad,
ons kleinvee met duisende,
met tienduisende, kan vermeerder
in ons oop weivelde,

¹⁴ en ons beeste swaar dragtig kan wees;
met geen bres in ons mure nie,

*144:9 *nuwe lied*: Ps 33:3; 40:4; 96:1; 98:1; 149:1; Jes 42:10; Op 5:9; 14:3

geen veldtogte
en geen gejammer op ons pleine nie.

¹⁵ Hoe gelukkig is die volk met wie dit so gaan;
hoe gelukkig is die volk wie se God die HERE is!

145

¹ 'n Loflied. Van Dawid.

⌘ *ALEF*

Ek wil U verheerlik, o Koning, my God;
ek wil u Naam prys vir altyd en ewig.

⌘ *BET*

² Elke dag wil ek U prys
en u Naam loof vir altyd en ewig.

⌘ *GIMEL*

³ Groot is die HERE en baie lofwaardig;
sy grootheid is ondeurgrondelik.

⌘ *DALET*

⁴ Geslag ná geslag besing u werke;
u magtige dade verkondig hulle.

⌘ *HE*

⁵ Oor die glans van u luisterryke majesteit
en die woorde van u wonders wil ek nadink.

⌘ *WAW*

⁶ Oor die krag van u ontsagwekkende dade
praat mense;
van u grootheid wil ek vertel.

י *ZAJIN*

⁷ Oor herinneringe aan u groot goedheid
sal hulle uitwei;
oor u regverdige optrede sal hulle juig.

π *GET*

⁸ Genadig en barmhartig is die HERE,
geduldig en groot in troue liefde.

ϐ *TET*

⁹ Die HERE is goed vir almal,
en sy barmhartigheid strek oor al sy werke.

י *JOD*

¹⁰ HERE, al u werke loof U,
en u troue volgelinge prys U.

כ *KAF*

¹¹ Oor die majesteit van u koningskap praat hulle
en u mag verkondig hulle;

ל *LAMED*

¹² sodat die mensdom kan kennis neem
van u magtige daede,
van die majesteit van u glansryke koningskap.

מ *MEM*

¹³ U koningskap strek oor alle ewighede,
u heerskappy duur deur al die komende geslagte.^v

^v145:13 *geslagte*: 'n Vers wat met die letter *Nun* begin, ontbreek na vs 13. In 'n Hebreeuse handskrif, die LXX en die Siriese vertaling is dit wel behou. Dit lui "Die Here is getrou aan al sy woorde en genadig in al sy daede".

o *SAMEK*

¹⁴ Die HERE ondersteun almal wat val,
en help almal op wat terneergedruk is.

ʘ *AJIN*

¹⁵ Alle oë kyk vol verwagting na U,
en U gee vir hulle kos op tyd.

o *PE*

¹⁶ Wanneer U u hand oopmaak,
versadig U al wat lewe met wat hulle wil hê.

ʘ *TSADE*

¹⁷ Regverdig is die HERE in al sy weë*
en getrou aan alles wat Hy gemaak het.

ʘ *KOF*

¹⁸ *Die HERE is naby almal wat Hom aanroep,
almal wat Hom in waarheid aanroep.

ʘ *RESJ*

¹⁹ Hy vervul die wens van dié wat vir Hom ontsag het;
hulle hulpgeroep hoor Hy, en Hy verlos hulle.

ʘ *SJIN*

²⁰ Die HERE beskerm almal wat Hom liefhet,
maar al die goddelose mense vernietig Hy.

ʘ *TAW*

²¹ My mond sal die lof van die HERE verkondig;
alle mense moet sy heilige Naam prys
vir altyd en ewig.

*145:17 *Regverdig ... weë*: Deut 32:4; Op 15:3

*145:18 Jer 23:23; Hand 17:27

LOFPRYsing

*(Ps 146 — 150)*¹ Halleluja!

Ek moet die HERE loof!

² Ek wil die HERE loof solank ek leef;
ek wil my God besing solank ek bestaan.³ Moenie op vooraanstaande mense vertrou nie,
op mensekinders
by wie daar geen verlossing is nie.⁴ Hulle asem gaan uit, hulle keer terug na die grond;
op daardie dag is hulle planne daarmee heen.⁵ Hoe gelukkig is die mens
wat die God van Jakob as sy bystand het,
wie se hoop gevestig is op die HERE, sy God —⁶ Hy wat hemel en aarde gemaak het,
die see, en alles wat daarin is,*
wat trou bly tot in ewigheid,⁷ wat die reg van verdruktes handhaaf,
aan hongeres brood gee.

*146:6 *Hy ... daarin is:* Eks 20:11; Jes 42:5; Hand 4:24; 14:15; 17:24; Op 10:6;
14:7

Die HERE bevry gevangenes;
⁸ die HERE maak blindes se oë oop;
die HERE rig dié op wat terneergedruk is.
Die HERE het regverdiges lief;
⁹ die HERE beskerm vreemdelinge;^w
vaderloses en weduwees help Hy op,
maar die pad van goddelose mense maak Hy krom.

¹⁰ Die HERE sal vir ewig regeer,
jou God, Sion, van geslag tot geslag.

Halleluja!

147

¹ Loof die HERE,
want dit is goed om ons God te besing;
ja, dit is aangenaam;
'n loflied is gepas.

² Die HERE herbou Jerusalem,
Hy maak die verstrooides van Israel bymekaar.

³ Dit is Hy wat dié met gebroke harte genees,
wat hulle wonde verbind;

⁴ wat die getal van die sterre bepaal,
aan hulle almal name gee.

^w**146:9** *vreemdelinge*: Dit is 'n persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. •Vreemdelinge wat tydelike verblyfreg by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet (Lev 19:34).

⁵ Ons Heer is groot en geweldig sterk;
aan sy insig is daar geen grens nie.

⁶ Die HERE help die verdruktes op;
goddelose mense verneder Hy tot in die grond.

⁷ Sing vir die HERE 'n danklied;
speel vir ons God op die lier,

⁸ *vir Hom wat die hemel bedek met wolke,
wat vir die aarde reën gereedmaak,
gras op die berge laat groei,

⁹ wat vir die diere hulle kos gee,
vir die jong kraaie wat krys.*

¹⁰ Dit is nie oor die krag van 'n perd
wat Hy Hom verheug nie,
nie die gespierde bene van 'n man
waarin Hy vreugde vind nie.

¹¹ Die HERE vind vreugde
in hulle wat vir Hom ontsag het,
wat hulle hoop vestig op sy troue liefde.

¹² Besing die lof van die HERE, Jerusalem,
loof jou God, Sion,

¹³ want Hy het die sluitbalke
van jou poorte sterk gemaak,
Hy het jou kinders in jou geseën.

*147:8 Hand 14:17

*147:9 *vir die jong ... krys*: Luk 12:24

¹⁴ Dit is Hy wat jou grense veilig stel,
jou met die vetste koring versadig,
¹⁵ wat sy bevel na die aarde stuur
— sy woord beweeg vinnig —
¹⁶ wat sneeu gee soos wol,
ysryp uitstrooi soos stof,
¹⁷ wat sy ys soos broodkrummels afgooi.
Wie kan voor sy koue standhou?
¹⁸ Hy stuur sy woord* en laat dit smelt;
Hy laat sy wind waai en water begin vloei.

¹⁹ *Hy maak sy woorde aan Jakob bekend,
sy vaste voorskrifte en wette aan Israel.
²⁰ Hy het nie so opgetree
teenoor enige ander nasie nie;
sy wette ken hulle nie.

Halleluja!

148

¹ Halleluja!

Loof die HERE uit die hemel;
loof Hom in die hoogtes.

² Loof Hom, al sy engele;

*147:18 *Hy ... woord:* Ps 107:20; Jes 52:7; Nah 1:5; Hand 10:36

*147:19-20 Deut 4:7-8; Ps 103:7; Rom 9:4

loof Hom, al sy hemelse magte.

³ Loof Hom, son en maan;

loof Hom, al die helder sterre.

⁴ Loof Hom, hoogste hemele^x

en die water wat bo die hemelkoepel is.

⁵ Laat hulle die Naam van die HERE loof,

want op sy bevel is hulle geskape;

⁶ Hy het hulle gevestig vir altyd en ewig.

Hy het 'n vaste orde bepaal wat nie verbygaan nie.

⁷ Loof die HERE vanaf die aarde —

seemonsters en al die diep waters,

⁸ vuur en hael, sneeu en newels,

stormwind wat sy bevel uitvoer;

⁹ berge en al die heuwels,

bome wat vrugte dra en al die seders;

¹⁰ wilde diere en al die vee,

diere wat kruip en voëls wat vlieg;

¹¹ konings van die aarde en al die volke,

aanvoerders en al die regeerders van die aarde;

¹² jong mans en ook meisies,

oumense saam met jongmense.

¹³ Hulle moet die Naam van die HERE loof,

want sy Naam alleen is hoog verhewe;

sy luisterrykheid strek oor aarde en hemel.

^x**148:4 hemele:** Volgens die destydse wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterrehemel en die derde hemel waar God woon.

¹⁴ Hy het sy volk sterk gemaak^y —
'n rede tot lof vir al sy troue volgelinge,
die Israeliete, die volk wat na aan Hom is.

Halleluja!

149

¹ Halleluja!

Sing vir die HERE 'n nuwe lied;*

besing sy lof

in die byeenkoms van getroue volgelinge!

² Laat Israel hom verheug in sy Maker,
die kinders van Sion juig oor hulle Koning.

³ Laat hulle sy Naam loof met koordans,
op tamboeryne en liere vir Hom speel.

⁴ Want die HERE is sy volk goedgesind;
Hy vereer verdruktes met oorwinning.

⁵ Sy getroue volgelinge moet jubel oor dié eer;
hulle moet juig, selfs op hulle beddens —

⁶ met verheerliking van God uit hulle kele
en tweesnydende swaarde in hulle hande,

⁷ om onder die nasies vergelding te eis,
straf uit te deel onder die volke;

^y148:14 *Hy ... gemaak*: Die idioom in Hebreeus is “Hy het 'n horing hoog gemaak vir sy volk”.

*149:1 *nuwe lied*: Ps 33:3; 40:4; 96:1; 98:1; 144:9; Jes 42:10; Op 5:9; 14:3

⁸ om hulle konings in kettings te slaan
en hulle hooggeplaastes in ysterboeie;
⁹ om die vonnis wat opgeteken is, oor hulle te voltrek.
Dit sal vir al sy getroue volgelingen
'n glansryke oorwinning wees.

Halleluja!

150

¹ Halleluja!

Loof God in sy heiligdom,
loof Hom in sy magtige hemelkoepel,
² loof Hom oor sy kragtige dae,
loof Hom na die omvang van sy grootheid.
³ Loof Hom met die geskal van ramshorings,
loof Hom met harp en lier;
⁴ loof Hom met tamboeryn en koordans,
loof Hom met snaarinstrument en fluit;
⁵ loof Hom met die klank van simbale,
loof Hom met die slag van simbale.
⁶ Alles wat asem het, moet die HERE loof!

Halleluja!